# Die Nederduitsch Hervormde Gemeente Potchefstroom

1842—1942

deur

Prof. Dr. S. P. ENGELBRECHT

*Verkrygbaar by Firma*
J. H. DE BUSSY — PRETORIA

# INHOUD.


Bls.

HOOFSTUK I

Die Aanleg van Transvaal ........ 7

HOOFSTUK II

Potchefstroom en die verskuiwing na Ohrigstad ........ 21

HOOFSTUK III.

*Die Eerste Diensjare van Ds.* Van der Hoff ........ 39

HOOFSTUK IV

Die Onafhanklikheid van die Kerk gehandhaaf ........ 53

HOOFSTUK V

Afskeiding en Onrus ........ 65

HOOFSTUK VI

Die Gemeente tot aan die Tweede Afskeiding ........ 77

HOOFSTUK VII

Van die Tweede Afskeiding tot aan die dood van Ds. Van der Hoff ........ 98

HOOFSTUK VIII

Die Dienstyd van Ds. C. W. du Toit ........ 111

SLOT ........ 146

Feesrede van Ds. du Toit 1927 ........ 147

Register ........ 155

## Hoofstuk I.

# DIE AANLEG VAN TRANSVAAL.

Die materialistiese opvatting dat landhonger die oorsaak van die Groot Trek was, kan wetenskaplik nie verdedig word nie. Die oorsaak het veel dieper gelê, en wel in die ontwaking van die nasionale selfbewussyn wat in die agtiende eeu nog sluimerende was, maar in die negentiende eeu wakker geskud is. Hierdie nasionale selfbewussyn is 'n vrug van die Kalvinistiese Hervorming wat van 1652 uit Holland na Suid-Afrika oorgeplant is. Die predikante wat gedurende die Hollandse bewind van die sewentiende en agtiende eeu hierheen gekom het, was alger—sonder een enkele uitsondering—Hollandse Kalviniste, al was daar miskien 'n paar wat van Duitse geboorte was. Na die Kerkhervorming en voor die Franse Rewolusie was daar byna uitsluitend in Holland, Engeland, Switserland en Amerika sprake van staatkundige vryheid. Dit was aan die Kalvinistiese beginsel te danke. Die Lutherse Reformasie het nie 'n skeppende gedagte gehad nie. In Duitsland is ook na die Hervorming die staatkundige lewe van die middeleeue voortgesit. Met die Kalvinisme was dit anders. Dit het 'n krag om uit 'n eie beginsel 'n eie stelsel vir die staatslewe af te lei, 'n krag wat aan sy republikeinse karakter selfs onder 'n monargale staatsvorm herken word. Kalvyn het gedoen wat Luther nie kon doen nie: hy het nasionaliteite gestig. Ook in Suid-Afrika. Hierdie nasionalisme, gebore uit die Kalvinisme, was teen die end van die agtiende eeu in Suid-Afrika so sterk dat dit kragtige lewenstekens begin gee het. Dit was ook die tyd van die Franse Rewolusie, en net soos dit in Amerika die geval was, het die Kalvinistiese vryheidsdrang tydelik met die vryheidsbeginsels van die Franse Rewolusie in een koers geloop. Maar waar hierdie twee hulle ont-

staan aan twee verskillende godsdienstige en lewensbeskouings te danke had en uit twee verskillende lewensbodems gegroei het, daar moes dit op 'n boedelskeiding uitloop. Die Franse Rewolusie wil die skepsel van sy Skepper emansipeer, terwyl die Kalvinisme weer juis die teenoorgestelde doen: dit wil die skepsel geheel en al aan sy Skepper onderwerp. Ons sien dieselfde twee onversoenbare beginsels by die Humanisme en die Kerkhervorming. Tot op sekere hoogte het altwee dieselfde doelstelling gehad, maar omdat altwee uit 'n ander lewensbeginsel gespruit het, moes daar 'n skeiding kom. Die Humanisme het in die mens gewortel terwyl die Kerkhervorming sy uitgangspunt in God geneem het.

Die boedelskeiding tussen die rewolusionêre vryheid van die Franse Rewolusie en die Kalvinistiese Volksvryheid—*die Christelike demokrasie—het in Amerika* plaasgevind, toe die volk aan die end van die agtiende eeu met beslistheid vir Genève en teen Parys gekies het. En toe Holland in 'n tyd van staatkundige koorsagtigheid sy deure vir die Paryse beginsels oopgesit het, was die Kalvinistiese vryheidsgedagte tog so sterk dat 'n samegaan met die Franse Rewolusie uitgesluit was. Dieselfde geld vir Suid-Afrika. Die beginsels van die Franse Rewolusie het hier nie ingang gevind nie. Hierdie Kalvinistiese vryheidsbeginsel het in Suid-Afrika geseëvier en gemaak dat hier geen bodem was vir beginsels van die rewolusionêre gedagtes om te ontwikkel nie. Hierdeur was dit dan ook dat die Groot Trek geen spore van rewolusie vertoon het nie. Dit was nie 'n onderstebokering van die bestaande orde nie, maar 'n rustige ont-*plooiing wat uiteindelik gevoer het tot die ontstaan van* twee veelbelowende Republieke en wat na die oorrompeling daarvan tot 'n kragtige Suid-Afrikaanse Nasionaliteit uitgegroei het.

Die Drakensberge het in die hele Trek-beweging 'n groot skeidsmuur gevorm waardeur dit in twee koerse uiteengeloop het. Die Voortrekkers aan die westekant van daardie berge het begin om hulle in die noordelike deel van die teenswoordige Oranje Vrystaat te vestig

met Transvaal as mikpunt en Delagoabaai as handelsplek. Aan die oostekant weer wou die mense Natal as hulle tuiste maak met Port Natal as seehawe. Die geskiedenis van die Voortrekkers aan die westekant van die Drakensberge gedurende die eerste nege jaar van die Trek het egter minder aandag geniet as dié aan die oostekant, Natal. Dit is heeltemal begryplik. Die verraderlike wyse waarop Piet Retief en sy manskappe deur Dingaan omgebring is, die moorde langs die Bloukrans- en Boesmansriviere en die slag van Bloedrivier met die gelofte wat nou nog jaarliks oor die lengte en breedte van die land herdink word, het gemaak dat die aandag van die nageslag wat die eerste jare van die Trek aanbetref, hoofsaaklik op Natal gevestig is. Tog is die gebeurtenisse ten weste van die Drakensberge, die wêreld van Potgieter, nie van minder belang nie. Waar Andries Pretorius op Dingaansdag en met die veldslae wat later daarop gevolg het, die kaffermagte ten ooste van die Drakensberge gebreek het, daar het Hendrik Potgieter dit met die slag van Vegkop en die veldslae wat daarop gevolg het, ten weste van die Drakensberge gedoen. Van die vroegste geskiedenisse van Natal het daar baie meer historiese dokumente oorgebly as van die Potgietertrek, en dit is soms moeilik om die geskiedenis van die Voortrekkers op die Vrystaatse Hoëveld en in Transvaal in die juiste perspektief te sien. Van die kerklike toestande onder Potgieter is daar nog minder bekend.

Die Kaapse Goewerneur, sir Benjamin d'Urban het hom in 'n brief aan lord Glenelg, die Britse Sekretaris van Staat in Londen, op 29 Julie 1837 op die volgende wyse oor die Trekkers uitgelaat :—

> It is (a) matter of deep regret that a large proportion of the Farmers who have emigrated are of the oldest and most respectable members of the District to which they belonged, and are in themselves, as a brave, patient, industrious, orderly and religious People, an incalculable loss to the Colony in whatever view they may be regarded—whether

> as the cultivators, the defenders, or the tax contributors of the country which they quitted, and from which they have also naturally carried away *all their property and possessions*, as well of moveables as of cattle, sheep and horses.

Hierdie eienskappe van die Voortrekkers het nie alleen gemaak dat hulle die skeppers was van 'n eie staatkundige organisme nie, soos voor die tyd in Suid-Afrika onbekend was, maar ook dat hulle 'n lewende geloofslewe had en die skeppers was van 'n selfstandige kerklike liggaam wat die krag van hulle hele beweging was. Die Kerk was by die Voortrekkers die vernaamste. Met hulle vertrek uit die Kaapkolonie het hulle alles agtergelaat wat nie met die ossewa saamgeneem is nie: huis en haard, plase, landerye, losse en vaste eiendomme en het in 'n nuwe land nuwe woonstedes gebou. Hulle het hulself vergoed losgemaak van alle Kaapse organisasies, staatkundige, sowel as kerklike, en in die nuwe land 'n nuwe eie staat in die lewe geroep en die Kerk daar georganiseer, net so los en vry van die Kaapse Kerk as wat hulle Republiek los en vry was van die Kaapse staatkundige organisme. Hulle het self hulle kerkraad ingestel en het alle moontlike moeite gedoen om 'n predikant uit die Kaapse Kerk te kry. Dit was egter tevergeefs. Die Kaapse Kerk was op pad om deur die Engelse gees geabsorbeer te word en was bitter teen die Trek gekant. Die nasionale dryfkrag van die Trek kon deur die Kaapse kerklike leiers nie verstaan word nie. Die skriba van die Kaapse Synode van 1837, ds. Wm. Robertson, het in die Trek niks anders kon sien as die „foolish idea" van 'n klomp half simpel mense. In woord en geskrif het hy teen die Trek ingegaan. Die Sinode van 1837 het 'n herderlike brief uitgevaardig om die mense te waarsku teen die Trek, om daardie „Nomaden" tog nie te volg nie, en by die agtergeblewenes aangedring om tog aan die Britse owerheid gehoorsaam te wees. Op aanbeveling van die Kaapse Goewerneur, sir George Napier, het verskillende predikante teen die Trek te keer gegaan. In 1840 wou ds. Reid van Colesberg en ds.

Taylor van Cradock die Voortrekkers in die Vrystaat gaan besoek en het daartoe verlof van die Ring van Graaff-Reinet gevra. Die Ring het aan ds. Taylor wel verlof gegee, maar onder uitdruklike voorwaarde om nie doop of Avondmaal onder die Trekkers te bedien nie. Dit was 'n sydelingse sensuur wat die Ring op die Voortrekkers toegepas het, en van die besoek het toe verder niks gekom nie. Die Ringspredikante was Skotte, aangestel *met die doel* om *die* Afrikaner *met die geestelike* swaard te beveg. Deur hierdie optrede het die bande tussen die Voortrekkers en die Kaapse Kerk losser en losser geword.

Die mense moes toe ander planne maak. By die Trek van Gert Maritz was 'n Hollander, 'n gewese sendeling, met die naam van Erasmus Smit. Hy was getroud met 'n suster van Maritz. Op aandrang van verskillende mense het hy toegestem om „ofschoon oud en ziekelijk," hulle as leraar te vergesel. Sommige mense, veral uit die laer van Potgieter, was nie met hom tevrede nie. Een beswaar was blykbaar teen sy ordening. Sy geestelike werksaamheid was tot Natal beperk, aan die oostekant van die Drakensberge.

Aan die westekant van die Drakensberge is die Ned. Hervormde Gemeente van Potchefstroom die oudste Voortrekkergemeente. As stigtingsdatum van 'n gemeente moet genoem word die dag toe die eerste kerkraad ingestel is. Potchefstroom het sy eerste kerkraad in 1842 gekry. In die Jaarboek van die Ned. Geref. Kerk word as stigtingsdatum van Winburg ook die jaar 1842 opgegee. Dit is egter foutief. Wel het eerwaarde *Lindley in daardie jaar kinders in daardie deel van die* Vrystaat gedoop, maar 'n kerkraad is nie ingestel nie. Dit is onseker wanneer vir die eerste keer 'n vaste kerkraad in die lewe geroep is. Voor 1844 het dit waarskynlik nie gebeur nie, want in die notule van die Natalse Volksraad word wel vermeld dat hierdie liggaam in opdrag van die Adjunk-raad, waar Winburg ook onder geval het, op 23 Februarie 1842 vir Potchefstroom 'n kerkraad aangestel het, maar van Winburg word niks

gesê nie. Bowedien was Potchefstroom in die vroegste jare die middelpunt van die Voortrekkers aan die westekant van die Drakensberge—nl. die teenswoordige Noordelike Vrystaat en die teenswoordige Transvaal. Dit was Andries Hendrik Potgieter wat hierdie wêreld vir die witman ontgin het.

Potgieter het, soos reeds gesê, sy oë op die Noorde gehad, op Transvaal, en volgens afspraak met hom het Trichardt in 1836 reeds oor die Vaalrivier getrek en daarna tot aan die Zoutpansberge deurgedring. Potgieter het begin om die grond tussen die Vet- en die Vaalrivier van die kafferkaptein Makwana te ruil. In die winter van 1836 is hy na die Noorde, na Trichardt, en het hom met sy trek aan die Zoutpansberge aangetref. Toe hy weer by sy laers op die gemelde gronde terugkom, vind hy dat die Matabele-hordes op punt was om sy mense uit te moor. Op 16 Oktober 1836 is die kaffers te Vegkop deur die Voortrekkers onder leiding van Potgieter verslaan. Soms word gesê dat Cilliers die leiding gehad het en nie Potgieter nie. Maar 'n kritiese bestudering van die historiese bronne voer mens maar tot één slotsom : dit was Potgieter wat die leiding op hom had by Vegkop.

Die eerste Voortrekkerbestuur is in Desember 1836 opgerig. Potgieter was daarvan die middelpunt. Onder sy leiding het die eerste strafekspedisie teen Silkaats in Januarie van die volgende jaar plaasgevind. Die afloop was baie suksesvol. Na die afloop daarvan, in April 1837, het Piet Retief hom met 'n nuwe trek uit die Kaapkolonie by die mense op die Vrystaatse hoëveld gevoeg. Retief wou nie die koers van Potgieter volg nie. Hy wou die Drakensberge oorgaan, Natal-toe. Potgieter het met hierdie koers nie saamgegaan nie. Hy wou 'n staat aanlê aan die westekant van die Drakensberge en hy had goeie redes. Hy het reeds, soos ons gesê het, 'n groot stuk grond geruil, het Silkaats al 'n heel ent uit die land verdryf en het aan 'n tweede strafekspedisie gedink. Ook het hy nie veel vertroue in Port Natal gehad nie omdat daar alreeds 'n soort Engelse nedersetting was.

Delagoabaai het hom dan ook meer aangestaan om as sy handelshawe te dien. Maar Retief en Maritz het volgehou om Natal-toe te gaan. Hulle was meer geleerd as Potgieter en het dadelik al 'n groot aanhang gehad, hoewel baie van die eerste Trekkers aan Potgieter se koers vasgehou het.

Na die koms van Retief is 'n nuwe Voortrekkerbestuur in die lewe geroep en Potgieter is heeltemal geëlimineer. Daar is gemaak of hy en sy ingestelde bestuur nie daar was nie. Waarskynlik was die twee koerse, Natal en Transvaal, die agtergrond van die uitskakeling van Potgieter. Terwyl hy hom vir 'n tweede strafekspedisie teen Silkaats klaarmaak, het Retief voorbereidings getref vir 'n besoek aan Dingaan om van hom grond te kry. Retief se besoek het in Oktober geval en Potgieter se strafekspedisie in November. Retief het die belofte van Dingaan ontvang dat hy onder sekere voorwaardes grond kon kry. Potgieter se strafekspedisie het baie goed geslaag. Silkaats is uiteindelik tot oor die Limpopo gedryf en sy gebied is deur die Voortrekkers geannekseer. Hulle kon nou rustig oor die Vaalrivier trek en daar gaan woon. Retief het met sy mense oor die Drakensberge getrek nog voordat hy finaal die grond van Dingaan ontvang het. Hy is op 6 Februarie 1838 in Dingaan se stat vermoor en twee weke later is baie Voortrekker-laers by Bloukrans uitgemoor.

Hiermee is Potgieter se weersin in Natal versterk. Na die vermoording van Retief het Uys en Maritz die leiding van sake gehad, maar hulle is in dieselfde jaar albei dood. Uys wou Dingaan gaan aanval en Potgieter se hulp is ingeroep. Hy het gegaan. Die afloop van hierdie Uys-ekspedisie en die drama van Italeni is bekend. Potgieter het Natal verlaat, nog meer oortuig dat die heil aan die westekant van die Drakensberge gelê het. Waar hy teen die kaffers opgetree het, het hy sukses gehad, wat nie van Retief en Uys in Natal gesê kon word nie. Daar word alleen op hierdie dinge gewys om die gemoedsgesteldheid en die houding van Potgieter te verstaan. Hy het die dinge in hierdie lig gesien.

Die loop van sake in Natal is bekend. Met die slag van Bloedrivier op 16 Desember 1838 en die strafekspedisies wat daarop gevolg het, is die mag van die Zoeloes ten ooste van die Drakensberge gebreek, net soos Potgieter die Matabelemag ten weste van die Drakensberge gebreek het. Vegkop en Bloedrivier vorm saam 'n eenheid. Die een sonder die ander sou 'n onvoltooide werk gewees het.

Na die goeie afloop van die tweede strafekspedisie teen Silkaats het Potgieter se mense hulle meer en meer oor die Vaalrivier gevestig en self het hy dit ook gedoen, waarskynlik na sy terugkoms uit Natal van die Italeni-katastroof. Teen die end van 1838 is die eerste Voortrekker-dorp deur hom gestig met die naam Potchefstroom. Mens vind verskillende afleidings van hierdie naam; party daarvan getuig van 'n volslae gebrek aan kennis van die geskiedenis van die Voortrekkers. As mens al die bronne ontleed dan is daar maar een gevolgtrekking: die naam Potchefstroom kom van Pot = Potgieter, chef = hoofkommandant, stroom = die Mooirivier. Die dorp is nie op dieselfde plek aangelê waar dit nou is nie, maar 'n paar myl noordwaarts. Op 26 November 1841 het die Raad besluit om die dorp te verskuif. Dit het plaasgevind onder bestuur van P. F. Strydom wat 'n paar maande later as diaken aangestel sou word. Die eerste landdros was Johannes Hermanus Grobler. Hy sou later ageer as waarnemende President toe M. W. Pretorius (1860) na die Vrystaat is.

Potgieter het sy trek deur 'n Raad regeer. Maar oor die werksaamhede van hierdie Raad en sy verhouding tot die gewone krygsraad weet ons deur gebrek aan gegewens vrywel niks. Op 3 September 1840 was daar 'n brief van die voorsitter van hierdie Raad, nl. Casper Kruger, die vader van die latere president Kruger, voor die Natalse Volksraad, waarin die wens uitgespreek is om met Natal te verenig. Die Natalse Volksraad het toe 'n kommissie onder leiding van komdt. genl. A. W. J. Pretorius na Potchefstroom gestuur, met die gevolg dat daar op 16 Oktober 'n vergelyk getref is tussen die twee

Voortrekkergemeenskappe ten ooste en ten weste van die Drakensberge, en dit tot één „Maatschappij," d.w.s. *Republiek, saamgesmelt is, onder één Volksraad wat in* Pietermaritzburg sou setel. Kommandant-generaal A. W. J. Pretorius sou onder hierdie Volksraad die hoofbestuurder in Natal wees, en Hoofkommandant A. H. Potgieter weer ten weste van die Drakensberge [1]). In hierdie Potchefstroomse ooreenkoms tussen Pretorius en Potgieter kom een bepaling voor, art. 5, waarop gewys moet word. Dit is naamlik vasgestel dat die doop deur sendelinge aan blanke kinders buitekant die grense van die „Maatschappij" toebedien, vir onwettig gehou sou word. Hieruit blyk die begeerte om ook kerklik die skeidslyn tussen Blank en Swart te handhaaf. Die doop is 'n inlywing in die gemeente van Christus wat hier op aarde in die sigbare kerk na vore tree, en as die kind van 'n blanke buite die grense van die Voortrekkerstaat deur 'n sendeling *gedoop word, dan word so'n kind dus in die gemeente* van die swartes ingelyf, en dit is gelykstelling. Wel het vroeër sendeling Archbell kinders van witmense gedoop, maar dit was namens die blanke gemeente, en dus nie 'n inlywing in die kaffergemeentes nie.

In Februarie 1841 het Potgieter en Casper Kruger sitting geneem in die Natalse Volksraad. Toe is besluit *dat Potchefstroom die reg sou hê op 'n Adjunkraad.* Van die aktiwiteite van hierdie Adjunkraad is vrywel niks bekend nie. Daar het geen notule van bewaar gebly nie. In elk geval kan gekonkludeer word, dat dit waarskynlik die voortsetting was van die ou Potgieter-raad.

Die Potgieter-raad het sowel as die Adjunkraad ook vir die godsdienstige belange van die emigrante gesorg. Nog voor die *vereniging* van 16 Oktober 1840 het die Natalse Volksraad David Francois Jacobs as ouderling en katigiseermeester aangestel [2]). Hy het toe

[1]) Tr. Arg. Soutter *Koll.* 2, no. 2—*Die titels van Kommandant-generaal en Hoofkommandant was heeltemal gelykwaardig, en beteken dieselfde.*

[2]) Notule Natalse Volksraad, 3 Jan. 1840, art I.

waarskynlik in die Winburgse wêreld gewoon, maar het later na Suikerbosrand, die teenswoordige distrik Heidelberg getrek.

Op 1 November is uit Potchefstroom die volgende kollektelys uitgestuur vir die bou van 'n kerk op Potchefstroom. Dit word hier in sy geheel weergegee:

Potscheffstroom,

den 1ste November 1841.

Waarde Broeders Landgenoten en mede Lee-(de)maten der Hervormde Kerken, benevens alle Christelijke Kerken van Zuid Afrika,

Wij ondergeteekendens van deze Nie(u)we bewoonde waarelddeel wenden ons met eene Christelijke verzoek aan elk en een iegelijk die zulks ter harte mogte gaan, en een deel we(n)ste te hebben door een Gesticht alhier opterichten, alwaar wij onze God en Schepper van 't geheel al in kunnen dienen op dat wij door een opregt harten uit genade het eeuwige gelukzaligheid mogte beërven.

Zoo dan Broeders en Vrienden zij het u alle kennelijk, hoe wij hier in deze landstreek zij geraaken, en door de Hijdensche bloeddorstigen Aardsche Tijrannen zijn gereuneerd geworden, zoo Goed, als Bloed, en dien wijze zeer verarmd is geworden en nu niet in staat zijnde van onze zijde alleen een Kerk of zoodanig Gestigt te doen bouwen is dus de reden dat wij ootmoediglijk verzoek, dat elk en een iegelijk hunne behulpzame hand wilde bieden te geven na hunne vermoogen hoe gering het ook zij, met alle dank zal worden aangenomen.— En worden de Broeders & vrienden verzocht welke daartoe geneegen is iets te geven, als dan dezelve

aan den Broeder en vriend Johannis Hendrik Schoeman aftegeven.

H. Potgieter Comdant
P. J. van Stade Kerkraad
G. J. Krieger veld Cornet
N. Grobler veldcornet
J. S. J. van Rensburg v. cornet
P. J. Lou Landeros
Heemraden F. C. Elof, W. A. du Plisie
M. C. Jacobs, R. P. du Toit
G. S. Maree.

Hierdie lys is nie deur 'n volle kerkraad onderteken nie, maar deur krygsoffisiere, landdros en heemrade, en ook deur P. J. van Staden, as kerkraad. Oor die aanstelling van laasgenoemde in hierdie funksie is daar geen gegewens beskikbaar nie. Vermoedelik is hy nog deur die ou Raad van Potchefstroom as sulks aangestel om die geestelike versorging van die Potgieter-mense waar te neem. Die Adjunkraad het al spoedig 'n nominasie vir drie ouderlinge en vier diakens opgemaak en dit aan die Natalse Volksraad vir aanstelling voorgedra. Die Natalse Volksraad het hierdie voordrag op 23 Februarie 1842 goedgekeur [3]). Dit was die eerste kerkraad van Transvaal, en van dié dag af kan ons Potchefstroom as 'n georganiseerde gemeente noem. Die name van hierdie kerkraadslede was as volg : David Francois Jacobs, Frederik Gerhardus Wolmarans, Petrus Johannes van Staden as ouderlinge en Pieter Frederik Strydom, Pieter du Preez, Gabriel Maree en Stephanus Petrus Viljoen as diakens. Die Amerikaanse sendeling Daniel Lindley wat in Januarie 1840 deur die Natalse Volksraad as predikant onder die Voortrekkers aangestel is, het hierdie kerkraad bevestig. Lindley se voorganger was Erasmus Smit, wat deur Piet Retief aangestel was. Ná die dood van Retief het Smit vrywel alle steun verloor, want hy was nie baie gewild nie. Hy maak ook die indruk van 'n ou sukkelaar. Lindley is kort na die benoeming van hierdie

[3]) Notule Natalse Volksraad 23 Feb. 1842, art 6.

Wes-Drakenbergse kerkraad daarheen om kerk te hou. Hierdie eerste kerkviering op Potchefstroom het op 26 en 27 Maart 1842 plaasgevind. Potgieter het agt dae later, op 4 April, aan Pretorius geskryf „dat er een aanzienlijk schaar tegenwoordig was." Daar was altesaam 190 waens. Lindley het by die geleentheid 189 kinders gedoop en 103 lidmate aangeneem. Die naam van die eerste dopeling wat in die doopboek geregistreer is, is dié van 'n kind van Hendrik Potgieter:

| | |
|---|---|
| Dorothea, | gebore 7 Mei 1841.<br>gedoop 27 Maart 1842. |
| Ouers: | Andries Hendrik Potgieter,<br>Elizabeth Helena Bota. |
| Getuie: | Abraham Pelster.<br>Gertruida Potgieter. |

Oor bogenoemde kerkraadslede kan die volgende meegedeel word:

F. G. Wolmarans. Hy is op 15 November 1788 in die Kaapkolonie gebore en was getroud met Catharina Maria le Roux. Hy het tot die Potgieter-mense behoort en het reeds in Maart 1840 in Transvaal gewoon. Hy was 'n kerkman by uitnemendheid, die „leidsouderling" in daardie dae, en is op 28 April 1872 op die plaas Boschhoek, distrik Potchefstroom, oorlede. Ouderling A. D. W. Wolmarans was 'n kleinseun van hom en prof. dr. H. P. Wolmarans en ds. W. Wolmarans is sy agterkleinkinders.

D. F. Jacobs. Hy is 20 Mei 1786 in die distrik Graaff-Reinet gebore en is later met Martha Sophia van der Merwe getroud. Reeds in 1820 was hy kerkraadslid van die gemeente Beaufort Wes, en ook voorleser. Hy is op 24 Junie 1875 op die plaas Elandsfontein, distr. Heidelberg, oorlede in die huis van sy skoonseun Pieter D. Jacobs.

P. J. van Staden. Hy is afkomstig uit die distrik Uitenhage, en is op 11 Mei 1804 gebore. Hy het tot die Trek van Potgieter behoort en het hom later in Magalies-

berg gevestig en is op 3 Junie 1892 op die plaas Dorenbosch, distr. Rustenburg, oorlede. Die teologiese student A. J. van Staden is 'n agter-agterkleinseun van hom.

P. F. Strydom. Hy is op 26 Junie 1800 gebore en was met Cornelia Maria Lindeque getroud, en is die stamvader van die grootste deel van die Heidelbergse Strydoms. Ds. P. J. Smit van Boksburg is 'n agterkleinseun van hom. Hy is op 24 September 1887 op sy plaas Kafferskraal, dist. Heidelberg, oorlede.

P. du Preez. Hy het later in die distrik Zoutpansberg gewoon.

G. Maree. Hy was 'n Lydenburger.

S. P. Viljoen. Hy is in 1793 op Wintershoek in die latere distrik Uitenhage gebore, en is met Hendrina Maria van Staden getroud. Op 14 Oktober 1873 is hy op die plaas Witkop, dist. Potchefstroom, oorlede. Ds. S. P. Viljoen van Zeerust is 'n agterkleinseun van hom.

Lindley was einde Mei en begin Junie 1844 weer in Potchefstroom, en het by dië geleentheid 124 kinders gedoop en 18 lidmate aangeneem.

In 1842 het daar 'n ommekeer op staatkundige gebied gekom wat sy invloede ook op kerkelike gebied sou laat geld. Die Engelse het besit geneem van Natal en in Julie het die Volksraad hom daaraan onderwerp [4]). Potgieter was baie ontevrede oor hierdie onderwerping aan die Engelse en die Adjunkraad van Potchefstroom het in Oktober aan die Natalse Volksraad geskryf dat hulle nie meer daaronder wou staan nie. Potgieter het op 3 Oktober 1843 aan H. Cloete die Kommissarisgeneraal in Natal, kennis gegee dat hy en sy mense geen deel het aan die onderwerping van die Natalse Volksraad aan Engeland nie, en nie daardeur gebind word nie. „Alle naasies zijn vreij en goed waar sij wil; en wij als vreij geboren hoopen ook onafhankelijk en vreij ons eijgene saaken te bestieren." Die Potchefstroomse Adjunkraad het nou selfstandig opgetree en is tot 'n Burgerraad omgeskep. In April 1844 het hierdie Burgerraad

---

[4]) J. Bird: The Annals of Natal (1888) vol. II, bls. 64.

die Voortrekker-republiek opnuut gekonstitueer en in Potchefstroom 'n grondwet opgestel wat as die Drie-en dertig Artikelen bekende gestaan het. Hierin is 'n belangrike beginsel neergelê: as die wette van die Republiek te kort sou skiet dan moes die Hollandse wette toegepas word. Met ander woorde, hulle wou hul op juridies gebied nie na die Kaapkolonie oriënteer nie waar dit alles Engels was, maar na die ou Moederland, na Holland. Hierdie selfde beginsel is later op kerkelik gebied ook baie sterk beklemtoon, ook op kultureel gebied [5]).

---

[5]) Hierdie beginsel het gemaak dat daar in die Kaapkolonie en veral by die latere half verengelste intrekkers wat daarvandaan in Transvaal gekom het, 'n Hollander-haat ontstaan het. Dit kan maar tot een oorsaak teruggevoer word: in Transvaal was daar die ou Voortrekker-element wat kultureel nie verengels was nie, en dan die element van Kaapse Afrikaners wat grotendeels sonder dat hulle daar bewus van was, 'n Engelse inhoud had. Dit gee ook die oplossing van die latere kerklike moeilikhede.

## Hoofstuk II.

## POTCHEFSTROOM EN DIE VERSKUIWING NA OHRIGSTAD.

In 1845 het daar 'n baie groot verandering in Transvaal gekom. Daar het 'n verskuiwing in Noord-oostelike rigting plaasgevind, sodat Potchefstroom nie meer die enigste sentrum van die Trekker-gemeenskap in Transvaal was nie. Potgieter was in 1844 in Delagoa-baai om Smellekamp te ontmoet. Laasgenoemde het hom toe aangeraai om hom ten Noorde van die Ses-en-twintigste breedtegraad te vestig, omdat hy gemeen het dat Engeland van die Kaap tot daar op dié wêreld aanspraak maak. Dit was egter onjuis. Ook het hy Potgieter daarop gewys dat dit, met die oog op handelsbetrekkings, beter sou wees om nader aan die Baai te wees.

In dieselfde jaar het die uittog uit Natal na Transvaal begin. Die eerste huisgesin hiervan was die van J. J. Burger, die vroeëre sekretaris van die Natalse Volksraad [1]). Hy was 'n ander soort mens as Potgieter. Hy was 'n Bolander, gebore in Stellenbosch, en het meer skoolonderwys gehad as die meeste Voortrekkers, en kon die pen tamelik goed hanteer. In Desember 1838 het hy in Natal aangekom [2]) en al gou lid en sekretaris van die Volksraad geword. As sulks het hy 'n groot invloed uitgeoefen. Die gebrek van die Natalse Volksraad was dat daar nie 'n sentrale uitvoerende gesag was nie. Die enigste hoë amptenaar was die Kommandantgeneraal, 'n pos wat deur A. W. J. Pretorius beklee is. Burger het teen Pretorius begin intrigeer, met die bedoeling om hom te elimineer en die invloed van die sekretaris van die Volksraad te handhaaf. Toe hy in

---

[1]) Dr. S. P. Engelbrecht: Gesch. Ned. Herv. Kerk (eerste druk) deel I, bylae bls. III.

[2]) Dagboek van Erasmus Smit, 20 Des. 1838.

Transvaal kom, het hy dieselfde teen Potgieter gedoen. Potgieter was as Hoofkommandant ook tewens die enigste uitvoerende gesag van die Raad. Maar toe hierdie intrekkers uit Natal in Transvaal kom, wou hulle die ou Natalse regeringsvorm, wat daar reeds dood geloop het, net so in Transvaal voortsit. Dit was nie na die sin van die Potchefstromers nie, want daar was geen rede om 'n verandering in die bestaande regeringsvorm te bring nie. Hulle was tevrede met die bestaande Raad, en Potgieter as die hoogste uitvoerende amptenaar. Dit moes op moeilikheid uitloop. Hier het nog bygekom dat Burger gemeen het dat hy en sy mense die „beschaafste classe" was en Potgieter se mense „ellendelingen" [3]. Hy het selfs in April 1847 aan Smellekamp in Europa geskryf, dat hy en sy mense vir beskawing en wette was, wat nie die geval met Potgieter en sy mense sou wees nie [4]. By 'n noukeurige vergelyking word dit egter duidelik dat die wetgewing van die Raad van die Potgieter-gemeenskap in Transvaal glad nie vir die van die Natalse Volksraad van Burger behoef terug te staan nie. In Transvaal het die mense selfs met die Drie-en-dertig Artikelen 'n grondwet gehad, iets wat in Natal ontbreek het.

Die Raad het met die verhuising na Ohrigstad nonaktief geword en die Potchefstromers het gereken dat hulle voorsorgsmaatreëls moet neem om die gesag van Potgieter teen die intrekkers uit Natal te beveilig. Hulle het op 6 Mei 1845 'n besluit geneem dat Potgieter, wat tot dusver hulle „bestierder" was, dit in die toekoms sou bly, dat al die kommandante wat van elders (nl. Natal) inkom, aan hom as hoofkommandant onderworpe sou wees, en dat hy altyd 'n stem in die Raad sou hê. Burger het hierdie besluit ook onderteken [5].

In Andries Ohrigstad, die nuwe dorp wat hulle gestig het, is toe 'n nuwe Volksraad gekies. Potgieter

[3]) Volksraadsnotule van Ohrigstad, 20 Jan. 1846, art. 6. Burger het, soos ook hier, meermale sy eie beskouings in die notule geskryf in plaas van die gebeurde op die vergadering.

[4]) Dr. S. P. Engelbrecht: Gesch. Ned. Herv. Kerk (eerste druk) deel I, bylae bls. III.

[5]) R. 108/45. Voortr. Argiefstukke, bls. 182-184.

en sy mense het dit as die voortsetting van die Potchefstroomse Raad beskou, maar vir Burger en sy aanhang was dit 'n herlewing van die ou Natalse Volksraad. Burger het deur sy meerdere skoolse ontwikkeling ook hier sekretaris van die Volksraad geword en het dus 'n bepaalde oorwig gehad. Potgieter se mense het dit nodig gevind om op 1 Augustus die genoemde besluit van 6 Mei, wat ook deur Burger onderteken was, in sterker bewoording te herhaal. Dit was teen Burger gemik, omdat hy nou teen Potgieter opgetree het. Dit het 'n breuk veroorsaak. Potgieter se mense het hulle om hul ou leier geskaar. Onder sy leiding het hulle die land skoongemaak, deur die ruiling van die gronde tussen die Vet- en Vaalrivier van Makwana, en later deur die verdrywing van Silkaats uit Transvaal. Hierdie gebiede was nog altyd vry, terwyl die Engelse Natal van die ander mense afgeneem het. En nou wil hulle Potgieter, die enigste Emigrant-hoof wat staande gebly het, van die leierskap ontroof. So het die Potgieter-mense geredeneer. Dit was inderdaad die grondfout van Burger en sy aanhangers dat hulle met die bestaande geordende toestande geen rekening gehou het nie, en gemaak het as of die Regering in Transvaal met hulle koms eers aangelê is. Daar het dan ook 'n Potgieter- en 'n Burger-party ontstaan [6]. Dit is egter onjuis om voor te stel dat Potgieter die gesag van die Volksraad nie wou erken nie. Hy was nooit teen 'n Volksraad as hoogste gesag nie. In Potchefstroom het hy 'n Raad gehad, en in Andries Ohrigstad het hy die Volksraad help oprig— vir hom die voortsetting van sy Potchefstroomse Raad, en vir Burger die voortsetting van die Natalse Volksraad. Maar die verskil was dat die Potchefstroomse Raad in die persoon van Potgieter 'n „hoofbestierder" had, 'n uitvoerende amptenaar, wat later in die Republiek

[6]) Hierdie Burger-party het later die Lydenburgse party geword, waarvan H. T. Bührmann die aanvoerder was. Dit was die oorsaak van die latere staatkundige en kerklike moeilikhede. Pretorius en Potgieter het glad nie so baie met mekaar verskil nie. Dieselfde geld van hulle opvolgers. Dit was gewoonlik Bührmann wat die aanstoker was.

die „staatspresident" genoem is. In Natal wou hulle nie van so'n uitvoerende amptenaar hoor nie en daarom het hulle probeer om Pretorius daar te elimineer. Burger het sy Natalse tradisie in Transvaal kom voortsit [1]).

Die verwarring was baie groot en die Volksraad het opgehou om te funksioneer. Burger het sy mense saamgeroep en op 'n vergadering van 51 persone het hulle hom opdrag gegee om die Volksraad te rekonstitueer. Dit is gedoen, en vir die res van sy bestaan in Andries Ohrigstad was hierdie liggaam niks anders as 'n organisasie van Burger nie.

Potgieter het nou teruggeval op die besluite van 6 Mei en 1 Augustus 1845. Hy wou die regering in eie hande neem en die hele Burger-Volksraad ontbind. Op 20 September het hy 'n vergadering gehou waar 222 mense aanwesig was, dus meer as vier keer soveel as op die Burger-vergadering. Daar is besluit om 'n ander staatsreëling in te stel en 'n Potgieter-regering is in die lewe geroep. Potchefstroom en Magaliesberg het by Potgieter gestaan. So was daar dus twee regerings in Andries Ohrigstad, 'n wantoestand wat ontstaan het omdat Burger en sy mense uit Natal hulle nie aan die bestaande toestande onder die Potgieter-bewind in Transvaal wou onderwerp nie.

Die toestand het baie ernstig geword en dit het gelyk of tot wapengeweld oorgegaan sou word. Dit het gelukkig nie hierdie wending geneem nie. Die twee partye het ooreengekom om hulle geskille nie self te besleg nie, maar om te wag op die terugkoms van Smellekamp en hom as arbieter te laat beslis. Hierdie besluit sou baie

---

[1]) Die Lydenburgers het in die begin die invoering van 'n sentrale uitvoerende gesag sterk bestry en dit was deur die afwesigheid van so'n gesag, dat daar in die jare vyftig so baie moeilikhede in Transvaal was. Potgieter en Pretorius was albei tengunste van so'n sentrale gesag. Toe M. W. Pretorius President geword het, het die Lydenburgers hom beskuldig dat hy homself „koning" wou maak. Al die briewe met hierdie opstokende beskuldigings is deurgaans in die handskrif van Bührmann.

Hierdie Potgieter-Pretorius rigting wat 'n sentrale gesag voorgestaan het, het uiteindelik gewen.

nadelige gevolge hê, want die optrede van Smellekamp sou vir die Hollands-Afrikaanse saak baie skadelik wees. Hy was vroeër 'n kantoorbediende in Amsterdam by De Vos en Zoon, makelaars in assuransies. Later het hy 'n klein likeurstokery gehad, wat egter nie 'n sukses was nie. Hy het toe na Parys gegaan om sy geluk daar te beproef. 'n Amsterdamse handelshuis het in 1841 'n skip „Brazilië" na die Voortrekkers in Natal uitgerus, met kommersiële en kulturele bedoelings. Smellekamp is gevra om as handelaar met die skip saam te gaan. Hy was hieroor „zeer opgewonden" en het aan sy familie voorgegee „van eene zeer aanzienlijke bestemming te hebben verkregen en op weg te zijn om een groot fortuin te maken." Die Voortrekkers het in Pieter Maritzburg hom as Hollander baie hartlik ontvang, want hulle het in die aankoms van die skip 'n weg gesien om met die ou Moederland in verbinding te kom. Smellekamp het dan ook aan sy familie in Amsterdam berig dat hy „met de grootste onderscheiding, ja vorstelijk" ontvang is [8]). Dit was vir die opgewonde vroeëre Amsterdamse kantoorbediende te veel en het hom na sy kop gestyg. Hy het homself groter gevoel en groter voorgestel as wat hy werklik was. Hy het aan hoëre politiek begin doen en het die Voortrekkers in Natal onder die indruk gebring dat hulle uit Holland op hulp teen Engeland kon reken, noudat die Britse regering met die anneksasie begin dreig het. Die Natalse volksraad het toe 'n brief aan koning Willem II van Nederland geskryf en die land aan hom oorgemaak [9]). Smellekamp sou die bemiddelaar wees. Dit moes natuurlik op 'n fiasko uitloop, en het gemaak dat Pretorius later niks met hom te doen wou hê nie, omdat hy die mense in Natal mislei het [10]). Burger, wat as sekretaris van die Natalse Volksraad die hele Smellekamp-episode daar meegemaak het, het egter in hom bly glo en hom bly vertrou, en hierdie

---

[8]) Die Amsterdamse Kommissaris van Polisie in 'n brief aan die Minister van Finansies, 22 September 1842.

[9]) Notule Natalse Volksraad, 25 April 1842, art. 1.

[10]) J. Stuart: De Hollandsche Afrikanen, bls. 197.

blindelingse vertroue het hy later op Bührmann oorgedra.

Smellekamp het egter voorlopig nog nie opgedaag nie en Potgieter se aanhang het in Andries Ohrigstad tot 'n minderheid geslink omdat sy mense na Potchefstroom en Magaliesberg begin terug trek het. Hy self het begin September 1847 die streek self ook verlaat, en hom in Zoutpansberg gevestig. Die Volksraad het die plase van die mense wat weggetrek het, verbeurd verklaar, waardeur die skeuring groter geword het.

Smellekamp het in Junie 1848 weer met 'n skip in Delagoabaai aangekom. Hy het 'n skoolmeester met hom saamgebring, H. T. Bührmann [11]). Smellekamp kon nie saam gaan na Andries Ohrigstad toe nie, maar het met Bührmann afgespreek om te handel as dit nodig was. Hierdie persoon was vroeër ook 'n kantoorbediende in Amsterdam. Hy het sy skoolmeesterskap, waarvoor hy uitgestuur was, nooit aanvaar nie, en wou die rol van politikus onder die Voortrekkers speel.

Dit spreek vanself dat die kerkelike toestande onder hierdie ongereeldhede baie moes ly. Van 'n kerkbou in Potchefstroom het tot dusver nog niks geword nie. Eers het mens die verplasing van die dorp self gehad, en daarna die verskuiwing van die grootste deel van die bevolking na Ohrigstad, waar die ongereeldhede weer alle kerklike aktiwiteite verlam het.

Potgieter was 'n godsdienstige persoon en het steeds die geestelike belange van sy mense behartig. Van predikante uit die Kaapkolonie was hy egter nie gediend nie. Die Engelsgesindheid wat daar hoogty gevier het, het hom van hulle afkerig gemaak. Hy het dan ook reeds in 1844 probeer om buite die Kaapse kerkorganisasie 'n predikant uit Holland te kry en op 17 Oktober het sy Raad uit Potchefstroom dan ook hieroor aan Smelle-

---

[11]) Hy was van Duitse afkoms en is op 21 Maart 1822 te Amsterdam gebore. Sy vader was Johannes Rudolf Bührmann en sy moeder Henriette Charlotte Schreiber. Smellekamp het hom saamgebring om school te hou; sien brief van laasgenoemde aan Volksraad op 5 Aug. 1848, V.R. 53/48.

kamp wat in Amsterdam was, geskryf [12]). Aan sy wetgewing en bestuur het 'n godsdienstige beginsel ten grondslag gelê. Op die publieke vergadering van sy mense op 22 en 23 September 1846 is bepaal dat die Bybel „altoos als de hoogste wet onder ons zal en moet worden erkent." Ook is daar vasgestel dat elke paar wat gaan trou twee Ryksdaalders in 'n fonds moes stort wat vir kerkelike doeleindes gebruik sou word, en dat die huwelikskommissarisse op Potchefstroom, Winburg en Andries Ohrigstad moes sorg dat een van hulle op hierdie dorpe elke Sondag die godsdiensoefeninge waarneem en „vooral niet nalatende die Tien Geboden des Heere de toehoorders by iedere gelegendheid voor te houden." [13]). Dit is aan die huweliks kommissarisse opgedra omdat hulle as besoldigde amptenare op of by die dorpe gewoon het.

In 1847 het die Kaapse Synode besluit om 'n deputasie te stuur om die mense in die suidelike dele van die Vrystaat langs die Modder- en Rietriviere te besoek, dus juis die streke waar 'n nie-Voortrekker-element gewoon het, wat beslis onder die Engelse vlag wou staan. Hierdie deputasie het uit di. A. Murray (Sr.) en P. K. Albertyn en Oud. B. Pienaar bestaan. Hulle het in Maart 1848 vertrek. Die Vrystaat was juis deur sir Harry Smith geannekseer, en hy het 'n maand tevore Andries Pretorius met die geestelike swaard gedreig, die geestelike swaard in die vorm van Engelsgesinde predikante en onderwysers wat hy onder die Voortrekkers sou instuur. Hy het dus uit die aard van die saak baie belang in die deputasie gestel. Hulle het dan ook in privaat gesprekke die Voortrekkers met die Britse vlag probeer versoen. Dit kon tewens nie anders nie : „wiens brood men eet, diens woord men spreekt" en dit was nie die Kaapse Kerk wat hulle reiskoste betaal het nie, maar sir Harry Smith [14]). Dit was die eerste poging van

[12]) Prof. U. G. Lauts: De Kaapsche Landverhuizers (Londen 1847) bls. 134-135.

[13]) Soutter Kolleksie, Pk. I No. 6a, art. 11, 20 en 21.

[14]) A. Dreyer : Die Kaapse Kerk en die Groot Trek, bls.139.

hom om sy dreigement van die geestelike swaard uit te voer.

Di. Murray en Albertyn het van 10 tot 19 April in die Potchefstroomse Gemeente dienste gehou. Die voormanne was baie agterdogtig teen hulle, veral Andries Pretorius wat hom net in Transvaal gevestig het. Hy het ds. Murray persoonlik uit Graaff Reinet geken, het sy gesindheid geken, en het nie een van hulle dienste bygewoon nie. Hoewel ook teen hulle sin, was die mense tog verplig om hulle kinders te laat doop en die awondmaal te ontvang. Daar is op 10 April 3 kinders gedoop, op 16 April 56, op 18 April 58 en op 19 April 80. Tesame 197. Al die name is in die Potchefstroomse register opgeskryf, want die Potchefstroomse Gemeente het die hele Transvaal omvat. Met die kerkelike organisasie het die twee predikante hulle nie besig gehou nie. en daar is ook geen kerkraadsvergadering gehou nie.

In Oktober 1848 het die Brits gesinde element uit die streek van die Modder- en Rietrivier die Kaapse Synodale Kommissie versoek om weer 'n predikant na hulle te stuur. Die Moderator, ds. P. E. Faure, en die Aktuarius, ds. A. Faure, het hulle met sir Harry Smith in verbinding gestel en hy het sy verlange te kenne gegee dat daar weer 'n deputasie moes gaan, en dat sy regering die koste sou dra. Die Synodale Kommissie het toe besluit om dr. William Robertson en ds. P. E. Faure „in accordance with the wishes of his Excellency" as deputasie aan te stel. Let dus wel : sir Harry Smith het nie alleen die koste van die deputasie gedra nie, maar ook die persone daarvoor uitgesoek. Hulle het dan ook as afgesante van sir Harry Smith hulle uiterste bes gedoen om die mense in die Vrystaatse gebied wat deur sir Harry Smith geannekseer is, met die Britse vlag tevrede te maak en met die anneksasie te versoen. [15]). Sir Harry Smith wou die huwelike wat die Voortrekker landdroste gesluit het, nie erken nie, en Robertson en Faure het in opdrag van sir Harry Smith daardie mense oorgetrou voor hulle die kinders wou doop. Een paar

[15]) A. Dreyer, bls. 140-141, 149, 151.

is selfs oorgetrou terwyl die vrou reeds 'n tyd vantevore oorlede was!

Op 17 Desember het hulle op Potchefstroom 142 kinders gedoop, op 21—23 Desember in Magaliesberg 235 en op 24 Desember weer op Potchefstroom 34. In privaat gesprekke het hierdie twee predikante probeer propaganda te maak vir die Britse vlag. Hulle het sorgvuldig dit vir die mense weggesteek dat sir Harry Smith 'n aandeel had in hulle sending en dat dit hy was en nie die Kaapse kerk nie, wat hulle reiskoste betaal het. Hulle het dit in die Kaap ook vir die mense wat beswaar teen sir Harry Smith se aandeel gehad het, weggesteek [16]).

Die kerkraad was nie meer voltallig nie, twee diakens G. Mare en P. du Preez het vertrek en daarom het die manslidmate in Magaliesberg nuwes gekies. Die kerkraad is voltallig gemaak en het nou bestaan uit ouderlinge D. F. Jacobs, F. G. Wolmarans en P. J. van Staden, en diakens P. F. Strydom, S. P. Viljoen, C. A. Bothma, W. J. Badenhorst, C. J. H. Kruger (die vader van die latere president Kruger) en J. F. Schutte. Die kerkraad het op 24 Desember besluit dat hierdie lede in diens sou bly tot aan die end van 1850, en solang as daar nie 'n vaste predikant is nie, sou hulle so veel moontlik herkies word, terwyl ouderling P. J. van Staden en diakens Kruger en Schutte spesiaal die belange van die wyk Magaliesberg moes behartig. Uit hierdie wyk het die Gemeente Rustenburg gegroei.

Op Potchefstroom was al die tyd nog geen kerkgebou nie. Dit het gekom deur die verskuiwing van 'n groot deel van die bevolking na Ohrigstad. Maar nou het die meeste mense daar weer weggetrek en Potchefstroom met omstreke was die mees bewoonde deel van Transvaal. In die kerkraads-vergadering van 24 Des. 1848 is die saak van kerkbou weer aangeroer.

Op 10 Februarie 1849, sewe weke na die vertrek van dr. Robertson en ds. Faure het die kerkraad weer vergader, waarskynlik onder voorsitterskap van ouderling Wolmarans. Dit het op die plaas Hekpoort van die

---

[16]) A. Dreyer, bls. 167.

Magaliesberg plaasgevind. Daar is toe besluit om 'n predikant uit Holland te beroep. Ds. Faure het hulle van te vore inligting gegee hoe om hierby te werk te gaan. Dr. Robertson was teen die beroep van predikante uit Holland, soos hy aan die Goewerneur geskryf het. Sy ideaal was Skotland en Amerika. Dit het ook meer met die politiek van die geestelike swaard van sir Harry Smith ooreengekom. Die kerkraad het toe die volgende brief aan die Synode van die Hervormde Kerk in Holland gerig :

> Wij ondergeteekende Kerkeraden van de Hollandsche Emigranten in zuid Africa alle woonachtig, tenoorden vaalrevier,—dus buiten het Britsche Grond gebied, hiertoe gemachtigd door het gantsche Volk—wenden wij ons tot uEd. meijne heeren—Mit de bééden om door uwe tussen Komst Eene Leeraar, onder ons, zoo, arm En verdrükt Volk te ontfangen! veel hebben wij geleden, Door de verdrükkengen, van een onrechtvaardig Gouvernement ; maar niets van alle wederwaardig heeden, drukte ons, zoo zwaar, dan de tot nu toe vergeefsche bééden om Een waardig leeraar Christie onder ons te zien koomen, veel hebben wij reeds gedaan om tot dit doel, te geraken, Maar de onbekendhijd hoe wij ons tot berijkeng Van dit doel volgens de bestaande, orden moeten Gedragen, was de oorsaak al ons pogen schipbreuk heeft geleeden in de droevige vervolging En afsnijding van alle hulp En onderrigting, Was oorsaak wij geen, onderrigting konde bekomen; Eindelijk behaagde het den Almachtige God; in zijn goedheid op ons neder te zien, En de Harten onser Landgenoten in de Calonie de Kaap de goede hoop, op te wekken Twee Waardige Leeraren, kwamen tot ons, namentlijk De WelEerwaarde heeren Ph. E. Faure, predekand Te Wijnberg en Wm. Robbertson predecant, aan Zwellendam,—jammerlijk bewoogen En verwondert Zoo veelen honderden menschen te vinden, geheel Verstooken van Een herder bedroefde hun, in zij Beloofde Alle meede-

werking van hunne zijde om In deeze onze behoefte te voorzien ; in wij ontfingen Dan nu ook onderrigt, hoe wij ons volgens de ordening der Kerk gedragen moeten, HoogEerwaarde Heeren Wij smeeken, nogmaals om de vervulling, Onzer beeden aan welke vervulling Wij, niet twijfelen Want zouden min ons Christenen, biddende, om, Een Leeraar te rug stooten, daar alle Heijdenen Zelfs Aan die het teegenstaan de Selve ontfangen ! neen Zulks Konnen wij niet denken, de rechtvaardighijd Onzer zaak en de overtuiging ; de Almagtige steeds met Het oog der genaden, op ons neder ziet, en ons Een Helper in al onse noden is geweest, zal ook deze Zaak voorzeker, ten beste Keeren ; ons voor uitsigte Staan op dit oogenblik beter dan ooit zoo dat wij nu dan ook sekerhijd, hebben ; dat het een Waardig Leeraar ; nimmer berouwen zal tot ons gokomen te Zijn in hoop wij spoedig de vervülling onser beden Zullen zien in zoo doende Weeder opnieuw met onze Landgenooten in verstandhouding mogen geraken, Blijven wij, naa ons alle in u goede, genegenheid Aan bevooien te hebben met hoog achting ; ons noemende—Hoog Eerwaarde Heeren . . . . .

'n Salaris van 2600 Rds., d.i. £195 per jaar, is deur die kerkraad, generaal Hendrik Potgieter, kommandant G. J. Kruger en landdros H. S. Lombard gewaarborg. Ook is 'n blanko-beroepsbrief van die volgende inhoud saam gestuur :

Wij ondergeteekende uitmaakende die kirke Raad der Nederduitsche Gemeente van Potchefstroom, Magaliesberg, Mariko, Ohrigstad En Zoutpansberg ; hebben in onse vergadering van heden beroepen, gelijk wij beroepen bij Deze tot onse herder en Leeraar De Wel Eerw. Heer

..................................................................................................

vertrouwende dat zijn Edele dit Beroep zal Gelieve aan te nemen En door de heere En veyligheid tot onse uitgebreide Herderlose gemeente geleyd moge

worden, om onder zijne dierbare Zegen Lang En tot hijl van veele onstervelijken Zielen onder ons te arbeyden.

F. G. Wolmarans
D. F. Jacobs
P. J. van Staden
Ouderlingen.
C. J. H. Kruger, Diaken.
P. F. Strydom, Diaken.
S. P. Viljoen, Diaken.
C. A. Bothma, Diaken.

Ons sien dit hieruit dat Magaliesberg, Mariko, Ohrigstad en Zoutpansberg algar wyke was van die een Gemeente van Potchefstroom, met een kerkraad. Hierdie briewe het meer as 'n jaar later eers die Synodale Kommissie in Holland bereik. Dit is dadelik deurgestuur na die kommissie wat die kerklike sake in Nederlands Oosen Wes-Indië behartig het. Hierdie kommissie was egter baie min op hoogte van sake betreffende die toestande onder die Voortrekkers, en het ook nie geweet of daar nie miskien in die tussentyd dalk al 'n predikant in Transvaal aangekom het nie, want die brief was toe al meer as 'n jaar oud. Besluit is dan ook om eers nadere inligting te vra en op 20 Junie 1850 is na Transvaal geskryf, maar dit is twyfelagtig of die brief ooit in Transvaal aangekom het; ten minste in die argiewe is daar geen spoor van te vinde nie.

Na die Boomplaas-episode het sir Harry Smith ds. Andrew Murray (jr.) as predikant in Bloemfontein aangestel. Hy het 'n Engelse inhoud gehad en moes dan ook sir Harry se beleid van die geestelike swaard uitvoer deur die Boere daar stadigaan te help verengels, wat hy ook probeer doen het. Hy het Transvaal gedurende enige jare eenkeer per jaar besoek. Hierdie besoekreise het hy heeltemal uit eie beweging gedoen en nie in opdrag van die Kaapse Synodale Kommissie nie. Hy het hom nie eintlik met die Transvaalse politiek bemoei nie en het dan ook die agting en die vertroue van die

bevolking verwerf. Sy eerste besoek het in Desember 1849 tot Januarie 1850 geduur. Ses weke lang het hy verskillende dele van Transvaal besoek waar hy kerk gehou en die sakramente bedien het.

Die kerkraad het op 21 Januarie 1850 op Potchefstroom vergader. Daar is toe verslag gedoen oor die bedrywighede in verband met die kerkbou. Die kerkraad het die mooi som van £246-5-9 hiervoor in die kas gehad, maar het nog geen grond gehad nie. Ouderling F. G. Wolmarans het wel by die Volksraad om 'n paar erwe aansoek gedoen, maar die Volksraad het die saak vereers uitgestel. Die versoek is herhaal en op 22 Januarie het die Volksraad die grond vir die doel afgestaan. Dit is nou nog die kerkplein van die Hervormde gemeente van Potchefstroom. 'n Boukommissie is benoem wat bestaan het uit ouderling F. G. Wolmarans, diakens S. P. Viljoen en W. J. Badenhorst, landros H. S. Lombard, P. J. Greyling en N. Grobler. Die kerkraad het ook besluit om toe te staan dat Magaliesberg „uit hoofde van de groote uitgestrektheid dezer gewesten" as afsonderlike Gemeente kon afstig. Die grense sou „langs het Hoogeveld van den Witwatersrand" loop. Die finale afstigting het 'n jaar later plaas gevind en die nuwe gemeente het die naam Rustenburg gekry. Lydenburg het reeds 'n paar maande te vore, in September 1849, afgestig, toe die Volksraad daar 'n selfstandige kerkraad ingestel het, bestaande uit ouderlinge L. S. Bothma en J. H. Breytenbach, en diakens H. M. Grobbelaar en C. Booysen [17]). In April 1851 was ds. Murray weer in Potchefstroom, vergesel van sy broer ds. John Murray van Burgersdorp. Hulle het die 19e die kerk ingewy. Dit was die eerste kerk in Transvaal en het op die

[17]) Dr. G. B. A. Gerdener vertel in sy boek „Ons Kerk in die Transgariep" (1934) op bls. 241 dat die kerkraad van Lydenburg eers in 1850 ingestel is en bestaan het uit ouderlinge L. S. Bothma, J. H. Breytenbach en G. Scholtz, en diakens B. J. Spies, H. M. Grobler, J. A. Beetge, L. Fourie, N. P. Prinsloo en C. J. Viljoen, diakens. As dr. Gerdener die notule van die Volksraad geraadpleeg het sou hy gesien het dat dit onjuis is. Dit is jammer dat sy boek veral wat Transvaal aanbetref, so vol foute is.

Noord-oostelike hoek van die teenswoordige kerkplein gestaan [18]). 'n Week later is die tweede kerk in Transvaal op Rustenburg ingewy.

Ouderling David Jacobs wat aan Suikerbosrand gewoon het, was in hierdie tyd baie ernstig siek. Hy het hierdeur die kerkraadsvergadering en ook die van 'n jaar tevore nie by kon woon nie, en moes dan ook bedank. Dit was 'n gevoelige slag, want ouderling Jacobs word geroem as 'n waardige en vrome persoon wat gereeld op Sondae godsdiensoefeninge gehou het. Diaken S. P. Viljoen is toe in sy plek gekies, en L. J. Kruger as nuwe diaken.

Dit is noodsaaklik om die kerkregtelike verhouding van Potchefstroom en die twee nuwe Transvaalse Gemeentes tot die Kaapse Synode goed te verstaan, want as dit nie juis gesien word nie dan kan die loop van sake op die Transvaalse kerklike erf ook nie goed verstaan word nie. In die Kaapkolonie was daar van die stigting van die eerste gemeente die nouste bande tussen die Kerk en die Oos-Indiese Kompanjie. Die Kompanjie het gesorg dat die geestelike belange behartig kon word en het die hele finansiële kant hiervan vir sy rekening geneem. Daar was egter hoegenaamd geen selfstandige kerkorganisasie nie. Geen enkele kerkorde of kerkwet het in die Kaap gegeld nie. In 1804 het die Kommissaris-generaal J. A. de Mist, 'n kerkordonnansie uitgevaardig wat ten onregte 'n kerkorde genoem word, waardeur die misverstand ontstaan het as sou De Mist 'n bestaande kerkorde deur 'n nuwe vervang het. Dit is onjuis. Daar was geen kerkorde van krag nie, en De Mist het enkel en alleen 'n ordonnansie uitgevaardig, 'n wet, waarmee hy die kerk die reg gegee het om hom selfstandig te organiseer. Die Owerheid het vir die stoffelike kant verantwoordelik gebly en het daarom ook 'n sekere

[18]) In sy bogenoemde boek sē dr. Gerdener op bls. 237 dat die eerste kerk in Potchefstroom in 1842 opgerig is en „regoor die huidige Kings Hotel" gestaan het, dus op die teenswoordige markplein. Albei bewerings is egter foutief. Twee bladsye verder, 239, korrigeer dr. Gerdener die eerste fout en sē „op 19 April 1851 is die eerste kerkgebou op Potchefstroom plegtig ingewy", maar die foutiewe jaartal 1842 laat hy tog op bls. 237 staan!

seggingskap oor kerklike sake bly behou. In 1843 het die Goewerneur die bepalings van De Mist deur 'n nuwe ordonnansie vervang. Die Kerk het vryer geword, maar kon alleen besluite neem wat binne die perke van hierdie ordonnansie geval het. Vir sekere bepalings was 'n afsonderlike goedkeuring van die Britse Goewerneur nodig, iets wat ook meermale verkry moes word. Die ordonnansie het die Kaapse Kerk tot die grense van die Kaapkolonie beperk, wat heeltemal begrypelik is, want hoe kon 'n ordonnansie van die Kaapse Goewerneur, of hoe kon die Kaapse kerkwet wat 'n skedule of statuut van die ordonnansie was, buitekant die Kaapkolonie van krag wees, waar die Kaapse Goewerneur self geen seggenskap had nie! Volgens hierdie Ordonnansie is dit duidelik dat die Voortrekkers wat op grondgebied gewoon het waar die Britse vlag nie gewapper het nie en die Kaapse Goewerneur geen seggenskap had nie, kerklik in die geheel nie onder die Kaapse Synode kon val nie te meer daar die Synode sy bestaansreg aan die ordonnansie te danke had. Daarom wou die Kaapse kerklike outoriteit dan ook nie die Voortrekkers wat nie onder Britse vlag gewoon het, laat besoek nie. In 1837 het die Kaapse Synode teen die Voortrekkers as teen 'n klomp „nomaden" gewaarsku, wat sonder 'n Moses en 'n Aaron die woestyn in trek. In 1840 het die Ring van Graaff Reinet verbied dat die sakramente aan hulle toegedien word. Toe Natal in 1843 deur die Engelse geannekseer is, is ds. A. Faure deur die Kaapse Goewerneur daarheen gestuur om die mense met die Britse vlag tevrede te maak. In 1846 het ds. W. A. Krige die suidelike dele van die Vrystaat besoek waar 'n groep mense gewoon het wat nie Voortrekkers was nie en wat die Britse vlag wou handhaaf. Toe die Vrystaat in 1848 deur Engeland geannekseer is is twee predikante, in oorleg met die Kaapse Goewerneur, daarheen gestuur en sir Harry Smith het hulle reiskoste betaal [19]).

[19]) Sien nader vir dit alles dr. S. P. Engelbrecht: Geskiedenis van die Ned. Herv. Kerk v. Afrika (1936) bls. 27—32, 42—59 en Eerw. A. Dreyer: Die Kaapse Kerk en die Groot Trek.

In 1850 het die Kaapse Synodale Kommissie besluit om die gemeentes „in de Souvereiniteit, in vereeniging met Natal"—dus net van hierdie twee Britse gebiede—tot 'n ring onder jurisdiksie van die Kaapse Sinode te konstitueer. Hierdie Ring het die naam van die „Ring van Transgariep" gekry. Transvaal waar die Britse vlag nie was nie, het daarbuite geval. Ds. A. Murray en sy broer, ds. John Murray, het met hulle besoek in Transvaal op 21 April 1851 aan die kerkraad van Potchefstroom voorgestel om afgevaardigdes na hierdie Ring te stuur, maar die kerkraad het besluit „in verband met politieke zaken het voorstel niet aan te nemen." 'n Week later het Rustenburg dieselfde besluit geneem. Die Transvalers wou nie organies deel van die Kaapse kerk uitmaak nie, omdat die Kaapse kerk se grense ook die grense van die Union Jack was.

In 1852 het ds. Andrew Murray weer 'n besoek aan Transvaal gebring. Hierdie keer het hy in opdrag van die Kaapse Synodale Kommissie gekom en was hy vergesel van ds. J. H. Neethling van Prins Albert. Baie mense was nou tamelik wantrouend teenoor hom, want hy het hom 'n paar keer met die politiek bemoei en met die sluiting van die Sandrivier konvensie het hy as tolk gedien en blyk gegee van sy Engelse simpatie [20]).

---

[20]) Ds. Murray skryf in sy dagboek op 26 Jan. 1852 (dit is in die Kaapse kerk-argief): Since the above was written I have been to the Sandriver, and have been prevented by want of leisure the last few days from writing anything here. Tho' the state of my mind during the journey was far from satisfactory yet I trust I have learned much. It was a little trial to me to be doubted and suspected by my friends from across the Vaal, it has made me examine the grounds of my late interference in political matters, and tho' I must confess that I ought to have acted more in prayer, I cannot but think that I was led into it. I was asked to assist when Bart Pretorius was here, and pressed by the commissioners to go to the Sandriver. This has been as well, as I had the opportunity of clearing my self with the church wardens across the river. I expect yet to see the reason of these slanders against time being allowed—the wise cause may perhaps appear in the approaching journey.

Toe ds. A. Murray in 1862 weer in Transvaal was—die eerste keer na 1852—en in Pretoria gepreek het, het dieselfde Bart.

Hulle verslag [21]) gee in baie opsigte 'n duidelike beeld van die kerklike toestande. In Potchefstroom was dit verreweg die beste. Al kon al die aannemelinge nie lees nie, die Kort Begrip-vrae het hulle alger geken. 'n Paar van die kinders wat gedoop is, was al so groot dat hulle self die doopbriefies aan die predikant oorhandig het. Die verslag prys die werk van die „bejaarde en waardige, vrome David Jacobs" wat langs die Suikerboschrand gewoon het. Sy werk as ouderling was „van de uitgebreidste nuttigheid, zoo door zijnen christelijken wandel, als door het woord ter oefening, waarin hij bij welzijn, elken Zondag de Gemeente voorging." Hy was nou weer ouderling. Die kerkraad was byna wanhopig omdat hy nog nie daarin geslaag het om 'n predikant te kry nie. Die pogings om iemand uit Holland te kry het nog steeds misluk en drie beroepe, twee op ds. A. Murray en een op ds. P. E. Faure, was ook te vergeefs. Die kerkraad het sy nood by die twee predikante gekla en ds. Neethling het onderneem om te help dat daar 'n predikant kom, maar onder voorwaardes wat hoofsakelik hierop neergekom het dat die predikant lid van die Kaapse Synode moes wees, onder die gesag van die Synode moes staan en 'n salaris van £225 per jaar sou ontvang. Hy het in die gees ook aan die Volksraad geskryf. Dit was 'n moeilike beslissing vir die kerkraad en die Volksraad. Die keus was : òf onder die Synode met 'n predikant, òf buite die Synode sonder predikant. Hy het hulle die mes op die keel gesit. Die Volksraad het die saak „in rijpe overweeging" geneem en eindelik die voorwaarde aanvaar. Dit was nie van harte nie en hulle het dit beskou dat die saak aan hulle „afgeperst" was.

Ds. Neethling het in Oktober van dieselfde jaar die saak van die inlywing voor die Synode gelê. Maar hy had geen skriftelike versoek van die Transvalers nie.

---

Pretorius, 'n broer van gen. A. W. J. Pretorius, geweier om by hom in die kerk te gaan, en het in sy tent bly sit. Die mense het van ds. Murray gesê dat „de Emigranten zijn nog niet vergeten wat zijn politieke daden zijn geweest aan Zandrivier in 1852.— „De Zuid Afrikaan" van 7 Julie en 10 Julie en Aug. 1862.

[21]) J. Stuart : De Holl. Afrikanen (Amsterdam 1854) bls. 367—397.

Alles het mondeling gegaan. Die Synode het besluit om die inlywing goed te keur, en daarvan aan die Transvaalse kerk kennis gegee. Die verdere verloop sal uit die volgende hoofstuk blyk.

Hoofstuk III.

## DIE EERSTE DIENSJARE VAN DS. VAN DER HOFF.

Die jaar 1853 was 'n vreugdevolle jaar vir Potchefstroom. In hierdie jaar het die gemeente sy eerste predikant gekry. Dit was ds. Dirk van der Hoff.

In Holland het professor U. G. Lauts hom baie vir die Voortrekkers geïnteresseer en hy het hom so goed as hy kon op die hoogte gehou met hulle lotgevalle. Hy het dan ook van hul volslae gebrek aan predikante geweet en van hul vergeefse pogings om hierin te voorsien. Waar hy in Holland hul belange bepleit het en hulle tot op sekere hoogte verteenwoordig het, daar moes hy vanselfsprekend alles in die werk stel om vir hulle 'n predikant te kry. Na heel veel moeite het dit hom in 1852 geluk om die kandidaat tot die heilige diens, Dirk van der Hoff, bereid te vind om na Transvaal te gaan as die eerste Voortrekker-predikant aldaar.

Van der Hoff is op 2 September 1814 te Dordrecht uit 'n aansienlike familie gebore. Hy het in Leiden in die teologie gestudeer en op 6 Mei 1840 het hy sy proponentseksamen afgelê en is hy beroepbaar gestel. In daardie dae was daar in Holland egter 'n oorvloed van proponente, baie meer as wat daar in die kerk vakante standplekke was, sodat verskillende proponente ander betrekkings moes gaan beklee omdat hulle nie 'n beroep kon kry nie. Van der Hoff het ook al jare op 'n beroep moes wag, en in daardie tyd was hy op verskillende kantore werksaam en het hy met sy vrou verskillende buitelandse reise gedoen. Professor Lauts het op 1 Julie 1852 met hom 'n ooreenkoms gesluit en hom namens die Volksraad van Transvaal aangestel as predikant van die Transvaalse Hervormde Kerk teen 'n salaris van 1,800 gulden per jaar, terwyl Van der Hoff van sy kant hom

verbind het om die diens vir vyf jaar aan te neem. Op 18 Augustus is hy in Den Haag georden deur die kommissie wat in daardie dae die predikante vir Oos- en Wes-Indië uitgestuur het en ook die predikante vir die Kaap georden het. Op 2 September het hy met sy vrou uit Holland vertrek. Professor Lauts het aan die Transvaalse Volksraad en aan die heer J. J. H. Smuts, redakteur van de Kaapse koerant De Zuid-Afrikaan kennis gegee van sy koms. Op 5 November het hy met sy vrou veilig in Kaapstad aangekom. Waar die heer Smuts hom baie hartelik ontvang het. Van die ruim vyf maande dat hy in Kaapstad moes wag, voor hy sy reis na Transvaal kon hervat, het hy alleen die eerste veertien dae in 'n losieshuis gewoon ; die res van die tyd het hy in die huis van die heer Smuts gebly. Die Kaapse Synode het drie dae voor sy aankoms uitmekaar gegaan, maar die Synode het nog uit die koerant van sy koms verneem, en het besluit dat hy hom eers by die Aktuarius moes laat legitimeer en dat die drie predikante van Kaapstad, di. A. Faure, J. Spyker en dr. S. P. Heyns en die twee afgevaardigde ouderlinge hom met raad gehulpsaam moes wees. Op 9 November is hy by ds. Faure gelegitimeer. By hierdie geleentheid het ds. Faure hom versoek om 'n eed van getrouheid aan die Britse gesag af te lê, maar dr. Heyns het hom dit afgeraai, waarop hy dit geweier het. [1]).

Daar is toe berig gestuur na die Transvaalse gemeentes. Dit was met ontroering dat hulle verneem het dat hulle eindelik 'n predikant sou kry. Sestien jaar vroeër het hulle begin om uit die Kaapkolonie weg te trek, en in al die tyd het hulle te vergeefs na 'n predikant gesoek. In die Kaapkolonie was niemand bereid om na hulle toe te kom nie. Hulle hoop was op Holland, die ou moederland, maar dit het gelyk of die hoop ook nie verwesenlik sou word nie. In latere jare vind ons die volgende treffende beskrywing van hierdie toestand :

---

[1]) De Gereformeerde Kerkbode in Z. A., 25 Okt. 1856, bls. 350 ; Ds. D. v. d. Hoff : Openbrief aan Ds. J. P. Jooste (1871), bls. 1.

> Het is aandoenlijk om de verhalen der Voortrekkers te hooren, hoe zij hunne kinderen zagen groot worden, zonder gedoopt te zijn, hoe men reikhalzend uitzag naar een gelegenheid om zonen en dochteren als lidmaten der kerk te doen aannemen, om het Avondmaal te kunnen genieten, enz enz., en wanneer dan de bekendmaking rondging, dat een of meer predikanten de verschillende Gemeenten zouden bezoeken, hoe het gansche land in rep en roer was, en alles werd aangewend om de hooge ingenomenheid te betuigen met het voorrecht, om wederom een geordend Leeraar te mogen aanschouwen. Een volk, dat zooveel prijs stelde op den openbaren eeredienst, moest wel alle middelen aanwenden, om een eigen herder te bekomen.

In Desembermaand het Smuts twee briewe van generaal Pretorius gekry, waarin hy die blydskap van die mense in Transvaal uitgedruk het oor die koms van die predikant, en 'n ruk later het ds. Van der Hoff 'n brief van ouderling F. G. Wolmarans ontvang met die dringende versoek om tog so spoedig moontlik te kom. Daar was nie tyd om 'n kerkraadsvergadering saam te roep en 'n behoorlike beroepsbrief uit te maak nie, want die lede het oor die hele land verspreid gewoon, en daar was nie 'n posverbinding tussen hulle nie. Ds. Faure, die Aktuarius, het die brief van ouderling Wolmarans egter nie as voldoende beskou nie. Ook het hy gemeen dat hy nie die reg had om aan ds. Van der Hoff die som van £200 vir sy reiskoste uit die Synodale kas voor te skiet nie, hoewel generaal Pretorius en ouderling Wolmarans gevra het dat hy dit tog sou doen, en dr. Heyns en ds. Spyker daar ook op aangedring het. Ds. Faure het geweier om te help en om die saak te bespoedig. Die rede was nie alleen sy Engelse sentiment wat hom teen die Trekkers gekant het nie, maar ook dat hy getwyfel het of die Transvalers die inlywing onder die Kaapse Synode ten slotte sou goedkeur. Hy het geweet dat hierdie inlywing op die Transvalers afgedwing was en dat hulle in die grond van die saak daar niks voor gevoel

het nie, so dat alles maar mondeling geskied het. Op 1 Maart 1853 het hy aan sy kollega's Heyns en Spyker geskryf:

> Het is wel waar dat de Synode tot de inlijving of *adoptatie* heeft besloten, maar het is alsnog twijfelachtig of de Transvaalschen de voorwaarden gaaf zullen aannemen daar zij op de officiële mededeeling niet hebben geantwoord.

Hierdie brief werp 'n heldere lig op die verhouding van die outoriteite van die Kaapse Kerk teenoor die Transvalers. Eers word met klem teen die Trek gewaarsku en toe dit nie help nie is belet dat die sakramente onder hulle bedien sou word; en toe dit ook nie help nie is pogings aangewend om die Transvalers onder die Kaapse Kerk te forseer en daarom het ds. Neethling hulle in 1852 die mes op die keel gesit en hulle voor die keus gestel: òf onder die Kaapse Synode, òf sonder predikant. En nou dat ds. Faure bevreesd word dat die inlywing tog nog kon misluk, wou hy ds. Van der Hoff se medewerking verseker deur hom as Britse onderdaan te laat naturaliseer en hom te laat trou sweer aan die Britse kroon. Toe hom dit nie geluk nie, het hy ds. Van der Hoff meer as vyf maande in Kaapstad opgehou om intussen eers die goedkeuring van die inlywing uit die Transvaal te ontvang. En toe ds. Van der Hoff eindelik van Kaapstad verder kon gaan, was dit nie deur hulp van die Kaapse Synodale outoriteite nie, maar met partikuliere hulp, veral van die heer Smuts. Ds. A. Murray het hom net so treurig gedra. In November sou hy die briewe van ds. Van der Hoff na Bloemfontein neem om dit vandaar na Transvaal te stuur. Maar wat doen hy? Hy laat dit in Kaapstad lê, en skryf eers op 5 Januarie 1853 uit Bloemfontein na Transvaal. Die rede vir hierdie onhulpvaardige houding van di. Faure en Murray was dat hulle nog nie daarin geslaag het om die kerk van hierdie vrye Republieke onder die Kaapse Synode wat van 'n Britse Owerheid afhankelik was, ingelyf te kry nie.

Op 21 April het die familie Van der Hoff veilig in Durban aangekom. Hier het 'n deputasie van twaalf persone uit New Germany, 'n volksplanting nie ver van Durban af nie, na hom gekom en hom dringend uitgenooi om predikant by hulle te word teen 'n aansienlike salaris, vry woning en ander voordele. Hulle het hom gewys op die goedkoper en aangenamer lewe op New Germany as in Transvaal, waar hy nie altyd seker kon wees van sy salaris nie, en waar hy allerhande moeilikhede en lewensgevare sou moes trotseer. Maar hoe aanloklik hierdie aanbod ook was, en hoe swart hulle die toestande in Transvaal ook afgeskilder het, tog het hy geweier, want om in Transvaal as predikant te dien het hy sy roeping geag en sy hart het daarheen getrek. Generaal Pretorius het gereel dat hy dadelik na Pietermaritzburg kon gaan. Die nodelose oponthoud in Kaapstad deur die onwelwillendheid van ds. A. Faure het egter die verdere reis in die war gestuur, want 'n hele tyd te vore was 'n broer van Generaal Pretorius daar met 'n heel party waens om hom af te haal maar nadat hulle ses weke te vergeefs gewag het, is hulle, bitter teleurgesteld terug. Gelukkig kon hy na twee weke tog vertrek.

Die reis na Potchefstroom het met die ossewa drie weke geduur. Ds. Van der Hoff het 'n groot gedeelte van die pad te perd afgelê, met 'n geweer agter die rug of op sy van die perd. Op 27 Mei het hy op Potchefstroom aangekom. Dit was in die middel van die nag in 'n bittere koue. Daar was vir sy koms so goed as niks klaar nie. Die huis wat hy gekry het, was onbewoonbaar. Daar was geen rame in die vensters nie. Die vloer was so nat dat die stoele ingesak het as mens gaan sit. Eers ná byna 'n jaar het hy 'n beter huis gekry.

Die oorgang van die geordende Nederlandse samelewing na die woeste wilde Transvaal van daardie dae was groter as wat hy hom ooit kon voorstel. Die land was 'n wildernis en die verbinding met die naburige kolonies baie beperk. Soiets soos 'n gereelde posverkeer was daar gewoonweg nie. Die blanke bewoners het uit 'n handjievol mense bestaan en was oor onmeetlike

vlaktes verstrooi. Hulle het met allerhande gevare te kampe gehad om 'n bewoonbare plekkie te kry. Die wilde diere het die paaie onveilig gemaak en 'n mens kon altyd 'n kaffer-inval te wagte wees. Daar was net 'n stuk af wat dorpies en daarvan was Potchefstroom die grootste, maar ook dit was niks meer as 'n gehug nie.

Die bevolking was in baie opsigte onkundig. Die mense was nie 'n predikant gewend nie en hulle het hom met allerhande vrae lastig geval—soos wat die betekenis was van die „appel" wat Eva geëet het, watter teken Kaïn op sy kop gedra het, waar die vrouens van die land Noth vandaan gekom het, of die duisendjarige ryk al verby was en of dit nog moes kom. Die besoekers het soms ure gesit sonder 'n woord te sê. Sommige wat nog nooit 'n predikant gesien het nie, wou maar alleen kyk hoe so iemand tog lyk. „In den beginne was het zoo erg, dat ik 'snachts alleen rust had," het hy gekla. Hy het die toestande in die begin glad nie verstaan nie en was bitter teleurgesteld. Eers langsamerhand het hy geleer om dit te begryp.

Ds. Van der Hoff was 'n baanbreker. Hy het aangedurf wat geen ander predikant voor hom gewaag het nie. In die grootste chaos moes hy alleen stry en eers toe daar orde geskep was en die „weg reeds stof getrapt was," het daar wel predikante uit die Kaapkolonie gekom ; maar hulle het hul nie naas hom gevestig nie, maar teenoor hom. Dit was maar altyd die houding van die Kaap teenoor Transvaal. Die pionier word uit sy regmatige plek deur daardie mense verdring en hulle kom maai waar hulle nie gesaai het nie.

Ds. Van der Hoff het in Transvaal 'n brandende vraag op kerkelik en staatkundig gebied gevind wat op 'n oplossing gewag het. Dit was die vraag in verband met die kerkregtelike verhouding waarin die Transvaalse kerk tot die Kaapse Synode moes staan. Nog voor sy aankoms op Potchefstroom het daar 'n samespreking oor hierdie saak deur verskillende voormanne plaasgevind. Ouderling Ph. Snyman van Rustenburg wat nie aanwesig kon wees nie, het dringend aan generaal Pretorius

geskryf om tog toe te sien dat hulle nie nouer aan die Kaapse Synode moes verbind word nie [2]). Die gedagte het op hierdie samekoms in hierdie rigting gegaan, en aanvankelik is reeds besluit dat die voorstelling of bevestiging van ds. Van der Hoff nie deur 'n predikant van die Kaapse Synode moes geskied nie, maar deur ouderling Wolmarans. Op 31 Mei het die krygsraad in Magaliesberg onder voorsitterskap van Pretorius saamgekom. Ook was 'n paar volksraadslede aanwesig. Daar is toe besluit om op 8 Augustus 'n algemene byeenkoms op Rustenburg te hou waar al die kerkrade die krygsraad en die Volksraad hulle oor die verhouding tot die Kaapse Synode moes uitspreek en Ouderling Wolmarans moes intussen met die bevestiging van die predikant tot na hierdie samekomste wag. Ook in hierdie verband was die toestand dus heeltemal anders as wat ds. Van der Hoff verwag het. Dit was vir hom 'n teleurstelling, want hy wou sy werkkring in verband met die Kaapse Synode aanvaar, en was ten gunste van die inlywing en het gehoop dat dit in Transvaal bekragtig sou word. Teleurgesteld het hy dan ook aan professor Lauts geskryf: „Men wil van de Kaapsche Synode niets weten." Ouderling Wolmarans het dadelik die kerkraad van Potchefstroom bymekaar geroep om op 6 Junie onder sy voorsitterskap te vergader. Eers nadat ds. Van der Hoff sy akte van ordening en bevestiging in Den Haag en ook ander stukke voorgelê het is hy „na nauwkeurig onderzoek dezer papieren als wettig leeraar der Ned. Hervormde Gemeente erkend" en verwelkom, en het hy die voorsitterstoel ingeneem. [3]). Hy het toe die briewe van ds. A. Faure, die Aktuarius van die Kaapse Synode, oor die inlywing voorgelê, waarin ds. Faure gevra het om 'n antwoord op sy vroeëre brief wat nog nie beantwoord was nie, en gevra het of hulle die inlywing goedkeur. Maar, die kerkraad wou nog nie hierop 'n „officiëel antwoord" gee nie „voordat alle kerkeraden hier omtrent gehoord zijn," en daarom moes aan die kerkrade van Rustenburg, Lydenburg en Zoutpansberg en aan die

[2]) R497/53.

[3]) Notule kerkraad van Potchefstroom, 6 Junie 1853.

Volksraad geskryf word „met verzoek om onderling overeen te komen tot het houden eener Algemeene Kerkvergadering." Diaken Wessel Badenhorst, van Hartebeestfontein, was so ontevrede oor hierdie besluit dat hy die vergadering verlaat het en geweier het om die kerkraadsvergaderinge in die toekoms by te woon, sodat later iemand anders in sy plek gekies moes word.

Die volgende dag het ds. Van der Hoff aan generaal Pretorius geskryf en hom bedank vir sy brief van verwelkoming wat hy by sy aankoms in Potchefstroom gevind het, en tegelykertyd het hy die wens te kenne gegee om spoedig met hom persoonlik te kan kennis maak. Hy het aan Pretorius ook verskillende eksemplare van die Kaapse kerkelike wette gestuur saam met 'n brief van ds. Faure wat van dieselfde inhoud was as die van die kerkraad. [4]). Pretorius was toe reeds siek. Hy het aan die water gely tengevolge van 'n kou wat hy die vorige jaar in die oorlog teen Secheel gevat het, toe hy twee etmale agtermekaar met nat klere te perd gery het. Maar Pretorius het tog na Potchefstroom gegaan om ds. Van der Hoff persoonlik te verwelkom. Hy het toe by laasgenoemde daarop aangedring om hom nie deur 'n predikant van die Kaapse Synode te laat voorstel nie en gesê „dat hij met al zijn menschen **niets** van de Synode wilde weten." Ds. Van der Hoff het van sy kant baie besware hierteen ingebring, maar eindelik het hy aan Pretorius toe gegee. „Met tranen van dankbaarheid in de oogen" het Pretorius hom toe die hand gedruk, „en kon zijn blydschap schier met geen woorden uitdrukken." [5]). Pretorius was bevreesd vir die geestelike swaard waarmee sir Harry Smith gedreig het. Ds. Van der Hoff het ook van ander kante, o.a. van ouderling Snyman van Rustenburg, soortgelyke versoeke gekry. Op 15 Junie het die landros en heemrade van Potchefstroom hom skriftelik mededeling gedoen van genoemde krygsraadsbesluit dat met sy voorstelling gewag moes word totdat

---

[4]) R. 542/53.

[5]) Eene stem uit Kaapstad door den Adv. Brand weerklonken in Mooirivier . . . uitgegeven door ds. D. van der Hoff (1852) bls. 2.

die algemene byeenkoms op Rustenburg daaroor sou besluit het en die verhouding tot die Kaapse Synode sou gereel het. Ds. Van der Hoff het toe nog op dieselfde dag aan ds. Murray geskryf en hom gevra om sy koms nog wat uit te stel.

Daar het egter 'n wanklank in die kerkraad van Potchefstroom gekom. Dit het geskied deur die optrede van diaken Wessel Badenhorst wat op 6 Junie uit die kerkraadsvergadering gestap het toe besluit is om die verhouding tot die Kaapse Synode op 'n Algemene Kerkvergadering te bespreek. Hierdie Wessel Badenhorst het hom laat gebruik om die eerste skeuring in Transvaal op kerkelik gebied te veroorsaak. Hy was afkomstig uit Swellendam vanwaar hy na die distrik Winburg in die Vrystaat getrek het en met ds. D. van Velden bevriend geraak het. Hierdie ds. Van Velden was die eintlike skeurmaker en hy het dit deur middel van Wessel Badenhorst gedoen. Dit is nodig, as mens die sake reg wil verstaan, om die persoon van ds. Van Velden nader te leer besien.

Toe sir Harry Smith die Voortrekkers in 1849 met die geestelike swaard gedreig het, het dit nie net by woorde gebly nie. Hy het tot dade oorgegaan deur te begin om predikante in die Vrystaat aan te stel wat sy beleid moes help uitvoer. Die eerste daarvan was ds. A. Murray wat hy as predikant op Bloemfontein aangestel het, en die tweede was ds. D. van Velden wat hy op Winburg geplaas het, en wat deur die outoriteite van die Kaapse Synode uit Europa gehaal is. Hy was nooit in Holland predikant nie. Hy is in 1813 te Hoorn, Nederland, gebore, waar sy vader 'n klein kruideniersbesigheidjie had wat hom ternouernood 'n bestaan besorg het, sodat die gesin dit moeilik gehad het, en Dirk onder sorgvolle omstandighede opgegroei het. Hy het dan ook net van sy sesde tot sy veertiende jaar skool gegaan en het sy vader tot sy een-en-twintigste jaar in die winkel gehelp. Van 1834 tot 1839 was hy te Alkmaar in militêre diens en in 1840 is hy na Rotterdam na die sendelinghuis om as sendeling opgelei te word waar hy egter nooit enige

ander onderrig ontvang het nie as twee uur per week les in die Engelse taal. In Oktober 1841 is hy na 'n christelike skool te Ryssel (Lille) in Frankryk, en moes toe nog eers Frans leer om die lesse te kan volg, want hy het geen woord van daardie taal geken nie. Op 17 Julie 1842, dus na nege maande, het hulle hom daar sonder die minste wetenskaplike voorbereiding as predikant toegelaat en is hy deur die Evangelische Maatschappy na Leuven gestuur om onder die Roomse bevolking Evangelisasie-werk te doen. In Holland sou die Hervormde Kerk hom nie alleen nooit as predikant erken nie, maar hy sou ook „zelfs niet zijn toegelaten tot het examen voor de predikdienst." [6]).

Hy het op 14 Desember 1849 in die Kaap aangekom en ds. A. Faure het hom op die 18e as predikant van die Ned. Geref. Kerk gelegitimeer! Dr. S. P. Heyns en ds. J. Spyker het hierteen beswaar gemaak, maar dit het niks gehelp nie. [7]). Van Velden het in die openbaar op die mees growwe wyse teen hulle te keer gegaan. Hy was iemand wat nie veel innerlike beskawing gehad het nie, ru van inbors, twissiek van aard en 'n intrigant.

In Februarie 1850 is hy na Pietermaritzburg waar hy tot Oktober gebly het toe hy na Winburg is waar hy deur ds. A. Murray bevestig is. Hy was oor die Winburgers baie sleg te spreek. „Men verwenschte, vervloekte en vervolgde elkander en 't was eene dagelijksche vuur en wraakuitbraking tegen elkander." Daar was volgens hom maar 'n paar Godvresende mense en een van hulle was Louw Badenhorst, 'n broer van die bogenoemde Wessel Badenhorst. Hy was dan ook in baie

---

[6]) Notule van die Commissie tot de zaken der Protestantsche kerken in N. O. en W. Indië, 24 Junie 1852, art. 7.

[7]) Hierdie toelating van ds. Van Velden was net so onwettig as die van ds. F. Lion Cachet, dertien jaar later. Sien oor die besware van dr. Heyns en ds. Spijker: De Zaak van den WelEerw Hr. van Velden, V.D.M. (1850); Nog iets aangaande de zaak van den Hr. van Velden (1850). Verder is daar ook nog stukke oor hierdie saak in die argief van die Alg. Synode van die Ned. Herv. Kerk, 's Gravenhage, 1850 No. 872; en in die argief van die Comm. Prot. Kerke in O. en W. Indië, 's Gravenhage, Bylage 69, 1852.

twiste met sy gemeentelede gewikkel. Hy was net soos ds. A. Murray 'n vurige pleitbesorger van die handhawing van die Britse gesag aldaar. Toe dit duidelik was dat die onafhanklikheid van die Vrystaat aan die Boere teruggegee sou word, was hy so verontwaardig dat hy die Vrystaat verlaat het en 'n beroep na Ladismith (Kaapkolonie) aangeneem het. Ds. Murray was toe in Engeland waar hy tevergeefs probeer het om te verhinder dat die Britse gesag in die Vrystaat teruggetrek, en die land aan die Boere teruggegee sou word. Toe president Hoffman, die eerste Staatspresident van die Oranje Vrystaat, na die teruggawe van die land verskillende proklamasies in verband met die oorname van die land moes uitvaardig, is in een van die proklamasies verklaar „dat alle Protestantsche Eerediensten in dit land ongehinderd zullen toegelaten en tegen alle aanranding gewaarborgd worden," en verder gesê dat hierdie verklaring met des te meer nadruk gehandhaaf sal word „naar mate de bedienaars des Evangelies door hunne daden en handelingen toonen zullen gezanten van Jezus en geene Politieke Agenten te zijn." Van Velden was hieroor so woedend dat hy in Ladismith na die pen gegryp, en in 'n rondskrywe teen die republikeinse regering gewaarsku het. Hy het president Hoffman daarin 'n „vuilen proclamatiebraker," 'n „Nietsnut," 'n „trotsch en vermetel schepsel" genoem en die aanhaling uit genoemde proklamasie „liederlijke schimptaal." Verder het Van Velden beweer dat „lage guldzucht, vuil gewinbejag tevens met beestachtige domheid en sluwe huichelarij, de heerschende karaktertrekken" van die Republikeinse regering was. Hy het hulle fraaie benaminge gegee soos „rot", „goddeloozen en huichelaars", „rebellen en oproerlingen," „kinderen des duivels die God en zijn gezalfde smaden," „uitvaagsel van het menschelijk geslacht" en gesê dat „diezelfde kruisgezant Murray zal in hunne verzwaarde verdoemenis gerechtvaardigd worden." Die oordeel Gods sal oor hulle verderf nie sluimer nie, „want de Heer zal met vlammend vuur wrake doen." Hy het dan ook verklaar dat dit „die Heer

alleen bekend is, „wat nog van de souvereiniteit worden zal." Die regering het beslag op hierdie rondskrywe gelê en president Hoffman was verplig om spesiaal na Winburg te gaan om die mense te kalmeer [8]).

Dit was die persoon wat 'n begin gemaak het om die saad van agterdog en verdeeldheid op kerklik gebied in Transvaal te saai. Deur die dood van Generaal Pretorius op 23 Julie 1853 kon hy dit maklik doen.

Die algemene samekoms het op 8 Augustus op Rustenburg plaasgevind. Die Volksraad was daar, so ook die kerkraadslede van Potchefstroom, Rustenburg en Zoutpansberg, Lydenburg het nie opgedaag nie. Hierdie vergaderings het deeglik op die saak van die verhouding tot die Kaapse Synode ingegaan en met algemene stemme is besluit om die inlywing te verwerp en as redes is genoem 1e omdat die belofte om Transvaal deur middel van die Kaapse Synode van predikante te voorsien, nie vervul is nie, en 2e omdat hulle hul aan die Kaapse Kerkwet nie kan onderwerp nie. Die besware wat daar teen die kerkwette bestaan het, was die mate van gesag wat die Britse goewerment op kerklik gebied gehad het, en ook gelykstelling tussen Wit en Swart wat daar in die Kaapse kerk geheers het. Daar is voorts besluite geneem wat moes gelei het om orde en reël op

[8]) Hierdie rondskrywe van ds. Van Velden is in De Zuid Afrikaan van 15 Junie 1854 en in The Friend of the Sovereignty van 1 Julie 1854 afgedruk. Hy was tydens sy dienstyd as predikant van Ladismith ook in verskillende twiste gewikkel, o.a. met dr. W. Robertson wat een van die invloedrykste predikante was: in 1837—1842 skriba, 1842—1847 en 1852—1857 moderator en 1862—1876 skriba van die Synode. Van Velden het o.a. van dr. Robertson gesê dat hy „alleszins het zijne deed om ware het mogelijk de gemeente Ladismith in zedelijken zin te verwoesten," en hom 'n „aartshuichelaar" genoem met 'n „afschuwelijk laag karakter" en „een andere Judas" wat „zijne listige streken openbaarde tot verraad van de kerk aan de wereld," iemand „van eerzucht vol, van eergevoel ledig zijnde de schaamteloosheid zelve." Sy teenstanders in Ladismith het hy „boevengespuis" genoem. Sien verder oor hom dr. S. P. Engelbrecht: Thomas Francois Burgers, bls. 78, 79, 81, 82; De Vereeniging, 27 Junie 1907, bls. 4; J. H. Malan: Die opkoms van 'n Republiek, bls. 218.

kerkelike sake te stel. Ook is besluit dat ds. Van der Hoff nie deur ds. Murray voorgestel moes word nie.

Ds. Van Velden se kwaad saad het begin opkom. In Transvaal was daar intussen verskillende briewe van hom in omloop [9]). Daar het dan ook 'n opposisie ontstaan teen die besluite van die Algemene Kerkvergadering en van die Volksraad wat op 8 Augustus geneem is. In westelik Transvaal het dit uit die familie Badenhorst van Hartebeestfontein bestaan, die vriende van ds. Van Velden, en in oostelik Transvaal weer uit die Lydenburgers waar H. T. Bührmann se invloed oorweldigend was. Een van die lasterpraatjies van ds. Van Velden het inderdaad die vorm aangeneem dat ds. Van der Hoff Rooms sou wees! Die Volksraad en die Algemene Kerkvergadering het dit op 22 November 1853 nodig geag om weer oor die saak van die inlywing onder die Kaapse Synode te vergader. Dit het op Potchefstroom geskied. Die besluite van 8 Augustus is bekragtig, en die Algemene Kerkvergadering het sy afkeuring oor die gedrag van ds. Van Velden uitgespreek.

Ds. Van der Hoff kon nou rustig aangaan met sy werk. In 1854 het hy die verafgelege streke van Lydenburg en Zoutpansberg besoek en in dieselfde jaar is, meer in die sentrum van die land, 'n nuwe gemeente gestig met die naam Pretoria Philadelphia, so genoem na Generaal Andries Pretorius. In hierdie jaar het ook die Smellekamp-twis uitgebreek waarvan die uiteindelike gevolg was dat Smellekamp uit die land verban is. Die oorsaak van hierdie twis was dat Smellekamp die praatjies rondgestrooi het dat ds. Van der Hoff nooit georden was nie. Hierdie twis het alleen in Oostelik Transvaal, en wel in Lydenburg sy nadelige invloed gehad. In Potchefstroom en Rustenburg het dit geen uitwerking gehad nie en daarom word hier verder niks daarvan gesê nie.

Ds. Van der Hoff se werkkring was verbasend uitgebrei. Selde was hy tuis, byna altyd op die trekpad.

---

[9]) Daar is nog van hierdie briewe voorhande.

In die distrik Potchefstroom wat destyds ook die teenswoordige distrikte van Klerksdorp, Ventersdorp, Wolmaransstad, Lichtenburg, ja die hele S. Westelike Transvaal omvat het, het hy verskillende kerkplekke gehad. Daarby het hy ook Rustenburg en Marico gereeld bearbei, so ook Suikerboschrand, Pretoria, Wakkerstroom, Waterberg en Zoutpansberg. In Lydenburg was hy maar een keer.

## Hoofstuk IV.

# DIE ONAFHANKLIKHEID VAN DIE KERK TEENOOR DIE STAAT DEUR DS. D. VAN DER HOFF GEHANDHAAF.

Daar was in Transvaal nie 'n predikant wat dit moeiliker gehad het en wat groter ontberinge moes deurmaak as wyle ds. Dirk van der Hoff nie. Hy was die eerste predikant, en het hier gekom toe die wêreld nog woes en die kerklike sowel as die staatkundige toestande nog vrywel ongeorganiseer was. Dikwels moes hy ingryp om leiding te gee en moes hy in verband met hoogs gewigtige aangeleenthede beslissings neem wat verreikende gevolge gehad het. Te midde van die mees chaotische toestande moes hy aan allerhande storms die hoof bied, en hy het dit op manmoedige wyse gedoen. Verskeie predikante is voor hom hierheen beroep, maar hulle het dit nie aangedurf om so'n beroep aan te neem nie. In 1854 is ds. Andrew Murray beroep as predikant van Rustenburg, maar sy antwoord was dat daardie gemeente te onbearbei en te uitgestrek vir hom was om die beroep aan te neem. Gedurende etlike jare het ds. van der Hoff alleen gestaan. Hy het heelparty teenstanders gehad wat dit met sy wyse van organiseer nie eens was nie, en wat selfs 'n gevoel van vyandskap teen hom ontwikkel het. En nou nog skep sommige mense daar 'n welbehae in om gerugte en riemtelegramme van daardie dae vir historiese waarhede op te dis.

In 1857 was daar 'n heftige botsing tussen ds. van der Hoff en die Staatspresident, M. W. Pretorius. Dit het gegaan oor die regte van die Kerk. President Pretorius wou die kerkbestuur te veel van die Regering afhanklik maak en ds. van der Hoff het vir die vryheid van die Kerk in die bres gespring en dit teen die Staatspresident gehandhaaf. In die Vrystaat was daar altyd

'n sekere kliek wat hulle daarin verlustig het as die sake in Transvaal nie goed geloop het nie, en as hulle iets kon sê teen ds. van der Hoff of teen President M. W. Pretorius, was hulle maar al te bly. Die Vrystaatse President, N. J. Boshof, wat soms nogal taamlik Engelsgesind was, het selfs in die eerste maande van die jaar 1857 in Transvaal mense opgestook en verdeeldheid gesaai. In daardie dae was daar op die teenswoordige Kroonstad, wat toe nog nie 'n dorp was nie, 'n winkelier met die naam van G. H. L. Rosa. Hy was ook vrederegter en het deur gerugte iets gehoor van die wrywing wat tussen president Pretorius en ds. van der Hoff bestaan het. Hy het hierdie skewe gerugte aan president Boshof meegedeel. Dr. G. B. A. Gerdener het 'n paar jaar gelede 'n boekdeel met Boustowwe vir die geskiedenis van die Ned. Geref. Kerk ten Noorde van die Oranje Rivier gepubliseer, en daarin druk hy die riemtelegram wat Rosa aan president Boshof deurgestuur het, ook af, terwyl hy Rosa verkeerdelik tot landdros van Kroonstad promoveer. Die uitvoerige offisiële stukke wat oor hierdie saak in die Staatsargief aanwesig is, word egter nie afgedruk nie. Ons wil hier die hele saak behandel en wel aan die hand van die offisiële korrespondensie en die notule van die Algemene Kerkvergadering. Tussen hakies moet nog opgemerk word dat genoemde Rosa gladnie 'n persoon was van wie mens notisie kon neem nie. Toe president Boshof van die toneel verdwyn het, het die mense vir Rosa dadelik in die pad gesteek en hom as vrederegter afgedank.

In die eerste jare van die Suid-Afrikaanse Republiek se bestaan was daar baie verwarring. Dit het in Augustus 1845 met die stigting van Ohrigstad begin. Hierdie verstorings het steeds 'n groter omvang aangeneem. Een van die grondoorsake was dat 'n groepie mense uit die distrik Lydenburg teen Andries Pretorius sowel as teen Hendrik Potgieter gekant was, en na genoemde twee leiers se dood het die mense hulle daar losser en losser gemaak van die Republiek, totdat die finale afskeiding gekom het, toe M. W. Pretorius, die seun van generaal

A. W. J. Pretorius, as die eerste Staatspresident ingesweer is. Dit het vir die Lydenburgers die deurslag gegee.

President Pretorius het altyd sy bes gedoen om die mense bymekaar te hou en ook om 'n sentrale regeringsvorm daar te stel. Dit was deur sy toedoen dat 'n kommissie waarvan die latere president S. J. P. Kruger ook lid was, in 1855 'n Grondwet opgestel het, en toe die Volksraad hierdie Grondwet nie wou aanvaar nie, het ds. van der Hoff sover gegaan dat hy feitlik as predikant bedank het. Hy het hiermee sy doel bereik want die Volksraad het sy houding verander en besluit om die Grondwet vir goedkeuring voor die volk te lê. Dit is gedoen en die Grondwet is in Desember 1856 ingevoer. Ds. van der Hoff het sy uiterste bes gedoen om die mense oor die hele land te beweeg om tevrede te wees en om president Pretorius te ondersteun. Hy was in hierdie tyd dan ook 'n groot krag. President Pretorius was egter nie altyd ewe takvol in sy optrede nie.

In Junie 1857 het iets voorgeval wat 'n gevoel van wrywing tussen die President en die Predikant gebring het. Pretorius het 'n kind laat doop en naas hom was 'n ander ouerpaar van wie volgens sy bewering een se voorouers nie heeltemal blank was nie. Ds. van der Hoff het van niks geweet en geen kwaad vermoed nie. Pretorius het die dag daarop 'n kwaai brief aan die kerkraad geskryf waarin hy o.a. gesê het : „Wij worden met bastaards in de kerk gelijk gesteld," dat hy so vererg was dat hy byna met sy vrou en kind nog voor die doopsbediening die kerk verlaat het, en dat alleen die gevoel om geen storing te veroorsaak hom daarvan weerhou het.

Ds. van der Hoff het die brief voor die kerkraad gelê, maar hierdie liggaam het besluit om die hele saak vir kennisgewing aan te neem. Ds. van der Hoff het egter aan die President 'n kalm en besadigde brief teruggeskryf, waarin hy o.a. die volgende gesê het :

> Het is voor ons eene moeijelijke zaak. Wij willen van harte gaarne alle aanstoot of ergernis in de

kerk vermijden, maar kunnen dit niet ten uitvoer brengen, zonder de hulp en de medewerking der Overheid. Wij stellen daarom aan U Ed. voor of het tot bevordering van deze zaak niet goed zou zijn, dat de Overheid aan de Heeren Veldkornets last gaf, om van alle personen der kleur, die hier reeds zijn, of van tijd tot tijd inkomen, en die verondersteld worden als gekleurde afstammelingen, ergernis of aanstoot in de Kerk te kunnen geven, eene lijst op te maken en die lijst aan de Kerkraad in te zenden, om ons in staat te stellen naar bevind van zaken te handelen, ten einde de ergernis voor te komen of te verwijderen.

Ten opzigte van bovengenoemde . . . . moeten wij echter opmerken, dat zijne ouders wettig gehuwde lieden en lidmaten der Kerk zijn, zooals hijzelf ook lidmaat is. Overigens hebben wij vernomen dat genoemde . . . . . en zijn vader alhier deelen in alle de voorregten en verpligtingen der blanke burgers, dat zij gronden gekocht en in eigendom bezitten, en alle burgerdiensten gelijkelijk met de andere burgers deelen. Nu vragen wij u, hoe kan U Ed. U beroepen op onze Constitutie, die ten eenemale in het burgerlijke de gelijkstelling verbied, terwijl de burgerlijke Overheid bij genoemde personen de gelijkheid gedoogt ?

Hierdie wrywing het oorgewaai, maar dit lyk of dit tog by die President 'n gevoel van gesteurdheid agtergelaat het. Dit het hom gehinder dat hy in sy ongegronde uitval teen ds. van der Hoff sy vingers verbrand het. Twee maande later was daar weer 'n botsing. Hierdie keer van baie ernstiger aard, en ons wil dit aan die hand van die offisiële stukke ietwat uitvoerig beskryf.

Artikel 43 van die Grondwet wat in Januarie 1857, mede deur die steun van ds. van der Hoff, in werking getree het, het as volg gelui : „De President zal jaarlijks in de maand September het voorstel eener begrootingswet van algemeene uitgaven en inkomsten voor Kerk en Staat aan den Volksraad inzenden, en daarin aanwijzen,

hoe het tekortkomende te dekken of het overschot te besteden." (Artikel 43 van die Grondwet van 1857). Dit is duidelik dat hierdie artikel op die uitgawes van die Regering in verband met die Staat en die Kerk betrekking het. Die kerklike uitgawes was beperk tot die salaris van die predikant wat deur die Regering betaal is. Pretorius het egter gemeen dat dit op die hele finansiële administrasie van die Kerk sien tot selfs die gewone deur-kollektes, aan die end van die godsdiensoefening, en selfs die gelde op die nagmaalstafels, en hy wou dat die kerkrade van die verskillende gemeentes hiervan aan die Regering verslag moes doen. Op 2 September 1857 het hy dan ook deur die Goewermentssekretaris aan die kerkraad van Potchefstroom laat skryf om hom die volgende dag so'n verslag te oorhandig. Hy wou dit aan die Volksraad wat op 4 September sou vergader, voorlê. President Pretorius het ook maar op die laaste oomblik op die gedagte gekom dat dit die bedoeling van die genoemde Artikel van die Grondwet was om so'n verslag van die verskillende kerkrade te ontvang en aan die Volksraad voor te lê, want hy het eers op 2 September aan die Potchefstroomse Kerkraad geskryf om hom op 3 September so'n verslag te oorhandig, wat hy dan weer op 4 September aan die Volksraad kon voorlê. Dit was natuurlik 'n volslae onmoontlikheid vir ds. van der Hoff om die Kerkraad van die Potchefstroomse Gemeente, wat in daardie dae van die teenswoordige Heidelberg tot aan Lichtenburg en Marico uitgestrek het, in een dag bymekaar te kry. En aan die ander Gemeentes—Rustenburg, Pretoria en Zoutpansberg—het Pretorius glad nie eens geskryf nie. Hy kon geen een van hulle kerkraadslede in een dag bereik nie. Die bedoeling van president Pretorius was goed. Hy wou die gemeentes help en die Staat vir hulle laat sorg. Maar die gevolge sou vir die Kerk noodlottig gewees het. Dit sou die Kerk volslae afhanklik van en ondergeskik aan die Staat gemaak het en die hele kerklike administrasie sou 'n onderdeel van die Regeringsadministrasie geword het; alle kerk-kollektes sou net so in die Staatskas gestort moes

word, terwyl die Kerk dan as 'n bedelaar by die Staat moes gaan aanklop selfs vir die geringste uitgawe. Hierby kom nog dat die Staat niks sou kon bydra vir die Kerk nie, want die skatkis was leeg, en ds. van der Hoff het al maande en maande geen salaris ontvang nie, net so min as die Staatspresident self. En as die Kerk nog sy private inkomstes, soos deur kollektes verkry, ook nog, aan die Staat moes gaan oorhandig, sou ook vir die arm mense niks oorgebly het nie. En sou dit nie te erg gewees het om die geld wat Sondag vir die armes op die nagmaalstafel gelê is, Maandag aan die Staat te gaan oorhandig nie! Ds. van der Hoff het gesien dat van die grootste belange van die Kerk in die gedrang sou kom, en dat hy moes waak. Daarom het hy besluit om hom teen hierdie eise te versit, en het hy nog dieselfde dag aan die Staatspresident geskryf dat, hoewel dit onmoontlik was om die Kerkraad in een dag bymekaar te kry, hy tog met die lede, wat naby die dorp woon, in verbinding sou probeer kom en hy meen dat hulle wel geneë sou wees om so'n verslag aan die President te stuur, maar hy het daarby gevoeg dat hy dit vir sy persoon „de verpligting daartoe nooit of te nimmer zal erkennen." Verder het ds. van der Hoff daar nog bygevoeg dat hy gereed was met 'n verslag van die gelde wat vir sy traktement en reiskoste van sy aankoms in Transvaal ingekom het en dat hy hoop dat dit „definitief zal afgehandeld worden, daar dit reeds de vierde keer is, dat ik daarmee voor de politieke Overheid verschijn, maar nooit definitief is nagegaan en goedgekeurd."

Op Sondag 6 September, het 'n paar kerkraadslede die dienste op die dorp bygewoon en ds. van der Hoff het die geleentheid gehad om die saak met hulle te bespreek, met die gevolg dat besluit is om Maandag 'n bekendmaking aan die deur van die kerk en van die landdroskantoor op te plak. Dit was in daardie dae, toe daar nie koerante was nie, die gewoonte om bekendmakings op so'n wyse te doen. Die bekendmaking was van die volgende inhoud :

Aan de leden der Gemeente alhier wordt ter kennis gebragt dat de predikant voornemens is, om van de kerkegelden, die door hem gedurende zijn geheele verblijf alhier ontvangen zijn tot betaling zijner reiskosten en van zijn traktement, volledig verslag te doen en wel in het kerkgebouw alhier, op Maandag den 5den October, na afloop van het nachtmaal. Uit dit verslag blijkt zooals ieder eèn zal kunnen zien, dat den leeraar nog toekomt als te kort over de voorgaande jaren. Rds. 783
gedurende het presidentschap van den
WelEd. Heer M. W. Pretorius ...... ...... Rds. 1,500

te zamen 2,283

Voorts dat de Kerkraadsleden, voorzover zij tegenwoordig zullen zijn, een algemeen verslag der kerkegelden zullen doen terzelfdertijd en terzelfder plaats. Eindelijk dat de leeraar aanstaande Zondag den 13den September alhier geen godsdienst zal houden, aangezien hy op heden naar Marico vertrekt.

Die bekendmaking het nog 'n paar ander kerklike mededelings bevat. Soos gesê, dit was in daardie dae die gebruik om zulke kerklike bekendmakings aan die kerkdeur op te plak en ook die landdroste het hulle aankondigings op die wyse gedoen.

President Pretorius was hieroor baie verontwaardig en het op 2 Oktober 1859 die Goewermentsekretaris 'n brief aan die Kerkraad laat skryf. Op 4 Oktober sou dit nagmaal wees en op Maandag, die 5de, sou die Kerkraad vergader. Hy het by die Kerkraad daaroor gekla dat ds. van der Hoff die verpligting om aan die Uitvoerende Raad verslag te doen, nie wil erken nie, en dat hy die genoemde bekendmaking aan die deur van die kerk vasgeplak het en daarin sê dat hy wel aan die Gemeente verslag sal doen. Hy het beweer dat hierdie bekendmaking van ds. van der Hoff „niet alleen eene belediging voor, maar eene ontkenning van den Staat is" en het die bekendmaking „tergende en onteerende plakkaten" ge-

noem. (N.B. in die meervoud!). Ook het hy dit afgekeur dat ds. van der Hoff aan die gemeente verslag sal doen „omdat het niet in de betrekking van den Leraar is om van kerkgelden aan het publiek verslag te doen, maar wel door den Kerkraad aan den President," asook „omdat het publiek geen verslag van de Kerkeraads verrigtingen aan den Volksraad noodig heeft voor te leggen, maar wel Z. H. Ed. de President." Hy het die kerkraad verder versoek om by hom op Maandag 14 Desember, so'n verslag in te lewer. Ook het hy geskryf dat daar sulke verslae van Rustenburg, Pretoria, Lydenburg en Zoutpansberg ingehandig moet word. Die handelwyse van die President word nog eienaardiger as mens bedink dat Lydenburg van Augustus 1854 nie meer onder die kerkverband van die Hervormde Kerk geval het nie, en die distrik nie meer 'n deel van die Zuid-Afrikaansche Republiek was nie, maar 'n afsonderlike Republiek met sy eie bestuur.

Die Kerkraad het hierdie aanskrywing van die President op sy vergadering van 5 Oktober behandel, en 'n kommissie van twee lede, nl. ouderling Wolmarans en diaken B. Liebenberg afgevaardig om met die President oor hierdie saak 'n samespreking te hou. Dit het egter tot so'n onaangename woordewisseling gelei dat hulle onverrigtersake moes terugkeer en die Kerkraad besluit het om geen verslag te doen nie. President Pretorius het toe aan die Kerkraad en aan ds. Van der Hoff geskryf dat hy laasgenoemde se salaris nou intrek tot tyd en wyle by hom verslag gedoen is.

Ds. Van der Hoff het hierop aan die Uitvoerende Raad 'n lang brief geskryf en gesê dat dit hom bevreemd dat sulke briewe op las van die Staatspresident geskryf is, want dit dra die kenmerke van „jammerlike Onkunde" aangaande die Grondwet; van „schreeuwende onrechtvaardigheid" en van „pogingen tot inbreuk maken op het Kerkelijke regt der gereformeerde Kerk." Hy het al drie hierdie punte probeer bewys. Eers die jammerlike onkunde aangaande die grondwet, en wel die artikel waarop die President hom beroep. „Dat artikel geeft

aan niemand hoegenaamd eenig regt; integendeel het legt alleenlijk eene ernstige verpligting op de schouderen van Zijn Hoog Edelen den President." Genoemde artikel verplig die President om verslag te doen van die inkomstes en die uitgawes wat die regering vir die Kerk en die Staat gehad het, maar nie van die inkomste en uitgawe wat die kerk self gehad het nie. Ds. Van der Hoff het verder opgekom teen die onregverdigheid om hom te vonnis deur intrekking van sy traktement, sonder dat hy gehoor is of dat bewys is dat hy ongelyk had. Ook het die grondwet aan die President geen reg gegee om self te vonnis nie. Dit was die werk van die regbank. Daardie optrede het ook 'n inbreuk gemaak op die regte van die Kerk, en die Kerk „kan of mag nooit of te nimmer toelaten eenige inmenging van de zijde der politiek in de kerkelijke aangelegenheden. De politiek hare plaats is buiten de Kerk, d.i. zij verleent hare beschermende hand aan de Kerk, maar hare plaats is niet in de Kerk." En waar hier 'n poging gedoen is om inbreuk te maak op die regte van die Kerk, het hy, ds. Van der Hoff, hom geroepe en verplig geag om vir die regte van die Kerk op te kom: „Ik zal het nooit toestaan dat de Kerkeraad van hare gelden verslag doe aan het Gouvernement, maar wel aan de gemeente." Hy was heeltemal gewillig om daardie verslag deur die mees kundige lidmate van die Kerk te laat nasien en in die Staatskoerant te publiseer. Verder het hy die vernietiging geëis van die willekeurige besluit van die President om sy traktement in te trek. Tenslotte het hy die President daaraan herinner dat in die afgelope jaar aan die verpligting om 'n deel van die geld wat die Staat van ieder paar wat in die huwelik bevestig is in die gemeentekas te stort, nie voldoen is nie, en het gevra dat hierdie verskuldigde gelde aan die kassier-diaken betaal word.

Die President het nou nog verder gegaan in sy pogings om die Kerkorganisasie aan die Staat ondergeskik te maak: hy het naamlik op eie gesag die Algemene Kerkvergadering opgeroep. Dit het vantevore nog nooit gebeur dat hierdie hoogste kerklike liggaam deur

die Staat saamgeroep is nie. Hy het aan al die kerkrade geskryf en gekla dat ds. Van der Hoff hom verhinder het om aan die Volksraad verslag te doen van die verskillende inkomstes en uitgawes van die Kerk en nou moes die Algemene Kerkvergadering probeer om die saak in die reine te bring. Die Vergadering het op Dinsdag, 22 Desember 1857, in Potchefstroom saamgekom. Dit was die grootste Algemene Kerkvergadering wat tot daardie tyd gehou is. Daar was ses-en-twintig ouderlinge en diakens aanwesig. Nadat die Vergadering al 'n paar uur aan die gang was, het president Pretorius met drie lede van die Uitvoerende Raad binnegekom en die hele korrespondensie tussen hom en ds. Van der Hoff op die tafel gelê. Die hele dag is die saak breedvoerig bespreek. Dit lyk of president Pretorius dit maar opdraende gehad het, want die volgende dag het hy nie verskyn nie, maar kommandant Paul Kruger, die latere Staatspresident, as sy verteenwoordiger gestuur om oor die saak te handel. Kruger het toe, namens Pretorius, voorgestel dat hy en ds. Van der Hoff hulle altwee uit die vergadering sou verwyder. Dit het gebeur. Die vergadering het die hele dag weer deurgebring in die bespreking van die saak en laat in die aand is president Pretorius en ds. Van der Hoff ingeroep om die uitslag te verneem. Die vergadering het ds. Van der Hoff gelyk gegee en die standpunt van die President afgekeur. Aan ouderling F. G. Wolmarans is opgedra om 'n woord van vermaning uit te spreek. Die vergadering het dit nodig gevind om voorsorgsmaatreels te neem om te voorkom dat 'n dergelike voorval hom herhaal en het toe besluit om „eenige bepalingen aangaande de magt der politieke overheid achter de wetten te doen drukken en wel volgens hetgeen men daarvan vindt in W. á Brakel."

Bedoel is die „Redelijke Godsdienst" deur Wilhelmus á Brakel, 'n boek wat die oumense baie gelees het. In die eerste deel daarvan gee die skrywer 'n uitvoerige beskouing oor die verhouding van die Staat tot die Kerk, waar hy van die verhouding van die Overheid tot

die Kerk o.a. sê: „Sij hebben gansch geene macht in de Kerke, noch als Heeren ende Meesters te heerschen over de kerke . . . De plichten der Overheden omtrent de kerke zijn drieledig. Zij hebben 1. Een beschermende macht 2. Een uytwendig-ordinerende macht. 3. Een bedwingende macht." M.a.w. die Owerheid beskerm die Kerk maar heers nie in die Kerk nie. Die vergadering het dan ook as beginsel 'n wetsartikel van die volgende inhoud opgestel: „Geen Gouvernement of wereldlijke bestuur heeft eenige macht in de Kerk, maar wel om de Kerk; dat is, het Gouvernement beschermt de Kerk en bezoldigt hare leeraren, wordende het geheel en al aan de opzieners der Kerk overgelaten de inwendige zaken der Kerk te besturen en al datgene te doen wat duidelijk vervat is in die formulieren onzer kerk over de bevestiging van ouderlingen, diakenen en predikanten.

Geen Gouvernement of Gouvernements-ambtenaar heeft als zoodanig regt inzage te vorderen of te eischen van de inwendige kerklijke zaken; alleenlijk als ledematen der Kerk kunnen zij op den daartoe vastgestelde tijd en plaats daarvan inzage nemen."

President Pretorius het hom by die besluit van die Algemene Kerkvergadering neergelê. Hy het nie alleen sy besluit om die salaris van ds. Van der Hoff in te trek, vernietig nie, maar ook het hy die landdroste gelas om die gedeelte van die trougelde wat aan die Kerk toegekom het, aan die Kerk uit te betaal.

In hierdie worsteling was groot beginsels op die spel. Wie kan sê wat die gevolg sou gewees het as toegelaat is dat die verskillende gemeentes onder die oppertoesig van die Regeering geplaas geword het. Ds. Van der Hoff het nie geskroom om vir die regte van die Kerk op te kom nie. Dit sou vir hom baie makliker en voordeliger gewees het as hy maar aan die Staatspresident toegegee het. Ook sou hom veel onaangenaamhede bespaar gebly het. Dit is te betreure dat die skewe voorstellings wat in daardie dae oor hierdie saak teen hom verbrei is, nou nog versprei word.

Ons eindig hierdie hoofstuk met 'n eresaluut aan die nagedagtenis van hierdie eerste predikant van Transvaal, wat op so'n kloeke wyse vir die regte van die Kerk opgekom het. Die saak was dus heeltemal anders as wat Rosa dit voorgestel het, en dit is jammer dat sy stuk nou nog weer as 'n historiese bron gepubliseer is.

## Hoofstuk V.

# AFSKEIDING EN ONRUS.

Dit het gelyk of daar met die jaar 1858 'n tydperk van rus op die staatkundige sowel as op die kerklike erf sou intree. Lydenburg het hom van die Republiek afgeskei en daarmee was die ongewenste invloede buite die grense verwyder, terwyl daar deur wetgewing op die binnelandse sake orde gestel is sodat die moontlikheid vir 'n gesonde ontwikkeling aanwesig was. Daar het egter plotseling uit 'n ander hoek nuwe moeilikheid gekom wat nuwe onrus op kerkelike sowel as op staatkundige terrein veroorsaak het en wat op 'n skeuring in die Kerk uitgeloop het deur die afskeiding en stigting van die (enkel) Gereformeerde Kerk onder leiding van ds. D. Postma.

Die grootste en vernaamste, ja mens kan sê, die enigste oorsaak was die Gesange wat in 1806 in Holland ingevoer is. By die afskeiding wat aldaar in 1834 plaasgevind het, is die sluimerende beswaar wat daar, veral in die onderste lae van die bevolking, teen die sing van die Gesange was, aangegryp om 'n afskeidingsbeweging te bevorder.

In Suid-Afrika is die Gesange eers in 1814 ingevoer. Deur die oorlog wat in 1806 tussen Engeland en Frankryk geheers het was daar geen skeepvaart tussen Holland en die buiteland nie en kon geen gesangeboeke na die Hervormde Gemeentes buite Holland soos na Londen, Amerika, Suid-Afrika en Indië verstuur word nie. In 1813 het die Londense Ned. Hervormde Gemeente die gesangeboek daar laat herdruk en daardeur is dit moontlik gemaak om dit in die gemeentes in genoemde lande in te voer, wat in 1814 in die Kaap ook geskied het.

In Suid-Afrika is in die eerste twintig jaar geen teenkanting teen die Gesange bekend nie. Eers na die

Afskeiding in Holland in 1834 word daar langsamerhand onder sekere mense allerhande besware gehoor: die Gesange is lank ná die Openbaring van Johannes opgestel; dit kom nie in die Bybel voor nie; dit is nie kanoniek nie; dit bevat 'n nuwe Evangelie. Hoe minder ontwikkeld hierdie mense was, hoe eienaardiger hulle besware ook was. Hulle het dikwels deur hulle denkbeelde 'n afsonderlike groep gevorm en die latere Transvaalse Jerusalemgangers het tot hulle behoort. Hulle was konserwatief en het aan die ou sedes en gewoontes vasgehou. Selde het hulle huishouding, hulle lewenswyse, hulle kleredrag of die keus van hulle boeke verander. Hulle was puriteinse types, vroom mense, stilles in die land. Spottend is hulle Doppers genoem.

In die Kaapkolonie is in gemeentes soos Colesberg die kerklike tug soms teen hulle „vooroordeel" teen die Gesange en hulle „styfhoofdigheid" toegepas, waardeur hulle teenstand groter geword het.

Onder die Voortrekkers was daar ook verskeie persone wat teen die Gesange was, maar niemand het hulle lastig geval nie. Die moeilikhede het eers gekom nadat daar gevestigde gemeentes met vaste predikante gekom het. In die Vrystaat was ds. Van Velden met sy ruwe geaardheid en growwe optrede meermale baie hard teen hierdie mense. In Bloemfontein het dit selfs tot 'n afskeiding gekom. Daar het Jacobus J. Venter gewoon, iemand wat op staatkundige gebied baie invloed gehad het en ook in die kerklike wereld gesien was. Hy was teen die prediking van ds. Murray gekant en het formeel afgeskei.

In Transvaal was dit anders. Hier was ook baie mense wat teen die Gesange was, maar ds. Van der Hoff was verdraagsaam teenoor hulle en het nooit met hulle gestry nie. In die eerste Algemene Kerkvergadering wat in 1853 gehou is, het diaken S. Kruger, van Rustenburg, voorgestel om die Gesange uit die kerkdiens te verwyder „indien zulks met rede en liefde geschieden kan"; maar die Vergadering wou dit nie doen nie, en diaken Kruger het sy voorstel so gewysig „dat het den leeraar zal vrij

staan Psalmen en Gezangen te laten zingen naar goedvinding, terwijl het aan de Gemeente volkomen vrij zal staan al of niet mede te zingen." Alger, behalwe ouderling Ph. Snyman, het die voorstel gesteun. Die volgende dag het 'n negentiental gemeentelede wat „gemoedsbezwaren" teen die Gesange gehad het, onder leiding van Paul Kruger—die latere Staatspresident—'n versoekskrif ingedien om dit af te skaf, maar die Vergadering het sy besluit van die vorige dag gehandhaaf. In Desember 1855 het ouderling Snyman die vierde Algemene Kerkvergadering skriftelik versoek „de Kerk te herstellen." Toe hom gevra is wat hy daarmee bedoel, was sy antwoord dat 'n middel beraam moes word om die Gesange uit die Kerk te verwyder en, as dit nie kon nie, toe te staan dat die mense wat teen die Gesange was, „zich losscheuren van de hier bestaande Kerk en een eigen Kerk op te richten, waarin hy wenscht dat de leeraar Van der Hoff de dienst waarnam, dus zonder 'n zingen van Gezangen!" Dus daar moes twee soorte van gemeentes wees, een met en een sonder Gesange, terwyl altwee soorte deur ds. Van der Hoff bedien moes word. Teen die prediking van ds. Van der Hoff het die mense geen besware gehad nie. [1]). Hierdie vierde Algemene Kerkvergadering het die saak breedvoerig bespreek en in 'n herderlike brief wat aan die gemeentes onder die naam „Eene stem uit Mooirivier" gerig is, die volgende oor die saak gesê:

> „En zullen wij nog spreken . . . over den twist of men al dan niet de Evangelische Gezangen in de Kerk mag gebruiken? Neen, wij zullen hierover niet spreken, want overtuigen kunnen wij die menschen toch niet, en wij hebben te veel liefde en achting voor sommigen, ja velen hunner, dan dat wij hun tot ergernis zouden willen verwekken. Wij weten zeer goed dat de braven en welgezinden

[1]) Die bewering van ds. J. V. Coetzee in „Die Gereformeerde Kerk van Potchefstroom 1863—1938" bls. 6 dat dit deur die Gesange „op 'n onstigtelike manier" toegegaan het onder die bediening van ds. Van der Hoff, is o n w a a r!

onder hen de pogingen verfoeyen, die men zegt dat door sommigen aangewend worden, om een scheuring in onze Kerk te maken, door een Predikant te ontbieden die geen gezangen zingt. Wij vrezen dus niets voor het ijdele pogen van sommige kwaadwilligen onder hen, en vermanen hen ernstig stille te zijn en in liefde en vrede met ons vereenigd te blijven."

Hieraan is verder die vermaning toegevoeg dat die mense nie moes dink dat die saligheid aan die sing van enkel Psalms verbonde is nie. „Bouwt uwe zaligheid op een andere grond ; bouwt haar op Gods genade in Jezus Christus onzen Heer."

In hierdie herderlike brief wat ook deur die reeds genoemde ouderling Ph. Snyman onderteken is, word nie in die minste gesinspeel op ontevredenheid oor die prediking van ds. Van der Hoff nie. Die enigste stem wat teen die herderlike brief uitgegaan het was die van iemand wat hom P.A.V. geteken het. Dit was twee verwarde stukkies waarin alleen die gedeeltes afgekeur word wat oor die Gesange handel. Teen die prediking van ds. Van der Hoff geen woord nie." [2]).

In Holland het by die Christelik Gereformeerde (Afgeskeie) Kerk stemme deurgedring van die mense in Suid-Afrika wat besware teen die Gesange gehad het, met die gevolg dat hulle in 1857 besluit het om 'n afgevaardigde na Transvaal te stuur om te sien of hier nie vir die genoemde kerk 'n arbeidsveld was nie, ook onder die heidene. Hierdie afgevaardigde, ds. D. Postma het in Julie 1858 in Kaapstad aangekom. Een van die koerante daar het geskryf „De Heer Postma moet zich nu

[2]) Eenig antwoord op zeker schrijven getiteld „De Stem van Mooirivier" door P. A. V. Dit is baie verward sodat mens dit eintlik nie verstaan nie. Die plek waar dit gedruk is word nie vermeld nie. Hierdie P.A.V. was heel waarskynlik—op goeie grond kan dit aangeneem word—P. A. Venter, een van die mense wat in 1853 by die Algemene Kerkvergadering teen die gebruik van die Gesange in die openbare erediens beswaar gemaak het. Hy het in die distrik Potchefstroom gewoon en het hom in 1859 by ds. Postma aangesluit.

maar by de Doppers bepalen; die kunnen toch voor de afgescheidenen van Zuid-Afrika gelden." [3]). In Rustenburg het van die mense wat besware teen die Gesange gehad het, verlof van die Hervormde kerkraad gekry om hom in Natal te gaan afhaal. In die Kaapkolonie en in Natal het hy by die waarneming van preekbeurte Gesange laat sing. Dit was vir hom nie 'n „kwessie" nie maar 'n „middelmatige" saak, d.w.s. iets waar oor mens kon verskil sonder om dit mekaar kwalik te neem. Maar toe hy in Transvaal kom het hy plotseling geen Gesange meer laat sing nie en hiervoor allerhande verontskuldigings aangevoer. Hy het hiermee die mense wat geen Gesange wou sing nie, na hom toe getrek en straks sou hy hulle as 'n aparte kerklike liggaam organiseer.

By sy koms in Transvaal het hy van die Gatsrand na Rustenburg gegaan en nie eers na Potchefstroom nie, omdat ds. Van der Hoff afwesig was vir 'n kerkviering in die teenswoordige Wakkerstroomse wêreld. In Rustenburg het hy op verskillende plekke gepreek, iets wat die Afskeiding begin voorberei het. Eind Desember sou daar nagmaal op Potchefstroom wees en op uitnodiging van ds. Van der Hoff is hy toe daarheen. Van hierdie kerkviering en wat daar voorgeval het is volgende verslag in die Staats Courant van 31 Desember 1858 bewaard gebly:

> Hoe lieflijk zijn op de bergen de voeten dergenen, die vrede verkondigen en ons het goede boodschappen.

> Deze waarheid hebben wij dezer dagen op ons fraai dorp, ofschoon niet op de bergen gelegen, maar in een liefelijk en vruchtbaar dal, treffend mogen ondervinden. Laatstleden Woensdag, den 22sten December, kwam alhier van Rustenburg aan de Eerw. Heer D. Postma. Eenige ingezetenen van het dorp, benevens den President en de leeraar van Mooirivier, waren zijn Eerw. tot aan de plaats van den Heer Jan Kock tegemoet gereden. Daar men

[3]) Nl. „Het Volksblad." Dit is aangehaal in „de Staats Courant," Potchefstroom, 20 Augustus 1858.

echter niet goed onderricht was langs welk pad de Eerw. Postma komen zou, zoo heeft daarbij een kleine teleurstelling plaats gevonden. De Heer Postma was langs een ander pad reeds in het dorp gekomen, en nu had de zonderlinge verwisseling plaats, dat namelijk zijn Eerw. de hem tegemoet geredene op zijn beurt kwam afhalen, daar de Heer Postma, na eenige weinige oogenblikken in het dorp vertoefd te hebben, weder uit reed, en de vrienden bij den Heer Kock kwam opzoeken! Na een hartelijke verwelkoming reed men nu gezamenlijk naar het dorp terug. Zijn Eerw. stapte bij onzen leeraar af, waar hij zijn intrek genomen heeft.—Van af dat oogenblik begon de levendigheid in het dorp toe te nemen. Reeds den anderen dag zag men van alle zijden de wagens het dorp binnen rijden.

De Kerkelijke Bijeenkomst in verband met de komst van den Heer Postma, tegelijk met het gewone Nachtmaalfeest, droeg er niet weinig toe bij om het getal der opgekomenen ter feestviering meer dan te verdubbelen. Vrijdagmorgen stond het groote Markt- en Kerkplein als bezaaid met wagens. Het was een fraai gezigt. Die levendigheid en drukte en dat gewoel, zonder rumoer, zonder wanorde, zonder ongeregeldheid! Daarbij de nieuwsgierigheid op veler gelaat, gepaard met eenige bezorgdheid, zoo tusschen hoop en vrees in, zigtbaar bij dezen en genen, die in kleinere of grootere groepen met elkander stonden te spreken. Met één woord, het was belangwekkend! En geen wonder! Een leeraar der afgescheidene Kerk uit Holland was op het dorp! Een leeraar die de gezangen niet zong! Hoe zal dat gaan, hoe zal dat afloopen! De bezorgdheid echter week spoedig voor goede hoop en goede verwachting, toen men de beide leeraars zoo vriendschappelijk en vertrouwelijk met elkander zag omgaan, na zulk eene korte kennismaking.

Vrijdagavond hield onze leeraar voorbereiding, na bijna den geheelen dag zich bezig gehouden te

hebben met het aannemen van ledematen. Zaturdag voormiddag deelde zijn Eerw. het Nachtmaal uit, en in den namiddag betrad de Eerw. Postma den Predikstoel. Zondagmorgen hield onze leeraar dankzegging. Zestig nieuw aangenomen ledematen werden der gemeente voorgesteld, en ongeveer vijftig kinderen gedoopt. Na den middag predikte de Heer Postma. Bij al die godsdienstoefeningen was het Kerkgebouw tot stikkens toe vol, kunnende er velen geen plaats krijgen. Over het indrukwekkende en plegtige der godsdienstige verrigtingen zullen wij hier niet uit weiden. Genoeg zij het te zeggen dat op het gelaat der toehoorders telkens de meeste voldoening te lezen stond.

Maar nu de Bijeenkomst op Maandag den 28sten. Boven verwachting, boven bidden en danken is dezelve afgeloopen. De Kerkeraad van Mooirivier met zijnen leeraar en nog verscheidene andere Kerkeraadsleden van de andere gemeenten stelden zich smorgens ten 8 ure als eene Kerkvergadering zamen in het Kerkgebouw. De Eerw. Postma zat naast onzen leeraar. Spoedig was de Kerk vol met belangstellenden. Nadat de vergadering door onzen leeraar met een plegtig gebed geopend was, sprak zijn Eerw. de vergaderde menigte toe en maakte haar bekend met het doel waartoe hij die bijeenkomst had opgeroepen; vervolgens rigtte onze leeraar het woord tot den Heer Postma, zijn Eerw. verzoekende, het doel zijner komst aan de gemeente bekend te maken, waaraan de Heer Postma terstond voldeed. Na dit met juistheid en duidelijkheid gedaan te hebben, vroeg deze en gene der Kerkeraadsleden inlichting op een en ander, hetwelk de Heer Postma op minzame wijze gaf. Het punt der gezangen werd besproken. Tot verdediging der gezangen liet de oude Heer Wolmarans, de geachte oud-ouderling dezer gemeente, zich krachtig, ernstig en gemoedelijk hooren. Wij zeggen verdediging. Dit was echter niet tegen den

Heer Postma, die zeer mildelijk daaromtrent zijn gevoelen geopenbaard had; maar meer tegen diegenen in het algemeen, die de gezangen hier verwerpen. Na veel hieromtrent over en weder gesproken te hebben, waarbij ook uit de vergaderde menigte sommigen het woord voerden, stond onze leeraar op en stelde voor eenige wegen ter bewandeling in deze, ten einde het gevoelen der vergadering en der gemeente te hooren. Zijn Eerw. stelde vier wegen voor. In de eerste plaats, of allen er toe genegen zouden zijn, om de gezangen uit de Kerk te verwijderen; of omgekeerd, dat allen de gezangen zouden erkennen en aannemen in de Kerk. En zoo die wegen niet konden bewandeld worden; dan of den leeraren de vrijheid te laten om bij de openbare godsdienst al of niet gezangen op te geven, of de leeraren daartoe te verplichten. Het algemeen gevoelen was, dat de twee eerste wegen niet konden bewandeld worden; alleenlijk de Heer Stephanus Kruger, oud diaken van Rustenburg, verlangde dat men de gezangen uit de Kerk verwijderen zou. Van dit gevoelen nam men eenvoudig notitie, terwijl de gansche vergadering zich daar t e g e n verklaarde. Eindelijk kwam men tot de bepaling om de twee laatste wegen ter beslissing aan de algemeene Kerkvergadering te Pretoria voorteleggen. Van de 18 Kerkeraadsleden waren twee, de Heeren St. Kruger voornoemd en de Heer D. Kruger, diaken, hiertegen. Nu sprak onze leeraar nog een kort woord tot aanwijzing van het gebruik der gezangen in de Kerk en toonde duidelijk aan, dat zulks niet strijdig was met Gods Woord, maar integendeel daarmede overeenkomstig; en niet met de besluiten der Dordtsche Synode, maar integendeel, ofschoon die Synode in der tijd de gezangen belet had, het invoeren daarvan toch niet tegen hunnen geest was; enz. enz. De Heer Postma nam hierin genoegen, en zoo eindigde deze bijeenkomst in den besten geest. Er was orde zonder dwang; vrijheid zonder stoornis of beleediging.

Op 1 en 2 Januarie 1859 het ds. Van der Hoff en ds. Postma saam die nagmaalsdienste op Rustenburg waargeneem. Op Maandag, 3 Januarie, was daar 'n sortgelijke samekoms as op Potchefstroom. Daar veral het die mense gewoon wat teen die Gesange was en die samekoms het dan ook nie so bevredigend afgeloop as op Potchefstroom nie.

Op 9 Januarie het ds. Van der Hoff en ds. Postma weer op Pretoria die nagmaalsdienste saam waargeneem, en op Maandag 10 Januarie, is die tiende Algemene Kerkvergadering aldaar geopen. Ds. Van der Hoff moes as voorsitter ds. Postma ondersoek. Volgens laasgenoemde se getuienis, elf jaar later, het hy dit „op waardige wijze" gedoen [4]). Hy het ds. Postma twee vrae gestel: of hy in gemoede met die kerkleer instem, en hoe hy oor die Gesange dink. Oor die eerste vraag was daar geen verskil nie, maar die Gesange het moeilikheid gegee, en die hele dag is daaroor gediskuseer. Ds. Van der Hoff wou dit aan die predikante vrylaat om Gesange te laat sing en aan die gemeentelede vryheid gee om al of nie saam te sing nie. Die Vergadering het egter besluit om die Gesange by die openbare erediens te erken en te gebruik. Die rede waarom die Vergadering nie die raad van ds. Van der Hoff wou aanneem nie, namelik om die al of nie sing van Gesange vry te laat soos reeds vroeër besluit was en soos in die praktyk [5]) die geval was blyk uit die volgende „opheldering" van ds. Van der Hoff [6]):

> „daar de Heer Postma in private gesprekken gedurig verzekerd heeft, dat hij voor zijn geweten er bezwaar in zou vinden om een gezang te laten zin-

[4]) D. Postma: Geprovoceerde Herinneringen (1870) bls. 9.

[5]) So het die heer Ph. J. W. Schutte ouderling van ds. Van der Hoff in Potchefstroom altyd as in die kerk 'n Gesang opgegee word, sy boek toegemaak en nie saam gesing nie, sonder dat dit die minste ergernis gegee het.

[6]) In De Staats Courant 18 Feb. 1859. Ds. Van der Hoff het in hierdie nommer en in die van 25 Feb. twee belangrike stukke geskryf wat in De Hervormer van 15 Julie en 15 Augustus 1924 herdruk is.

gen, indien er slechts een in de kerk was, die geen gezangen zong, dan wordt die raadgeving onaannemelijk. Wanneer dus die vrijheid aan de leeraars zou gegeven worden, en elke leeraar had een geweten als dat van den Eerw. Postma, dan zou men hier in de kerken der Republiek geen Evangelische gezangen meer hooren; want ofschoon ze wel niet talrijk zijn, die de gezangen verwerpen, zoo is er toch altijd ligt een van die soort menschen. En om dien eene geen aanstoot te geven, zou de leeraar geen gezangen mogen opgeven?"

Die gevolg was dat vyftien mense hulle nog dieselfde dag afgeskei het, spoedig gevolg deur meer, en 'n Vrye Gereformeerde Kerk met ds. Postma as predikant gestig het. Die grief van hierdie mense was die Gesange. Met die houding en beleid van die Hervormde Kerk teenoor die Kaapse Synode het hulle volkome akkoord gegaan: ook hulle wou onder geen omstandighede onder genoemde Synode staan nie. Die afskeiding het dan ook sonder bitterheid plaasgevind. Ds. Van der Hoff en ds. Postma het in die Vergadering by die vertrek van laasgenoemde mekaar die regterhand gegee, „de broederhand der gemeenschap, als overeenstemmende in hetzelfde geloof, gemeenschappelijk beleden, en gaf men wederkeerig de verzekering dat het verschil van gevoelen, omtrent het punt der Evangelische Gezangen, geen hinderpaal zou zijn om elkander als broeders in de bediening te erkennen." Ds. Van der Hoff en ds. Postma het hulle altwee aan hierdie versekering gehou, en was altyd hoflik en broederlik teenoor mekaar, en tussen die Hervormde Kerk en die Gereformeerde Kerk was daar nooit 'n gevoel van vyandschap nie.

Ds. Van der Hoff en ds. Postma is van Pretoria altwee na Rustenburg waar die brandpunt van die moeilikheid gelê het. Die doel van ds. Postma was om die afscheiding daar te gaan organiseer en dan verder te gaan. Die doel van ds. Van der Hoff was om alles te doen wat hy kon om te verhinder dat die afskeiding groot afmetings sou aanneem. Hy het egter geen skerp hou-

ding aangeneem nie en die oorgroot meerderheid van die Rustenburgers het aan die Hervormde kerk getrou gebly. Die houding van die twee predikante teenoor mekaar was vriendskaplik en ds. Van der Hoff het aan ds. Postma gevra om hom met die preekbeurte voorlopig te help, wat laasgenoemde ook gedoen het. Ds. Van der Hoff het selfs aan ds. Postma toegestaan om die Hervormde kerk op Rustenburg vir 'n samekoms met sy mense op 10 Februarie te gebruik, maar die Rustenburgse kerkraad wou dit nie gehad het nie. Op daardie dag is die afgeskeie gemeente op Rustenburg gestig. Die feit dat ds. Van der Hoff met die Rustenburgse kerkraad ook op die dorp was en hulle invloed laat geld het, het ongetwyfeld daartoe bygedra om die afskeiding te beperk: slegs een vierde deel van die gemeente het hulle om ds. Postma geskaar.

Ds. Van der Hoff is toe terug na Potchefstroom en het in die Staats Courant van 18 en 25 Februarie twee lang stukke geplaas om die mense voor te lig. Hy was gewillig om die Potchefstroomse kerkgebou vir ds. Postma af te staan om vir sy mense daarin diens te hou, maar ouderling F. G. Wolmarans wou daar niks van hoor nie. Sy standpunt was dat ds. Postma die kerk kon kry as hy vir die hele gemeente wou preek, en dus ook Gesange wou laat sing, maar nie vir 'n paar lede wat ontevrede was oor die Gesange nie, en daar is 'n dusdanige bekendmaking in die Staats Courant van 25 Maart geplaas.

Soos reeds gesê was dit slegs 'n klein groepie lidmate—die geringe getal van vyf-en-dertig—wat hulle van die Potchefstroomse gemeente afgeskei het. Hulle is eers in 1863 tot 'n afsonderlike gemeente georganiseer en in 1877 eers 'n eie predikant gekry. In 1888 het hierdie gemeente nog slegs 281 lidmate getel.

Die verhouding tussen die Hervormdes en die Gereformeerdes was oor die algemeen goed. Tydens die burgeroorlog van 1862—1863 was daar haakplekke en die ywer wat die Gereformeerdes juis in hierdie veel bewoë tyd aan die dag gelê het om die Hervormde Kerk as Staatskerk af te skaf, het gemaak dat baie mense soos

b.v. kommandant Jan Viljoen van Marico in hierdie oorlog 'n kerklike kant gesien het. In hierdie woelige dae, toe Potchefstroom die brandpunt van die onluste was, het landdros J. C. Steyn selfs gedreig om die huis van 'n sekere weduwee Lombaard op die dorp af te brand as 'n kerkviering wat ds. Postma bepaal het, sou deurgaan. Maar hierdie dreiement was midde in die tyd van die heftigste burgertwis, en die landdros het gemeen dat die twiste deur die kerkviering nog sou vererger word. En wat sy dreiement om die huis te verbrand aanbetref, dit moet in geen geval geneem word as 'n uiting van die publieke gevoelens van daardie dae nie.[7]) Steyn was baie ongebalanseerd en het dikwels „geblaf sonder te byt." Daar was natuurlik die gewone alledaagse humor soos in 1869 toe die vierde Synode van die Gereformeerde Kerk op Potchefstroom saam gekom het, en die kinders by die aankoms van die afgevaardigde geskreeu het: „Die Doppers neem die dorp in!" [8]). Die ouderlinge verhouding was goed, en ds. Van der Hoff was selfs een van die mense wat in 1864 'n memorie onderteken het om die ou markplein aan die Geref. Gemeente as kerkplein te skenk. Dit was met steun van baie troue Hervormde lidmate waarvan die afstammelinge vandag nog waardige lede van die Kerk is, wat genoemde plein die eiendom van die Gereformeerde Gemeente geword het. [9]).

[7]) Die wyse waarop ds. J. V. Coetzee in sy „Die Geref. Kerk van Potchefstroom 1864—1938" op bls. 9 hierdie voorval beskryf, en sy uitdrukking „Steyn het soos 'n tweede Paulus moord en brand gedreig" skep heeltemal 'n verkeerde indruk.

[8]) Dr. J. D. du Toit in: De Gesch. der Chr. Kerk" (1911) bls. 348.

[9]) Dit is jammer dat op bls. 11 van genoemde publikasie van ds. Coetzee die foutiewe indruk geskep word dat die Regering die teenswoordige Markplein regoor die Hervormde Kerkplein aan die Geref. Gemeente wou gee, maar dat ander persone gekeer het omdat hulle die Geref. kerkgebou nie regoor die Hervormde kerkgebou wou gehad het nie. Die situasie was as volg: die teenswoordige Hervormde Kerkplein en Markplein was een plein, gebruik deur die Hervormde Gemeente, die feitlike eienaar, en die Regering sou dit nooit in sy hoof gehaal het om 'n stuk van die Hervormde Kerkplein vir die Geref. Gemeente te gee nie, want die Hervormde Gemeente het die hele plein gebruik en daar kon tog moeilik 'n kerk en 'n pastorie van die Geref. Gemeente op gebou word!

## Hoofstuk VI.

# DIE GEMEENTE TOT AAN DIE TWEEDE AFSKEIDING.

Die afskeiding onder ds. Postma het die Potchefstroomse gemeente nie ernstig benadeel nie. Soos reeds opgemerk, was dit slegs vyf-en-dertig lede wat hulle van die Hervormde gemeente afgeskei het, en dit het die rustige bearbeiding nie gestoor nie. Ds. Van der Hoff het die vertroue van die oorgroot meerderheid behou. Sy invloed was in die hele land baie groot en hierdeur kon hy veel tot stand bring. Dit was nie alleen in verband met die organisasie van die Kerk dat hy 'n reusewerk gedoen het nie, maar ook het hy nog met ander sake gehelp waar hy kon. Met name noem ons hier die totstandkoming van die Grondwet, die Huwelikswet, die Onderwyswet en nog ander wette. [1]).

Een van die groot verdienstes van ds. Van der Hoff was sy ywer in verband met die onderwys. Dit is verstaanbaar dat daar tydens die Trek-periode nie sprake kon wees van gereelde skool-onderwys nie. Die ouers het meestal self hulle kinders geleer en die boeke waaruit hulle dit gedoen het was die Trap der Jeugd en die Bybel. Op 1 Augustus 1853 het ds. Van der Hoff aan professor Lauts o.a. geskryf:

> De onkunde onder het opkomend geslacht, dat is te zeggen tot den ouderdom van 40 jaar toe, is verregaande; natuurlijk met uitzonderingen. De oudere van dagen die in de Kolonie nog godsd. opvoeding genoten hebben, zijn nog eenigszins ervaren.

---

[1]) Dr. A. Wypkema: De invloed van Nederland op ontstaan en ontwikkeling van de Staatsinstellingen der Z. A. Republiek tot 1881, (J. H. de Bussy, Pretoria 1839) bls. 360—361, 432, 476—479.

Hy het ook gekla dat die meestes slegs met moeite gelees het. Na 'n sombere afskildering van die toestand het hy daaraan toegevoeg :

> vrees echter niet dat ik wanhoop om eenig licht in dien chaos te brengen. Neen, gansch niet, God zal mij helpen; want zij hebben eerbied voor Gods woord, door de verklaring van dat woord zal Christus over hen lichten.

Ds. Van der Hoff het in die begin die toestand nie goed begryp nie, en het b.v. met een van die eerste aannemings sowat negentig katkisante afgewys. Later, toe hy „wyzer" geword het, soos hy dit uitgedruk het, het hyself hieroor geglimlag. Hy het dan ook met krag probeer om op onderwysgebied verbetering te bring. Op Potchefstroom was daar wel van Julie 1852 'n skool met H. van der Linden as meester, een van die drie wat in 1851 uit Holland na Transvaal gestuur is. Deur die optrede van ds. Van der Hoff is hierdie skool op 'n beter voet geplaas en is aan die meester 'n beter salaris toegeken. Ongelukkig was Van der Linde wat mens sou noem „te groot vir sy skoene." Sy kollega en mede reisgenoot J. W. Spruyt het op 30 April 1851 toe hulle nog oppad na Transvaal was, in 'n brief aan professor Lauts gekla: „v. d. Linde heeft veel praats." In Transvaal is hy met 'n suster van die vrou van Bührmann getroud waardeur hy onder laasgenoemde se verkeerde invloed geraak het, en 'n verwaande en uitdagende houding teen ds. Van der Hoff en die Potchefstroomse kerkraad aangeneem het; ja, hy het selfs geweier om die kerkraad as sodanig te erken. Dit het die sluiting van die skool tengevolge gehad, en Van der Linde het Transvaal verlaat en het in Natal 'n werkkring as onderwyser gesoek.

Toe die Grondwet van die land op 5 Januarie 1857 finaal op Potchefstroom deur volksverteenwoordigers bekragtig is, is ook 'n landsvlag aangeneem, die bekende Vierkleur waarvan ds. Van der Hoff die ontwerper was. M. W. Pretorius is toe deur die volksverteenwoordigers as Staatspresident gekies en 'n Uitvoerende Raad is

saamgestel wat uit H. S. Lombard en M. Goetz bestaan het, met Steph. Schoeman as Kommandant-generaal. Die beëediging van die Staatspresident en die Uitvoerende Raad het die volgende dag op plegtige wyse geskied en die volgende verslag wat op dieselfde tyd vir die Kaapstadse koerant „Die Zuid Afrikaan" gemaak is, gee 'n indruk van dit alles:

Potchefstroom, 6 January 1857.

Het was heden alhier een plegtige dag. De heer Marthinus Wessel Pretorius, tot President der Republiek gekozen, heeft den ambtseed in handen van den Edelen Volksraad afgelegd; de nieuw gekozene vlag, werd ingewijd, terwijl die nieuwe Constitutie daags te voren geteekend was.

Het is hier eene geheele omkeer van zaken en dat alles zoo rustig zoo vreedzaam en stil, dat het wezenlijk bewonderenswaardig is en wel verdient in zijne bijzonderheden bekend te worden. Ten gevolge van de woeling en gisting der gemoederen, ontstaan door de zoogenoemde kerkelijke' bezoekreis van de predikanten Neethling en Louw in deze gewesten, was de heer Pretorius genoodzaakt het land door te reizen en overal bijeenkomsten te houden, ten einde de gemoederen te bedaren. Hij deed dit met den heer Dreyer, Adjudant Commandant-Generaal.

Overal verklaarde men zich ten stelligst tegen elke onbehoorlijke inmenging van de zijde der Kaapsche Synode in onze kerkelijke aangelegenheden en werd de wensch uitgedrukt een billijke wet te formeren, waarin bepaaldelijk de onafhankelijkheid der kerk gewaarborgd werd.

Het gevolg daarvan was, dat uit elk veldkornetschap een man werd afgevaardigd als lid van een committee, welks bepaalde werkzaamheden hierin bestaan zou, om een nieuwe Constitutie in dien geest te formeeren en de noodige ambtenaren aan te stellen. Dit committee is hier den 16 December jl. vergaderd en heeft zijne werkzaamheden gisteren

geëindigd. De hoofdtrekken der nieuwe Constitutie zijn dezelfde, als die nu ruim een jaar geleden onder de leiding van den heer Stuart vervaardigd werden. Als namelijk, de onafhankelijkheid der kerk, een president als hoofd van het uitvoerend bewind, met drie leden, een staatsraad uitmakende; een volksraad; als hoogste wetgevende magt, eenmaal in het jaar vergaderende, een vaste Kommandant-Generaal, die echter bij eenen algemeenen oorlog onder de onmiddellijke bevelen van den President staat.

De handel in kruit, enz., in handen van den President, ten voordeele van den Staat; een matige belasting op de eigendommen, namelijk slechts de geringe som van 5 tot 20 Rds. per jaar op elke plaats, en om de land-speculaties een weinig tegen te gaan, zullen landeigenaars, die buiten de Republiek wonen en hier onbebouwde plaatsen bezitten het dubbele dier belasting moeten voldoen. Het eenige onderscheid dat er in deze constitutie is, bestaat voornamelijk hierin, dat de onuitgegevene of opene gronden even als vroeger voor het publiek verkrijgbaar zijn tegen aanteekening- en inspectiekosten, en dat de President, in plaats van voor drie jaren gekozen te zijn, deze aanstelling nu onbepaald is geschied, verder dat het inspecteeren van plaatsen op de oude manier zal blijven, namelijk door de veldkornets met een paar beëedigde personen een half uur te paard de gronden aftredende, met die wijziging echter dat het een ieder, die eigendommen bezit, of nieuwe gronden verkrijgt, zal vrijstaan zich van een landmeter te bedienen; overigens is het beginsel der zuivere volksvrijheid en volkssouvereiniteit ten volle bewaard gebleven, als namelijk, vrije verkiezingen, het vrij houden van bijeenkomsten om over staatszaken te spreken, zonder dat men verpligt is om daarvan kennis te geven aan de overheid, terwijl elke wet, die voortaan door den President der wetgevende magt zal voorgesteld

worden, eerst drie maanden te voren aan het publiek zal bekend gemaakt worden, om daarover deszelfs gevoelen schriftelijk te kunnen inbrengen, als zulk een wet in beraadslaging komt, enz., enz. Met een woord, het is in vergelijking ten minste met de verwarde constitutie van onze naburen in den Vrijstaat, een vrij goed samenhangend geheel. Eersdaags zal ze in druk verschijnen en dan zult gezelf kunnen oordeelen; wij zullen dus verder over hare goede hoedanigheden zwijgen.

Wij willen u liever nog mededeelen hoe de plegtigheid van den 6den January (die nooit uit het geheugen en de dankbare gedachtenis der Transvalers worde uitgewischt) begonnen en geëindigd is. Nadat het committee bovengenoemd, uit 24 afgevaardigden bestaande, op den 5den January zijne werkzaamheden geëindigd en de nieuwe geformeerde wet geteekend had, werd dezelve gesteld in handen van den Volksraad, die tot dat einde reeds eenige dagen te voren was bijeengekomen. Dit was niet de oude Volksraad, maar een geheel nieuwe, door het committee zelf gekozen en opgeroepen, volgens haren last door het Publiek bij de algemeene bijeenkomsten aan de leden van het committee opgelegd. Aan dien Volksraad werd geen andere magt gegeven dan om de nieuw benoemde ambtenaren den eed aftenemen en voorts een nieuwe electie voor eenen nieuwen Volksraad te openen, volgens de bepaling en voorschriften der nieuwe constitutie.

Op den 5den January werd door het committee, met 21 van de 24 stemmen benoemd tot President der Republiek, de Commandant-Generaal M. W. Pretorius, tot leden van den Staatsraad, de heeren H. S. Lombard (oud-landdrost en oud-commandant van wijlen den ouden Generaal Andries Pretorius), M. Goetz en J. H. Visage; deze laatste als Secretaris van Staat; verder tot Commandant-Generaal de heer St. Schoeman, en tot Landdrost van Mooirivier de heer D. Botha. Dienzelfden dag nog werden genoemde heeren (behalve de heer St. Schoe-

man die in Zoutpansberg is) aangeschreven om den volgenden dag, des morgens om 9 ure hunnen ambtseed te komen afleggen, terwijl onze leeraar de Eerw. heer D. van der Hoff mede schriftelijk uitgenoodigd werd deze plegtigheid bijtewonen en te regelen. Op den bepaalden tijd was de Volksraad vergaderd: vier zijner leden met den Secretaris werden afgevaardigd om volgens de bepalingen der nieuwe constitutie, den President ten zijnen huize te gaan afhalen. Dit geschiedde te paard. Omstreeks half tien ure keerden zij met den President in hun midden terug. De gansche mannelijke bevolking van het dorp, en nog een groot aantal buitenlieden was in de wapens. Deze stonden over het groote marktplein, bij de kerk, in twee gelederen geschaard, en tusschen dezelve reed de stoet in plegtige stilte naar het lands-kantoor, alwaar zij door den President van den Volksraad op de stoep ontvangen werden en vervolgens het kantoor ingeleid. De andere benoemde leden van den Staatsraad waren reeds aanwezig, alsmede ook de leeraar. Voor dat nu de eed werd afgenomen deed Zijn Eerwaarde een plegtige aanspraak aan het vergaderde volk en vervolgens aan den nieuw gekozen President, en zijne raden. Na die aanspraak geschiedde de beeediging. Het eerste deed de President zijn eed. Op een gegeven teeken door een der aanwezige commandanten werd op eens de plegtige stilte die tot nu toe geheerscht had, afgebroken door een kletterend geweer-vuur en gebulder van het kanon; de vlag werd geheschen en een vrolijk gejuich van duizende stemmen klonk ten hemel. Op nieuw werd een teeken gegeven en alles was stil als te voren. Toen nam men den eed af van de andere gekozene leden, en nu ging het in statige optogt naar de kerk. De Leeraar in ambtsgewaad, met eenige zijner Kerkraadsleden vooruit, daar achter de President met zijne Staatsraden, vervolgens de Volksraad, en daar achter een gansche trein van mannen en vrouwen

en kinderen in grooten getalle. In het midden van het Marktplein stond de vlag. In plegtige stilte ging de stoet die vlag voorbij, met de hoed in de hand. In de kerk gekomen deed de leeraar een gepast gebed, hield nogmaals eene aanspraak en eindigde met staande te laten zingen, het laatste vers van Psalm 134.

Buiten de kerk gekomen, hield de President hartelijke toespraken tot zijn voormalige krijgs-officieren en tot het gansche publiek. Nu volgden met tranen in de oogen hartelijke handdrukken en zegenwenschen aan den President waaraan schier geen einde komen kon. Eindelijk gaat men weder in dezelfde volgorde naar het kantoor terug. Op nieuw worden de geweren afgeschoten en buldert het kanon. Bij de vlag gekomen houdt men stil. Met ongedekten hoofde scharen zich alle aanwezigen onder dezelve, en de leeraar wordt uitgenoodigd nog een toespraak bij de vlag te houden; hetgeen door Zijn Eerwaarde gedaan werd, en eindigde met de volgende dichterlijke ontboezeming:

Vivat de vlag! vivat de vlag! door vrijheid hier geplant!
Waai rond door Zuidlijk Afrika, van Oost- tot Wester Strand.
Blijf onbezoedeld, schoon en rein, en wapper ook op zee;
Vertoon u aan der volken oog, tot aan de verste ree.
God zij met u—God zij met u, gij maagdelijke vlag
En met het volk dat u verkoos, tot aan den jongsten dag!

Een driemaal herhaald hoera volgde op deze ontboezeming.

Hierop vroeg een der commandanten uit naam van den President aan het vergaderde volk, of zij nu ook genegen waren om die vlag te beschermen,

waarop van alle kanten met een toestemmend ja, ja, geantwoord werd en de geweren op nieuw losbrandden. Na een driemaal herhaald hoera voor de vlag en onder het onophoudelijk schieten, werd de stoet tot aan het kantoor voortgeleid en nam de plegtigheid van den dag een einde, nadat de oude heer Grimbeek nog door den President benoemd werd tot vlag-kommandant.

In die Grondwet is vasgestel dat die Ned. Hervormde Kerk die Staatskerk sou wees. Die predikante van hierdie Kerk was dan ook aangewese om met die opening van die Volksraad die gebed te doen. Ds. Van der Hoff moes meermale hiervoor van Potchefstroom na Pretoria gaan as die Raad daar gesit het. Van 1861, toe Pretoria 'n eie predikant gekry het, ds. A. J. Begemann, is dit deur laasgenoemde gedoen. Dit was enkel en alleen Hervormde predikante wat die gebed by die opening mog doen, soos in die Reglement van Orde deur die Volksraad bepaal was, en eers na 1886 toe die Grondwet sodanig gewysig is dat daar geen Staatskerk sou wees nie, het predikante van ander Hollandse Kerke ook in aanmerking gekom.

Van die twintig Algemene Kerkvergaderings wat tydens die amptsbediening van ds. Van der Hoff gehou is, het hy van dertien as praeses (=voorsitter) geageer, en van tien moes hy tegelyk ook die skribaat waarneem. Die sittings van sewe hiervan het op Potchefstroom plaas gevind.

Na die vertrek van Van der Linden het ds. Van der Hoff 'n ander onderwyser gesoek, en hy het probeer om iemand uit Holland te kry. In 1857 het daar 'n bekwame Hollander opgedaag, A. F. Schubart, kandidaat in die natuurkunde en wysbegeerte aan die Universiteit van Utrecht. Hy het egter nie onderwyser geword nie maar klerk by die Uitvoerende Raad, en die klag van president Pretorius by die kerkraad dat „die jeugd hier verslons worde en de ongeleerdheid van dag tot dag toeneme" is

deur die gebrek aan 'n onderwyser nie weggeneem nie [2]).

In Junie 1857 het 'n nuwe onderwyser op Potchefstroom aangekom. Dit was A. Scheurkogel [3]). Op versoek van president Pretorius het ds. Van der Hoff en die kerkraad sy papiere na gesien. Dit was in orde en hy het begin skoolhou. Op 12 November van dieselfde jaar het landdros Grimbeek 'n klag by die Uitvoerende Raad teen Scheurkogel ingedien. Hy sou namelik 'n dogtertjie van die staatsprokureur J. H. Visagie op 'n ergerlike manier geslaan het. Dit moes wel erg gewees het as mens onthou dat in daardie dae van 'n onderwyser verwag is om die kinders goed onder die kweperlat te laat deurloop [4]). Scheurkogel het 'n brief van verschoning aan die Uitvoerende Raad geskryf en gesê dat hy per ongeluk die dogtertjie van die Staatsprokureur so hard geslaan het. Dit was nooit sy gewoonte „om de kinderen met slaan te tuchtigen; maar ze steeds met zachtheid tot hunnen pligt te brengen." Die rede waarom hy nou begin slaan het was „op hooger gezag namelijk op aansporing van den Hoog Edelen Heer President daar zijn Hoog Edele bevel gegeven had, door middel van slaan het onderwijs in te dringen," ja die President

---

[2]) Hierdie klag word namens die President in 'n brief aan die kerkraad op 18 Junie 1857 uitgespreek, R. 1601/57. Prof. J. C. Coetzee sê op bls. 133 van die boek „Potchefstroom" (1938) dat hierdie brief nie afgelewer is nie. Dit is heeltemal onjuis, die brief is wel deeglik by die kerkraad afgelewer, en wat prof. Coetzee vir die oorspronklike brief aangezien het, is slegs die ongetekende kopie wat in die argief berus. Die Uitvoerende Raad het kopieë van sy uitgaande briewe gehou.

[3]) Hy is nie dieselfde A. Scheurkogel nie wat in 1787 gebore is en wat in Batavia godsdiensonderwyser was en te vergeefs probeer het om in Holland en in 1852 in Lydenburg predikant te word. Sien oor laasgenoemde die Handelingen van de Alg. Chr. Synode der Hervormde Kerk, Nederland, 1850, bls. 326—329. Prof. J. C. Coetzee vereenselwig hierdie twee Scheurkogels op bls. 134 van sy genoemde publikasie met mekaar. Die godsdiens-onderwyser uit Batavia was hoogstens die vader van die Potchefstroomse onderwyser.

[4]) Vgl. C. N. J. du Plessis: *Uit de Geschiedenis v. d. Zuid-Afr. Republiek en van de Afrikaners* (1898) bls. 317—318.

het selfs in teenwoordigheid van getuies gedreig om self te kom slaan „indien de schooltucht niet met slaan gehandhaafd werd." Scheurkogel het in dieselfde brief verklaar dat hy ten gunste daarvan was om nie te slaan nie, want dan loop die onderwyser nie gevaar „wanneer hij toornig wordt zich te misgaan." Dit het niks gehelp nie, want hy is tog afgedank en die skool het weer verdwyn.

Van der Linden kon dit ondertussen in Natal ook nie goed bolwerk nie en in 1859 is hy maar weer na Potchefstroom en het na sy harde les weer ewe gedwee by ds. Van der Hoff en die Kerkraad aangeklop. Hulle het hom weer aangeneem en hy is nie alleen as onderwyser aangestel nie, maar die kerkraad het die kerkgebou afgestaan sodat hy daar in kon skoolhou, en hom ook aangestel as voorleser en voorsinger by die godsdiensoefeninge. Hy het hom nou op sy plek gehou en goeie werk gedoen totdat hy hom in 1864 laat verlei het om 'n aanstelling as Goewernements-sekretaris en in 1866 die van Tesourier-generaal aan te neem, 'n taak waar hy glad nie bekwaam genoeg voor was nie, en wat hom in groot moeilikhede laat beland het.

Deur die onvermoeide ywer van ds. Van der Hoff kon die skool op 22 Augustus 1864 weer begin met onderwyser J. A. Grimm wat bereidwillig bevind was om vir hierdie doel na Transvaal te kom. Hy was 'n goeie onderwyser en het goeie werk gedoen.

Die gemeente het so gegroei dat die kerkgebou langsamerhand te klein geword het vir die mense wat hulle kerklike voorregte op die dorp gebruik het. Hierby moet in aanmerking geneem word dat daar in die gemeente verskillende plekke was waar ds. van der Hoff van tyd tot tyd kerk gehou het en ook die sakramente bedien het. Die mense wat met nagmaal na die dorp gegaan het, het algar min of meer in 'n omtrek van dertig of veertig myl van die dorp af gewoon. Daar was kerkplekke langs Vaalrivier waar nou Makwassie, Wolmaransstad en Bloemhof lê; in Marico; agter Losberg; aan Suikerboschrand; op die Drakensberge waar

teenswoordig Volksrust en Wakkerstroom lê. Oral in daardie dele was wykskerkraadslede maar deur die groot afstande het baie van hulle nooit 'n kerkraadsvergadering op die dorp bygewoon nie. In daardie dae toe die Hervormde Kerk die Staatskerk was, was dit 'n vasstaande reël dat die stigting van 'n nuwe Gemeente eers op die stigting van 'n nuwe distrik gevolg het. Die distriksgrense was ook die gemeentelike grense, sodat die ou mense dan ook geen lynkwessies tussen die verskillende Gemeentes geken het nie. Van die Potchefstroomse Gemeente is alleen dan stukke afgesny as daar 'n nuwe distrik gevorm is, soos in 1857 toe die wyk van Suikerboschrand wat oostelik van Kliprivier gelê het, deur die Volksraad by die distrik Pretoria gevoeg is, in 1861 toe Wakkerstroom afgestig is nadat daar 'n nuwe distrik gevorm is, en dieselfde wat betref Bloemhof in 1869 en Marico in 1871.

Die kerkraad het in April 1859 besluit om op Potchefstroom 'n nuwe kerk te bou, en 'n boukommissie benoem wat uit ouderling F. G. Wolmarans jr., diakens B. Uys en P. Pienaar en gemeentelede J. C. Steyn, J. P. Furstenberg, B. Liebenberg en H. S. Lombard jr. bestaan het. Hierdie kommissie is op 18 April onder leiding van ds. Van der Hoff gekonstitueer met J. P. Furstenberg as voorsitter en H. S. Lombard jr. as penningmeester. Op hierdie vergadering is o.a. die volgende besluit:

1. Alle leden verbinden zich om met de meest mogelijke vlijt werkzaam te zijn tot het inzamelen der noodige fondsen, en zullen zich ook tot dat einde vervoegen bij de autoriteiten van dit land.
2. De plaats waar de kerk zal gebouwd worden, is het middelpunt van het kerkplein [5]).
3. De vorm van de kerk zal zijn, zooals de kerk die thans hier bestaat, met die uitzondering dat aan het achter gedeelte van het gebouw de konsistoriekamer zal gebouwd worden.

[5]) Die teenswoordige markplein het in daardie dae deel van die kerkplein uitgemaak, sodat die plek waar die kerk nou staan, toe die middelpunt van die plein was.

4. De grootte van de kerk zal zijn negentig bij dertig voet buitenwerk ; de muur achttien voet hoog onder de balk, en twee voet dik of daaromtrend ; de ramen zullen zijn boogs gewijzen, vier voet bij zeven, behalve de boog.
5. Het fondament zal zijn drie voet breed en twee voet hoog van klippen ; de muren zullen zijn van gebakken steenen. Er zullen aangekocht worden 45 balken, ieder 30 voet lang, van geelhout, vier bij negen duim, en even zooveel kappen in evenredigheid ; ook zullen er aangekocht worden 150 geelhoute planken, de helft een duim dik en de overigen vijf kwart duim dik, benevens 20 balken voor deur- en vensterkozijnen, van drie bij zes, en 20 voet lengte, als ook 60 mud kalk, duizend ruiten, van acht bij tien, en twaalfduizend bossen dekgras.

Toe alles gereed was, is met die bou 'n aanvang geneem en op Maandag 26 Desember 1859, die dag na die nagmaalsviering, is die hoeksteen deur president Pretorius en ds. Van der Hoff gelê. Dit het baie statig en plegtig geskied soos uit die volgende program blyk wat op die voorste bladsy van die Gouwernements Courant afgedruk is :

PROGRAMMA
Der plegtigheden bij het leggen
van den
Hoeksteen
voor de
Nederduitsch Hervormde Kerk
te
Potchefstroom,
op Maandag, 26 December 1859.

1. 's Voormiddags ten 11 ure zal de plegtigheid een aanvang nemen met het houden eener bedestonde in de kerk. Het gebed zal afgewisseld worden met toepasselijk gezang door de school-kinderen.

2. Na het eindigen der bedestonde leest de Ceremoniemeester, de Heer H. S. Lombaardt junior, de namen op dergenen die aan de plegtigheid zullen deelnemen.
3. In volgorde, als hieronder vermeld verlaat men de kerk, onder het gelui der klok, tot aan de plaats waar de Hoeksteen zal gelegd worden.
4. Regeling van den optogt:
   a. De koster dragende den Bijbel, en de bouwmeester het plan der kerk.
   b. De zangers en zangeressen der school.
   c. De Heeren leden van de bouwcommissie, twee aan twee, dragende den troffel, de materialen en wat verder noodig is.
   d. De Eerwaarde Kerkraad van Potchefstroom en alle andere Kerkeraadsleden, die tegenwoordig zijn.
   e. De President der Republiek, en de Leeraar van Potchefstroom aan wie het leggen van den Hoeksteen is opgedragen.
   f. Heeren leden van den Ed. Achtb. Volksraad.
   g. Heeren leden van den Hoog. Ed. Uitv. Raad, en de Staats Procureur.
   h. De collegien van landdrosten en Heemraden.
   i. De Commandanten en Veldcornetten.
   k. Broeders en Zusters der gemeente.
5. Bij den Hoeksteen gekomen, zingt het koor, en wijst de Ceremonie-meester elk zijn standplaats aan.
6. De werkzaamheden worden volgender wijze geregeld:
   a. De Leeraar doet een gebed.
   b. Het koor zingt Psalm 118 vers 1.
   c. De Ceremonie-meester noodigt den Leeraar en den President uit, zich bij den Hoeksteen te plaatsen.
   d. De Ceremonie-meester leest de namen voor van de leden der bouwcommissie en overhandigt aan den President de Grondwet van den

Staat, de Kerkelijke wet, de lijst van de namen der leden van de bouwcommissie, enz. enz. ; al hetgeen door zijn Hoog-Edele in de daarvoor bestemde plaats van den Hoeksteen gelegd wordt.

e. De Leeraar ontvangt den troffel uit handen van den Ceremoniemeester en begint met de kalk te spreiden op den ondersten steen.

f. De steen zakt langzaam onder het zingen van Psalm 118 vers 11.

g. De President doet de verdere werkzaamheden.

h. De koster legt den Bijbel op den steen.

i. Een der Ouderlingen van Potchefstroom bedankt de leggers van den Hoeksteen.

j. De Leeraar bedankt den Onderwijzer en het zangkoor, en spreekt daarna den zegen uit.

k. Het koor zingt tot slot der plegtigheid Psalm 72 vers 11.

Namens de leden der Bouwcommissie,

D. Van der Hoff,

President der Commissie.

Potchefstroom,

22 December 1859.

Die bou van die kerk het egter baie langsaam gevorder. President Pretorius is 'n paar weke na die hoeksteen legging na Bloemfontein waar hy as Staatspresident van die Oranje Vrystaat ingesweer is. Sy bedoeling was om 'n vereniging tussen die twee Republieke tot stand te bring. Dit het nie geluk nie en alleen maar allerhande verwarrings in Transvaal tydens sy afwesigheid veroorsaak. Hierdeur het die bouery vir 'n geruime tyd tot stilstand gekom en eers op Saterdag, 24 Februarie 1866, kon die kerk ingewy word. Dit is dieselfde gebou wat nou nog deur die gemeente gebruik word, met die veranderinge alleen dat in later jare die grasdak deur 'n sinkdak met 'n toringspits (dakruiter) vervang is en binne drie gallerye en keurige banke ingesit is. In die ou tyd was dit die gewoonte dat die kerkgangers hulle eie banke of stoele saam kerktoe gedra het, en in die

aand hulle vetkerse meegebring het, want die enigste verligting in die kerk was 'n groot kersekroon van blik gemaak, waarin vetkerse gesteek kon word wat onvoldoende was. Dit het in die middel van die kerk gehang. In die reel is daar nie in die aand kerk gehou nie. Behalwe met groot nagmaalstye. Op die gewone Sondae, as ds. Van der Hoff nie op een van sy vele ampsreise was nie, is daar in die more en in die middag kerk gehou. Die preekstoel dateer uit die dae van die inwyding, of kort daarna. Dit is in Natal vervaardig en was in daardie dae die mooiste preekstoel in Transvaal.

Die inwyding het twee dae voor die opening van die Algemene Kerkvergadering plaasgevind en was net so plegstatig as die hoeksteenlegging. Daar was 'n groot skare aanwesig, en behalwe ds. Van der Hoff ook nog die predikante A. J. Begemann, G. W. Smits, N. J. van Warmelo en P. A. C. van Heyningen Die program was as volg :

PROGRAMMA

van den optogt en verdere verrichtingen bij gelegenheid der plegtige inwijding van het nieuwe Kerkgebou der Nederduitsch-Hervormde Gemeente te Potchefstroom, op Zondag, 25 Februarie, 1866.

De Kerk-klok zal als naar gewoonte drie malen geluid worden; eerste gelui 's morgens om 7 ure, tweede gelui om half acht, derde gelui kwart voor acht. Het laatste gelui zal een kwartier uurs aanhouden en in dien tusschentijd verzamelt zich de gansche gemeente in het oude Kerkgebou, waar precies om 8 ure door den Predikant van Potchefstroom, eene toespraak zal gehouden worden. Na de toespraak geeft hij den Bijbel, voor de nieuwe Kerk bestemd, in handen van een der beide Oud-ouderlingen F. G. Wolmarans en Steph. Viljoen, waarna de optogt geregeld wordt als volgt:

A.

Kerkelijke Beambten.

1.—De beide Oud-ouderlingen den Bijbel dragende.
2.—De Predikant van Potchefstroom, en die van Pretoria.
3.—De Predikant van Rustenburg en die van Zoutpansberg.
4.—De Buitenlandsche Predikanten twee aan twee.
5.—De Kerkeraad van Potchefstroom en Buitenwijken twee aan twee naar rang.
6.—De Kerkeraden van Rustenburg, Zoutpansberg, Lijdenburg, Pretoria, Wakkerstroom, Utrecht, Heidelberg, insgelijks naar rang twee aan twee.

B.

Burgerlijke Ambtenaren en Autoriteiten.

1.—De President van den Uitvoerenden Raad en de Voorzitter van den Volksraad.
2.—De Leden van den Volksraad twee aan twee.
3.—De Leden van den Uitvoerenden Raad.
4.—De Weesheer en Staats-Procureur.
5.—De Landdrosten der verschillende districten twee aan twee.
6.—De Heemraden twee aan twee.
7. De Klerken.

C.

Onderwijs.

1.—De Leden der Algemeene Schoolcommissie en der Plaatselijke Schoolcommissie, twee aan twee.
2.—De Onderwijzers.

D.

Krijgsmacht.

De Commandanten, Veldcornets en Provisies, twee aan twee.

E.

Rigting van den Optogt.

1.—De optogt gaat van de Oude Kerk naar de Pastorie. 2.—Het Zangkoor staat geschaard

bij de Pastorie en verwelkomt den naderenden optogt met toepasselijk Gezang. 3.—De optogt, tot bij de Pastorie genaderd, staat daar zoolang stil, tot het zangkoor geëindigd heeft. 4.—De optogt vervolgt zijn weg, zooals de beide Ouderlingen voorgaan, naar de Kerk tot bij de deur aan de Kerkstraat, zingende het 12de vers van Psalm 118—onder leiding van den Voorzitter. 5.—De gemeente die aan de optogt geen deel neemt vereenigt zich bij den ingang der Kerkdeur, de vrouwen aan de eene en de mans aan de andere zijde. De bejaarde leden der gemeente zoo nabij mogelijk aan de deur terwijl Diakenen en Koster zorg zullen dragen hen geschikte plaatsen aan te wijzen. 6.—Het zangkoor volgt den weg door den directeur aangewezen en zingt een toepasselijke zang, als het 12de vers van Psalm 118, door den optogt geeindigd is. 7—De optogt, tot bij de Kerkdeur genaderd, blijft daar staan, terwijl de predikant en de oudste in dienst zijnde Ouderling der gemeente vooruit treden om de deur te openen. Genoemde Ouderling geeft den sleutel aan den Predikant, verzoekt hem de deur te openen. 8.—De Predikant opent de deur, houdt eene korte toespraak en geeft tot zingen op aan de gemeente het 3de vers van Psalm 100. 9.—Zoodra dit Psalm-vers opgegeven is, worden de overige deuren der Kerk ook geopend en de gemeente treedt de Kerk binnen, doch niet door de deur der consistorie, die bij deze gelegenheid alleen voor het zangkoor bestemd is. 10.—De optogt gaat de deur door den Predikant geopend binnen onder het zingen der gemeente van bovengenoemd Psalm-vers, de beide Ouderlingen leggen den Bijbel op den Predikstoel en de Predikant beklimt denzelve. 11.—Zoodra vers 3 van Psalm 100 geëindigd is, zingt het zangkoor het 3de Gezang, begeleid door de muzijk

der serafijn, bespeeld door de jonge jufvrouw Susanna Zinn.

Namens de Directie,
D. van der Hoff, Predikant.

Hoewel op die gedrukte program die datum van inwijding op 25 Februarie genoem word is dit tog verskuif na Saterdagmiddag 24 Februarie.

Dit kan nie met sekerheid gesê word wanneer die gemeente die eerste kerkorrel gekry het nie. In die program van die kerkinwyding word egter van 'n seraphine—soos 'n klein orreltjie toe genoem is—melding gemaak, en ook in 'n verslag van 'n kerkviering in 1874.

Die geskiedenis van die predikantswoning is nog al baie interessant. Toe ds. Van der Hoff op Potchefstroom aangekom het, was daar niks vir sy ontvangs gereed nie. Die huisie waar hy sy intrek moes neem was onbewoonbaar. Die vensters het geen rame gehad nie en was oop. Die klei-vloer was nog nat, sodat die stoele ingesak het as mens gaan sit het. By dit alles was dit nog bitter koud. Alles was ewe naar en somber. Daar was byna nog geen huise op die dorp nie. Die kerkraad het egter daarin geslaag om in Januarie 1854 erf no. 97 in Kerkstraat [6]) vir 'n bedrag van £150 te koop waarop 'n geboutjie wat gedien het as pakhuis vir negosie-goedere gestaan het, en ds. Van der Hoff het sy intrek daarin geneem. Hier is 'n geskiedenis aan verbonde wat tekenend is van die toestande in daardie dae [7]). Die erf het aan M. W. D. Morkel behoort, 'n handelaar wat die geboutjie as pakhuis gebruik het vir die goed wat hy van 'n Natalse firma, Breed & Co. waar James Evans [8]) mee in verband gestaan het, betrek het. Morkel

---

[6]) Hierdie erf, die eerste pastorie-erf, lê langs die ou winkel van Garlicks, nou gebrs. Lurie, in Kerkstraat, skuins teenoor die Queens hotel.

[7]) Die verhaal is opgebou uit offisiële stukke in die argief van Potchefstroom wat in die Alg. Argief in die Uniegebou berus, asook uit stukke in die kantoor van die Registrateur van Aktes en die Kerkraadsnotule en Volksraadsnotule.

[8]) Hy was een van die eerste—miskien die allereerste—winkeliers op Potchefstroom.

was diep in die skuld by hierdie firma en moes op 24 April 1852 die erf daaraan verpant. Hy was nie instaat om die voorwaardes van die verband na te kom nie en die rente het opgeloop. Breed & Co. het hom dan ook laat dagvaar en hy moes op 20 Desember 1852 voor die Landdros verskyn om te verklaar waarom hy in gebreke gebly het om sy skuld te betaal. Hy het egter dood gewoon aan die landdros geskryf dat hy nie van plan was om te verskyn nie omdat hy vir kommandodiens opgekommandeer was. Die hof het toe op 23 Desember aan Breed & Co. die reg gegee om beslag op Morkel se roerende en onroerende goedere te lê. Morkel het hierop onmiddellik 'n memorie na die Volksraad gestuur met die versoek om die uitspraak van die hof te vernietig, wat ook werklik in Maart 1853 gedoen is, toe besluit is dat alleen die verband van 24 April 1852 van krag was. Die Volksraad het glad geen rekening gehou met die feit dat Morkel die verpligtings wat daardie verband op hom gelê het, nie kon nakom nie." [9]).

In Januarie 1854 het die kerkraad die erf met die geboutjie vir die som van £150 as pastorie aangekoop. Dit is nie duidelik wie dit verkoop het nie, Morkel of die Landdros; in elk geval is met die belange van Breed & Co. geen rekening gehou nie, terwyl die kerkraad onbekend was met die toedrag van sake. Landdros A. A. Smit het op 5 Januarie 1855 aan die kerkraad transport gegee en ds. Van der Hoff het sy intrek daar geneem.

Die firma Breed & Co. het ondertussen in Durban nog steeds niks van Morkel ontvang nie en in 1855 het die Natalse Koloniale Sekretaris hieroor aan Pretorius geskryf en gevra dat aan Breed & Co., wat ondertussen Evans & Co. geword het, reg sou gedoen word. Die Volksraad het na die bogenoemde besluit van Maart 1853 verwys en verklaar dat diegene wat die verband verbreek het, verantwoordelik gehou moes word. Breed

---

[9]) Dit was 'n swakpunt in die regspraak van daardie dae dat die Volksraad hom die reg toegeëien het om die uitsprake van die hof te vernietig. Dit is soms op baie willekeurige wyse gedoen sodat die regsekerheid nie al te veilig was nie.

en Co. het toe by die Landdros 'n saak aanhangig gemaak teen A. A. Smit, wat intussen as landdros afgetree het, en die uitspraak was dat die transport wat hy op 5 Jan. 1854 aan die kerkraad gegee het, onwettig was en dat Morkel nog steeds die eienaar van die erf was. Dit het aan Breed & Co. opening gegee om beslag daarop te lê wat ook gedoen is, en op 23 Februarie 1857 is 'n nuwe transport uitgemaak op die naam van James Evans (Breed & Co.).

Die kerkraad het toe die Uitvoerende Raad om teruggawe van die £150 wat vir die erf betaal is, gevra, met die reg dat ds. Van der Hoff die huis nog drie maande vry kon bewoon. Die Uitvoerende Raad het die versoek toegestaan maar met die mededeling dat daar geen geld in die kas was nie, en die terugbetaling van die £150 nog 'n rukkie moes wag.

Die kerkraad het daarop 'n ander stuk grond in hande gekry, op die hoek van Greyling- en Potgieterstraat, en daar 'n pastorie gebou wat nou nog daar staan en waarskynlik die oudste huis in Potchefstroom is, en een van die oudste in Transvaal. Enkele kere soos in 1861, 1878 en ook in die dae van ds. C. W. du Toit is daar verbeteringe en verbouings gedoen, maar die hoofdeel is nog dieselfde. Dit is toe onafgebroke deur ds. Van der Hoff bewoon en het tot 1940 as pastorie gedien.

In die geskiedenis van die Hervormde Kerk kom dit baie sterk uit dat Holland 'n baie groot betekenis het vir die behoud van die Afrikanerdom, so groot dat 'n verbreking van die geestesverhoudinge niks anders as selfmoord vir die Afrikaner sal beteken nie. Ook op kerklik gebied. Die ou mense het dit besef, net soos ieder reggeaarde lid van die Hervormde Kerk dit nou ook behoort te besef. Die ou mense was dankbaar dat daar 'n geestelike hulpbron in Holland is. In 1861 het die Potchefstroomse gemeente 'n geleentheid gekry om uiting hieraan te gee. In Januarie van daardie jaar het daar in Holland as gevolg van deurbreking van verskillende dyke groot oorstromings plaasgevind wat vir baie mense noodlottig was. Potchefstroom het toe 'n bedrag van £45 vir

die slagoffers gestuur, 'n bedrag wat vir daardie dae van ruilhandel, toe kontantgeld baie skaars was, groot genoem kan word.

Op 15 Junie 1864 het op Potchefstroom 'n plegtigheid plaas gevind wat 'n groot indruk gemaak het. Dit was die ordening met handoplegging van ds. N. J. van Warmelo as predikant van Zoutpansberg. Nadat die kommissie van die Algemene Kerkvergadering hom gelegitimeer het, het ds. A. J. Begemann 'n predikasie gehou en daarna het ds. Van der Hoff die bevestigingsformulier gelees. Ds. Van der Hoff, ds. Begemann en ds. Smits het aan die handoplegging deelgeneem. Ds. Van Warmelo was die eerste predikant wat in Transvaal gelegitimeer en georden is.

Hoofstuk VII.

# VAN DIE TWEEDE AFSKEIDING TOT AAN DIE DOOD VAN DS. VAN DER HOFF.

In 'n vorige hoofstuk is op die verdagmaking en twis gewys wat ds. Van Velden nog voor die koms van ds. Van der Hoff wou veroorsaak en waarvan die resultaat was dat Wessel Badenhorst van Hartebeestfontein 'n afsydige houding begin aanneem het. Die kunsmatige grief is verder aangekweek en in 1862 het ds. Andrew Murray vir daardie mense selfs gaan kerkhou en kerkraadslede aangestel, wat egter nie in hulle amp bevestig is nie. Die Vrystaters het selfs 'n konsulent vir hulle benoem in die persoon van ds. H. van Broekhuizen. Die bedoeling was om hierdie Hartebeestfonteiners as 'n afsonderlike gemeente onder die Kaapse Synode te organiseer. 'n Korrespondent van die Kaapse blad „De Zuid Afrikaan" het dan ook op 18 Augustus 1862 van uit Potchefstroom geskryf dat die Kaapse Synode die oorsaak van hierdie moeilikheid was :

> „Had zij reeds, nu 5 jaar geleden, onze kerk erkend en, in plaats van hare onafhankelijkheid tegen te werken, die bevorderd, door goede inlichtingen en broederlijke raadgevingen, dan was er nu geen sprake meer van al of niet onder de Synode te staan. Doch dit is niet gebeurd, maar integendeel, overmoedig als men is, gebruik of liever misbruik makende van de politieke verwikkelingen alhier, sticht men eene synodale gemeente in ons midden en bevordert alzoo den geest van willekeur en verzet, die in meer dan een opzigt de nadeeligste gevolgen kan na zich slepen. En wat zal er worden als men van hier in den Vrijstaat anti-synodale gemeenten gaat oprichten ? Dat zoo iets gebeuren

kan is zeer mogelijk, want, gelijk bekend is, houden zich nog honderden van huisgezinnen in de disstricten Winburg, en Kroonstad en Boshof aan de gemeente van Mooirivier. Doch hoe dit ook zij, wij hopen dat de aandacht der K. Synode op dezen toestand van zaken gevestigd worden en zij verbetere wat zij ten dezen opzichte verkeerd gedaan heeft.

Dit is duidelik : eers het die Kaapse kerklike outoriteite hulle teen die staatkundige onafhanklikheid van die Voortrekkers gekant en daarmee ook teen die kerklike onafhanklikheid. Hulle wou dat alles onder die Kaap moes staan.

Hierdie mense van Hartebeestfontein en 'n paar op Potchefstroom wat onder die Kaapse Synode wou staan, is af en toe deur die „konsulent" besoek wat dan ook die sakramente bedien het. Maar 'n gemeente was dit nie, en 'n kerkraad het hulle nie gehad nie. Dit was 'n baie ongereelde en onkerkregtelike toestand, en op die Sondagaand 18 Februarie 1866 het ds. Van Broekhuizen kerkraadslede in hulle diens bevestig. Dit kan die stigting van die Ned. Gereformeerde Gemeente van Potchefstroom (Hartebeestfontein) genoem word. Die getal manslidmate het vyf-en-sewentig bedra.

In 1865 en 1866 het ds. F. Lion Cachet in Transvaal op die toneel verskyn en as skeurmaker op kerklik gebied opgetree. Hy het die land deurreis en waar hy gekom het, het hy agterdog en verdagmaking teen die Hervormde Kerk gesaai en ontevredenes gemaak. Uit hierdie ontevredenes het hy gemeentes gevorm. Ook in Potchefstroom. Die Hartebeestfonteiners het voor sy koms na die Hervormde Kerk terug gegaan, maar hy het hulle besoek en die verdeeldheid opnuut aangewakker, en uit hulle in 1866 die Ned. Gereformeerde gemeente van Potchefstroom gestig. In Desember van dieselfde jaar het hy afgevaardigdes van al sy nuwe gemeentes in Utrecht laat saamkom en daar het hy toe die eerste Algemene Kerkvergadering gehou. Dit was die Tweede

Afskeiding [1]). Hartebeestfontein het in 1868 in kombinasie met 'n paar ander Ned. Gereformeerde gemeentetjies ds. J. P. Jooste as predikant beroep, die man wat voor en tydens die Anneksasie van 1877 en met die oorlog van 1880—1881 so 'n treurige rol sou speel.

Toe ds. Jooste in Transvaal gekom het, het ds. Van der Hoff die kansel van die Hervormde Kerk vir hom oop gestel en hom gevra om hom in die Hervormde Kerk te laat beroep en die kerklike eenheid te help bewaar. Maar ds. Jooste wou nie en het hom teenoor ds. Van der Hoff en die Hervormde Kerk, die gevestigde Kerk van die land, gestel. Dit is dan ook goed verstaanbaar dat ds. Van der Hoff in 1871 in 'n opebrief aan ds. Jooste kon skryf :

> Toen de kerk alhier reeds van een viertal leeraars voorzien was en toen hier meer en meer orde en veiligheid onder eene bestaanbare wet begon te heerschen en toen het pad gebaand en effen was, toen kwamen er velen uit de Kolonie en van elders zich hier indringen, en door die indringers, zooals gij en uwe geestverwanten, is de kerk hier vaneen gescheurd en afgebroken [2]).

Die optrede van ds. Jooste word deur die volgende gebeurtenis getipeerd : Nadat hy reeds agtien maande op Potchefstroom was, het hy sy toevlug tot een van die laagste middels wat daar is, geneem. Dit het op Saterdag 16 Julie 1870 gebeur. Die Hervormde gemeente sou die volgende dag nagmaal vier en ds. Van der Hoff het die middag die voorbereidingsdiens gehou. Ds. Jooste het

[1]) Sien oor ds. F. Lion Cachet en die Tweede Afskeiding Dr. S. P. Engelbrecht: Geskiedenis van die Ned. Herv. Kerk van Afrika (tweede druk, 1936) bls. 199—253. Die Ned. Geref. Kerk is veral versterk deur latere intrekkers uit die Kaapkolonie. In 1882 het ds. N. J. van Warmelo gesê : „In de Transvaal waren twee klassen van menschen. De een bestond uit de eigenlijke voortrekkers, en maakte het land schoon, de ander kwam toen de weg reeds stof getrapt was. De eerste moest gelden boven de tweede, en die vindt men in de Hervormde Kerk." Sien Gesk. Ned. Herv. Kerk,bls. 321.

[2]) Ds. D. van der Hoff: Openbrief aan ds. J. P. Jooste (1871), bls. 3.

alles gedoen om iets te kry om ds. Van der Hoff te kan verdag maak en te beskuldig. Na die diens begin het en ds. Van der Hoff reeds op die preekstoel was, het Jooste stilletjies deur die konsistoriekamer in die kerk gekom en agter die preekstoel gaan sit sodat ds. Van der Hoff hom nie kon sien nie, om te kom afluister of ds. Van der Hoff nie miskien ketterye verkondig nie en hy hom dus kon beskuldig. Ds. Van der Hoff se teks was die woorde van die stokbewaarder van Filippi in Handelingen 16 vers 30: „Wat moet ik doen, opdat ik zalig worde?" Ds. Jooste het in sy skuilplek „met papier en potlood zorgvuldig aanteekening gehouden," soos hy self verhaal [3]). Na afloop was hy so verontwaardig, want ds. Van der Hoff het volgens hom „dat heerlijk Bijbelwoord zoo verslapt en verwaterd" dat hij met „een gloed van verontwaardiging in de borst" die pen teen hom opgevat het, eers onder die skuilnaam „Veritas" en daarna in 'n opebrief. Volgens die preek moes hy ds. Van der Hoff van liberalisme beskuldig, nie oor wat hy gesê het nie, maar oor wat hy nie gesê het nie! Ds. Van der Hoff het hom in 'n opebrief geantwoord en hom so gedug aangepak, dat hy niks meer kon sê nie.

Ds. Van der Hoff was as prediker welsprekend. Van sy gawe om van die kansel die Woord te verkondig word menigmaal melding gemaak in die ou koerante van daardie dae. Hy was 'n redenaar wat geboei het en die opkomste na sy dienst was altyd groot. Ook was hy digterlik van aanleg. Hy het nie alleen graag gedigte gelees nie, maar ook self gedig, en verskillende daarvan is bewaard gebly. Soos ou mense nog verhaal het, het hy graag by wyse van ontspanning op die veelvuldige reise wat hy met die ossewa moes doen, as daar kinders by was, aan hulle 'n gedig gegee om uit die hoof te leer en dan moes gewedywer word om te sien wit dit by die eerste uitspanning kon opsê.

Sy arbeidsveld het in die begin aan die ongelooflike gegrens. Geen ander predikant het die land so deurkruis

[3]) Ds. J. P. Jooste: Openbrief aan ds. D. van der Hoff, 1871, bls. 7 en 8.

en onder sulke moeilike omstandighede as hy nie. Voortdurend moes hy groot togte maak en 'n groot deel van die jaar het hy op die pad deurgebring. Later, toe daar meer predikante gekom het, was sy arbeidsveld beperk tot die suid-westelike deel van die land. Die volgende berig in die „Transvaal Advocate" van 31 Junie 1874 van „Een Lidmaat der Herv. Gemeente" is kensketsend:

> Dat onze leeraar, de Eerw. heer D. v. d. Hoff, weer zoo frisch en gezond en spoediger dan men verwachtte van zijne kerkelijke bezoek-reis is terug gekomen, was ons zeer aangenaam, en zeer verblijdend was het voor ons van hem te vernemen hoe standvastig zijne buitengemeenten nog aan hem verknocht blijven en hoe talrijk zij opkomen naar de bestelde kerkplaatsen en hoe zeer zij in grooten getale toenemen. Wel hadden wij dit een en ander van tijd tot tijd vernomen, en ook dat Zijn Eerw. zoo vele kinderen doopte en aannam, doch wij konden ons nooit verbeelden dat dat getal zóó groot was; 't is verbazend! Zijn Eerw. ging op den 8sten December j.l. op reis naar Marico. Op het dorp Zeerust aldaar en bij zijne terugkomst te Lichtenburg en te Ventersdorp (boven aan Schoonspruit) doopte hij 95 kinderen en nam er 32 tot lidmaten aan; den 22sten December teruggekeerd doopte hij hier te Potchefstroom, bij gelegenheid van het Kerstmis nachtmaal, 34 kinderen, den 26sten ging hij van hier weer op reis over Klerksdorp (onder aan Schoonspruit) naar de buitengemeenten onder langs Vaalrivier. Daar te Klerksdorp en in de wijk van Makwassie, te Bloemhof en te Christiana doopte hij weer 65 kinderen, terwijl er 32 door hem werden aangenomen; hier weder teruggekeerd den 19den dezer nog 4 kinderen. Alzoo te zamen binnen den korten tijd van zes weken 198 kinderen gedoopt en 64 tot lidmaten aangenomen!!

Op hierdie menigvuldige diensreise wat hy altyd getrou gedoen het, het hy nie alleen ongerief en ongemak moes deurstaan nie, maar ook allerhande gevare—gevare

van die wilde diere, die gevare van vyandige kafferstamme die gevare van gebrek aan paaie en van volriviere. Een keer, dit was in 1855, het hy sy been gebreek toe hy by 'n drif uit die wa moes spring omdat dit wou omval. Hy is toe 'n tyd lang op die plaas Leeuwpoort—in die Gatsrand—verpleeg en het dienswerk verrig en kinders gedoop terwyl hy met die gespalkte been in die bed gelê het. By dit alles het nog gekom dat die latere intrekkers in die land wat nie tot die Voortrekkers behoort het nie, hom beskimp en gesmaad het. Maar sy gemeentelede met wie hy alles deurgemaak het, het trou by hom gestaan en sy vyf-en-twintig jarige Evangeliebediening is op 25 Mei 1878 onder belangstelling herdenk. Dit was 'n groot gedenkdag nie alleen in die lewe van hierdie vergrysde Evangelieprediker nie, maar vir die hele gemeente. Die opkoms was dan ook baie groot sodat die kerk te klein was. Hoewel die fees op 'n Dinsdag geval het, het ds. Van der Hoff gemeen dat hy dit nie beter kon vier dan hom op daardie dag met sy gemeente om die tafel van die Nuwe Verbond te verenig. Die dag was vir die hele Kerk van belang, en daarom was die hele Kommissie van die Algemene Kerkvergadering ook aanwesig. Hierdie feesviering is dan ook 'n onbetwisbare bewys van die groot agting wat die hele Hervormde Kerk en die Potchefstroomse gemeente in besonder hierdie geestelike baanbreker toegedra het. Dit loënstraf al die laster waarmee die vyande van die Hervormde Kerk en die vyande van die Republiek ds. Van der Hoff bejeen het. Die mense wat hom geken het, wat saam met hom gewerk het, het hom vereer en hoog geag. Hy was vriendelik, hulpvaardig en opgeruimd. Maar tog kon hy baie driftig word veral as daar ongegronde teenspraak was. Dit was die mense buite die grense van die Republiek wat hom nie geken het nie en nooit met hom saam gewerk het nie, wat hom wou verkleineer.

Nadat die Avondmaal in die môre gevier is—die diens het reeds om halfnege begin—en die dankseggingsdiens om een uur gehou is, het die gemeente om vier uur

weer saam gekom om die feesrede aan te hoor. Die kerk was by al die dienste stampvol en baie mense kon nie inkom nie, want „er was eene schare van menschen opgekomen, zoo als Potchefstroom welligt nog nooit heeft aanschouwd." [4]). Ds. Van Warmelo het hiervan geskryf:

> De rede zelve was een waardig product van ds. Van der Hoff. Schoone taal, schoone gedachten in grooten overvloed, ernst en luim afgewisseld. „Van waar komt gij?" was zijn tekst. Zijn antwoord was: Ik kom van een lange reis, 25 jaar lang, en toen begon hij het een en ander van zijn wedervaren te verhalen. Met aandacht luisterde men tot het einde toe. Het laatste gedeelte vooral was aandoenlijk toen hij wees op de vele voorrechten, die hem in de Hervormde Kerk waren ten deel gevallen [5]).

In die verslag van „De Transvaal" word nog die volgende gesê:

> Zijn rede was allerbelangrijkst; de hoofdzaak er van was het ontstaan der kerkelijke scheuringen in de Transvaal, met het vermelden van enkele ontmoetingen en lotgevallen en, tot slot, de opsomming van het getal door Zijn-Eerwaarde gedoopten, aangenomenen en gehuwden, de opmerking werd daarbij gevoegd, dat de Hervormde Kerk, niettegenstaande alle tegenwerking en afval, toch steeds bloeiende was gebleven en, tot heden toe, nog in bloei toenam en dat zij alleen talrijker was dan alle andere kerkgenootschappen in de Transvaal te zamen. Gedurende het mededeelen van een en ander, moest men den spreker bewonderen over zijne kalmte en bedaardheid, over zijn ernst en luim en vooral hierover, dat er geen enkel bitter woord over zijne lippen vloeide, bij het vermelden van

[4]) De Transvaal, 5 Junie 1878.

[5]) Ds. N. J. van Warmelo: Eene Herinnering aan ds. Dirk van der Hoff (1881), bls. 14.

zaken die hem zoveel smarts en zooveel leeds in der tijd hadden veroorzaakt.

Nadat hy die feesrede uitgespreek het, het die skoolkinders hom die volgende lied toegesing :

Wij wenschen U, met hart en ziel,
Bij 't vijf-en-twintig-jarig feest,
Dat gij thans in ons midden viert,
Geluk en heil en vreugd daarbij ;
U, Eerste Leraar van Transvaal !
God blijve steeds Uw steun.
  God zij met U !
Zijn zegen blijv' u bij ;
Wees gezegend in uw lot,
Leef nog lang tot eer van God.
  God zij met U ! ! !

Die gemeente het hom 'n beurs van ruim £100 gegee, en die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering het hom die volgende adres oorhandig :

Potchefstroom, 27 Mei 1878.

Aan den Wel-Eerw. Zeer Geleerden Heer. D. van der Hoff,
Predikant der Ned. Hervormde Gemeente, Potchefstroom.

Wel-Eerwaarde Heer !

De Commissie der Algemeene Kerkvergadering der Nederduitsch Hervormde Kerk in de Transvaal, heden zitting houdende, kan niet nalaten, om ook van hare zijde een bewijs te geven van belangstelling in het feest dat op morgen door UWel-Eerw. zal worden gevierd.

De 28ste Mei 1853 was de dag, waarop gij voor de eerste maal Uw dienstwerk zijt begonnen als Herder en Leeraar van de toen herderlooze Gemeenten van de Zuid Afrikaansche Republiek. Gij waart de eerste, die met der daad bewezen hebt iets te willen doen voor de geestelijke belangen van duizenden zielen die, verspreid over eene ontzagge-

lijke oppervlakte gronds, op dien tijd geheel aan zich zelven waren overgelaten, verstoken van eenige mondelinge prediking, zonder eenigerlei zorg hoegenaamd voor het welzijn van hunne onsterfelijke zielen.—En zij, die toen in deze wildernis leefden, en nu ook nog in het land der levenden mogen verkeeren, herinneren zich nog goed, met welk eene opgetogenheid, met welk eene blijdschap Uwe komst werd tegemoet gezien, en hoe Uw naam Dirk van der Hoff, op aller lippen zweefde, als de eerste redder in hunnen geestelijken nood. Men moet de soms zeer aandoenlijke verhalen hooren van nu reeds bejaarde broeders en zusters, aangaande Uwe komst in hun midden, om overtuigd te wezen, hoe hoog Uwe opoffering, om hier te willen arbeiden, door allen werd gewaardeerd.

Door de goedheid Gods is het U vergund om 25 achtereenvolgende jaren onafgebroken in deze gewesten werkzaam te zijn geweest, en een terugzien op het verledene tijdsverloop zal U stemmen tot dank aan den Almagtigen God, die U tot dusverre bekrachtigd heeft. De taak, toen door U aanvaard, had met vele bezwaren van allerlei aard te strijden, had met eigenaardige moeijelijkheden en gevaren te worstelen. Gij zelve zijt beter dan eenig ander in staat, om ons een denkbeeld te geven, bijvoorbeeld van de ontzettende afstanden door te reizen ; van de wilde dieren die den weg onveilig maakten ; van gevaren te land en te water, en van zoovele andere zaken meer, die menigeen, minder met liefde bezield tot de Nederduitsch Herv. Kerk in Transvaal, al licht zou afgeschrikt hebben, om gezondheid en leven aan eene zoo moeijelijke betrekking op te offeren.

Maar het is Uwe verdienste, en de Commissie wenscht het openlijk uit te spreken, dat gij volhard hebt tot heden toe ; dat gij steeds zijt blijven wonen in het midden Uws volks en dat gij dus met der daad bewezen hebt voor deze gemeente te willen arbeiden,

en het U ernst was om van dit Uw tweede vaderland eene woning te maken. En, WelEerw. heer, met groote voldoening kunt gij terugzien op het vierde van een eeuw, dat nu achter U ligt. Vele veranderingen zijn er tot stand gekomen, vele gemeenten gesticht, uit den chaos van verwarring is langzamerhand licht en orde te voorschijn gekomen, en gij kunt aan U zelven de voldoening geven, dat door Uwe bemoeiingen het Bestuur in de Hervormde Kerk gevestigd is, en de bloei en de vooruitgang toegenomen zijn. Op dit feest Uwer gedachtenis is het voor de Commissie niet alleen een blijde taak om U daarmede geluk te wenschen, maar ook U van aller harte te danken voor de trouw en den ijver, waarmede gij de Hervormde Kerk hebt gediend. Er zijn tijden van beproevingen doorleefd, aanvallen zijn er op die kerk gedaan tot vernietiging, maar gij hebt èn bij persoonlijke aanrandingen, èn bij aanvallen op de kerk, steeds getoond onbevreesd voor de waarheid te willen uitkomen, en het zal U op deze gedenkdag, eene hartverheffende gedachte wezen, dat de Hervormde Kerk in Transvaal, door U gesticht, bevestigd en uitgebreid, thans na 25 jaren arbeids meer dan 19,500 zielen mag tellen met 7 predikanten.

De Gemeente van Potchefstroom viert heden met U feest.—Zij beseft het voorrecht U in hare meer onmiddellijke nabijheid te hebben gehad, zij waardeert het, dat leven en gezondheid U geschonken zijn om voor haar te blijven arbeiden.—In elke Gemeente van de Hervormde Kerk in Transvaal wordt thans met U in den geest de blijde gebeurtenis herdacht, die ons bij elkander brengt, en waartoe zoo vele belangstellenden zijn te zamen gekomen, om U te toonen, dat zij met U willen feestvieren. En het is de vurige wensch der Commissie, dat het U gegeven mag worden, om vele vruchten te zien van Uwen arbeid, en gij in de bewustheid van Uw plicht te hebben gedaan, en in de liefde der Ge-

meente eene rijke belooning in Uw hart zult gevoelen, voor de vele opofferingen, die gij U ter wille van de goede zaak hebt betoond.

Mogt het gebeuren dat reeds hier beneden eene welverdiende rust Uw deel zal zijn, zoo worde die door U met Uwe geachte echtgenoote en kinderen met eere genoten ; mogt het gebeuren dat gij midden van het tooneel Uwer werkzaamheden wordt weggeroepen, dan vertrouwen wij, dat het woord aan U waarheid zal worden : „Gij goede en getrouwe dienstknecht, over weinig zijt gij getrouw geweest, over veel zal ik U zetten, ga in de vreugde Uws Heeren !"—Amen.

G. W. Smits, Pred. en Praeses.
N. J. van Warmelo, Scriba.
J. P. Prinsloo, Ouderling
J. J. van Staden, „
M. G. Potgieter, „

Ds. Van der Hoff het hierop die volgende skriftelike antwoord gegee :

Potchefstroom, 29 Mei 1878.

Aan de Hoog-Eerw. Commissie der Algemeene Kerkvergadering van de Nederduitsche Hervormde Kerk in de Transvaal.

Hoog-Eerw. Commissie !

Met een kort woord heb ik U, toen Uw adres van gelukwenschen op mijn 25 jarig feest, mij bij monde van Uwen Praeses werd voorgelezen, mondeling bedankt voor de hartelijke gevoelens van toegenegenheid en zegenwenschen voor mij, mijne echtgenoote en kinderen door U ontboezemd. Thans herhaal ik dezen mijnen dank schriftelijk en geef U daarbij de verzekering, dat ik U en de Uwen niet minder geluk en zegen toewensch, dan gij aan mij hebt gedaan. En aangezien ik in U vertegenwoordigd zie de gansche Hervormde Kerk van de Transvaal, zoo zijn deze mijne dankerkentenis en deze

mijne zegenbede dan ook als tot de gansche kerk gerigt! Aan de standvastigheid en trouw van hare leden toch heb ik het dank te weten, dat ik thans de Hervormde Kerk in zulk een bloeijende toestand mag aanschouwen.

Verblijden wij ons daarover te zamen en brengen wij ook daarvoor den dank onzer harten toe aan God, die ons zoo uitnemend beweldagigd heeft.

Met lof en dank vervuld jegens mijnen Schepper, eindig ik met U, mijne medebroeders in de Heilige bediening, te bedanken voor al den arbeid en de moeite die gij U getroost hebt, om de feestvreugde op den 28sten Mei door mij genooten, zoo te verhoogen als gij gedaan hebt, U toebiddende: God zij U en de Uwen steeds ten goede nabij.—Amen.

Uw Dienstw. Dienaar en medebroeder,

D. van der Hoff.

Ds. Van der Hoff was 'n baie moedige mens. Vrees het hy nie geken nie en vir gevare het hy nooit gevlug nie. As voorbeeld kan genoem word sy heldhaftige gedrag met die inname van Potchefstroom deur die Boere tydens die oorlog van 1880—81. Toe die Boere op 15 Desember die dorp onder generaal Piet Cronje bestorm het met die doel om die proklamasie van die driemanskap te laat druk, het hy doodkalm met 'n pet op die hoof op die stoep van die pastorie heen en weer geloop om te sien of hy nie kon help nie. Hy was toe liggaamlik al baie swak en het hom moeilik beweeg, maar toe die kommando op die kerkplein kom het hy onder 'n koeël-reën na die kerkgebou gehardloop om dit oop te sluit sodat die burgers daarin posisie kon neem. Hy het self ketels koffie van die pastorie na die kerk vir die mense gedra.

Meer dan ieder ander predikant van Transvaal het ds. Van der Hoff die hitte van die dag en die koue van die nag gedra. Deur al die ontberinge wat hy deurgemaak het, was hy oud voor sy tyd. Hy het in sy laaste lewensjare selfs beswaarlik geloop. Soms moes hy langs die weg gaan sit om uit te rus. Hy het gevoel dat daar hulp

moes kom en gelde is ingesamel om 'n tweede predikant te beroep en hy het daarin begin dink om sy emeritaat aan te vra. In Oktober 1880 is ook inderdaad 'n beroep uitgebring, maar deur die oorlog het daar niks van gekom nie. Teen die einde van sy lewe was hy baie swak. Sy laaste nagmaalsviering was op 1 en 2 October 1881. By die geleentheid het hy nog drie-en-dertig nuwe lidmate bevestig en meer as vyftig kinders gedoop. Hy was so swak dat hy haas nie meer kon staan as hy preek nie. Die kerkraad het toe in die preekstoel 'n stoel op 'n verhoog geplaas, sodat hy gesit en preek het. Sondagmiddag, toe hy die dankzeggingsdiens moes hou, was dit so erg dat diaken Henning Visser wat saam met hom van die pastorie na die kerk geloop het, 'n stoel saam gedra het waarop hy kort-kort moes gaan sit. Maandag sou daar nog eers kerkraadsvergadering wees en na gewoonte het die hele kerkraad saam met hom aan 'n lang tafel in die pastorie geëet. Dit was die laaste keer. Hy kon die vergadering nie meer hou nie en het dit vir veertien dae uitgestel. Maar op dieselfde dag het hy aan die heer Visser—en miskien ook nog aan andere—gesê dat hy ook dan die vergadering nie sal kan hou nie, want hy sou dan reeds dood wees. Op Vrydag 7 Oktober kon hy sy bed nie meer verlaat nie. Sy spraak was belemmerd, en dit was of hy nie meer heeltemal helder in sy hoof was nie. Sondagmiddag het hy stil ingesluimer en om vier uur sy laaste asem uitgeblaas.

Toe ds. Van Warmelo van sy dood gehoor het, het hy dadelik na Potchefstroom gespoed en die begrafnis gelei wat onder blyke van verbasend groot belangstelling plaasgevind het.

Gedurende sy ampsbediening in Transvaal het hy 13,720 kinders gedoop, 6,114 lidmate aangeneem, en 1,486 pare in die huwelik bevestig. Verbasend groot getalle, veral as mens dink hoe klein die bevolking van die land destyds was.

Op 9 Oktober 1920 is sy eenvoudige grafsteen deur 'n waardige gedenkteken vervang, en by hierdie geleentheid het verskillende persone wat hom nog geken en met hom gewerk het, hulde aan sy nagedagtenis gebring.

## Hoofstuk VIII.

# DIE DIENSTYD VAN DS. C. W. DU TOIT.

Na die dood van ds. Van der Hoff het die gemeente ruim 'n jaar en sewe maande vakant gebly. Daar is wel met die eerste nagmaalsviering op 12 Januarie 1882 'n beroep op ds. A. Morrees van Richmond, K.K., die latere Teologiese professor van Stellenbosch, uitgebring, maar hy het bedank. Na hom is ds. A. J. L. Hofmeyr van Willowmore beroep, wat egter ook bedank het. Toe is weer 'n beroep uitgebring op ds. C. W. du Toit van Kruisvallei en hy het dit aangeneem, aanvanklik net vir 'n jaar.

Ds. Du Toit is op 21 Februarie 1842 op die plaas Kleinbosch in Dal Josephat by De Paarl gebore. 'n Oom van hom, ds. A. F. du Toit, was in die jare 1839—1871 predikant op Wellington. Hy was as kind baie swak en teer. Trouens sy hele lewe deur het hy 'n wankelende gesondheid gehad. Dit was eers op betreklik late leeftyd dat hy besluit het om te gaan studeer, en hy was dan ook reeds drie-en-twintig jaar toe hy met sy teologiese studies op Stellenbosch begin het. Hy was begaafd en kon maklik studeer, maar soms het hy aan ontsettende hoofpyn gely. In Maart 1869 het hy sy proponentseksamen afgelê, waarop hy in die huwelik getree het met mej. Alida Mostert. Hy het 'n beroep aangeneem na die vrye gemeente van Hanover wat uit 'n groepie mense bestaan het wat hulle van die Ned. Gereformeerde Gemeente afgeskei het en wat deur predikante uit die Vrystaat bedien is. Sy salaris was baie klein. Dit het £100 plus 10 sakke koring en 50 skape per jaar bedra, sodat hy en sy vrou verplig was om ook nog 'n tyd lank skool te hou. In 1874 het hy 'n beroep na Pearston aangeneem waar hy sestien maande gebly het. Gedurende sy dienstyd aldaar het hy in Oktober die Ringsvergadering op Graaff-Reinet

bygewoon. Dit was die enigste keer dat hy lid was van 'n Ringsvergadering van die Ned. Geref. Kerk. In 'n Synode van genoemde kerk het hy nooit sitting gehad nie, want in 1875 het hy 'n beroep na Kruisvallei aangeneem wat ook 'n vrye gemeente was en wat, net soos die gemeente Hanover, nie onder die Kaapse Synode geressorteer het nie [1]).

Ds. Du Toit het die beroep na Potchefstroom net vir 'n jaar aangeneem en aan sy gemeente op Kruisvallei daartoe verlof gevra. Dit was terwille van sy gesondheid. Hy het nie geweet of die klimaat op Potchefstroom met sy gestel sou akkordeer nie. By sy afskeid op Kruisvallei het egter by vele die vrees opgekom dat dit 'n afskeid vergoed sou wees. Oor sy aankoms te Potchefstroom op Woensdag 25 April 1883 lees ons die volgende in „De Potchefstroomer", 'n plaaslike koerant van daardie dae:

> In den middag ten 1 ure gingen velen den weg op van welke ds. du Toit moest afkomen, zoowel te paard als met rijtuigen, en reden tot ongeveer een kwartier buiten de stad, waar zij Z.W. Ew. opwachtten, en het duurde dan ook niet te lang, toen gemelde heer zijne verschijning maakte, gezeten in eene nette paardenwagen, welke werd getrokken door zes moedige paarden, terwijl de eigenaar van den wagen, de heer H. S. L. Bosman, ouderling van Makwassie, de paarden bestuurde.
>
> Na voorgesteld te zijn aan de verskillende leden van den kerkeraad, zette hij zijn tocht voort, voorafgegaan door 33 ruiters en gevolgd door 34 karren en wagens, makende dit een zeer interessante vertooning.
>
> In de stad, voor de pastorie gekomen, was het getal belangstellenden tot ongeveer 400 aangegroeid.

[1]) Ds. Du Toit was hier baie bemind, die mense het veel van hom gehou. En tog, eienaardig genoeg, in die Gedenkboek van hierdie gemeente wat in 1928 deur ds. F. S. Malan uitgegee is, word slegs twee reëls aan hom gewy!

Hierop is hom 'n adres voorgelees en is hy deur die kinders toegesing waar hy op geantwoord het.

Hierdie aankoms en ontvangs van ds. du Toit getuig ook hoe die tye verander was sedert die aankoms van ds. Van der Hoff dertig jaar te vore. Toe laasgenoemde op Potchefstroom gekom het, was daar vrywel niks vir hom gereed nie, selfs nie eers 'n bewoonbare huis nie. Hy moes sy pad self soek, self alles organiseer, alleen alles dra.

Die bevestiging van ds. du Toit het op Saterdagmore 19 Mei plaasgevind, gelei deur ds. N. J. van Warmelo, wat oor Joh. 11 : 28b „De Meester is daar, en hy roept u!" gepreek het. In 'n verslag hiervan lees ons o.a.:

> Z. W. Eerw. begon met aan te halen hoe de Hervormde Kerk ruim 30 jaren geleden overal had aangeklopt om een leeraar voor de zwervende burgers, die dit land met hun bloed hadden vrygevochten en destijds nog in eene woestijn leefden, maar te vergeefs, totdat eindelik in het verre Holland Ds. Dirk van der Hoff aan die roepstem gehoor gaf, en zich over het volk van dit land ontfermde. Spreker gaf in korte woorden te kennen wat de Hervormde Kerk aan hem te danken had, en hoe menig hart in dit land nog voor hem klopte. Hy kon zeggen: „hy was getrouw tot in den dood." Het speet hem dat de gemeente het gedenkteeken ter herinnering aan den ontslapen Leeraar die de Transvaal 28 jaar naar zijne beste vermogen gediend heeft, nog niet in de kerk had opgerigt.

Ds. du Toit het in die middag sy intree preek gehou oor Math. 13 : 3 „Ziet, een zaaier ging uit om te zaaien." Hy het vyf-en-veertig jaar later oor sy koms in Potchefstroom o.a. die volgende geskryf:

> Toen ik het beroep van Potchefstroom kreeg heeft men my terstond gevraagd, of ik dan tot 'n ander kerkgenootskap zou overgaan; maar er was bij mij geen bezwaar, want de Kaapse Kerk was nog Hervormd toen ik gedoopt werd, en de gemeenten

die ik dertien jaar lang heb bediend, waren buiten de Kaapse Synode, waardoor ik zelf ook niet tot dat kerkverband behoorde.

Mijn aankomst te Potchefstroom was een ware verrassing van wege de buitengewone hartelijkheid, welke des te meer genietelik was na een reis per ossewagen van een volle maand, met stof dat men kon proeven.

De pastorie viel mij mede ; maar het kerkgebou was zonder plafond en de vloer zonder planken ; het licht zo flauw dat sommigen in de avond hunne kaarsen gebruikten ; maar met gewilligheid van de gemeente kwam er spoedig verbetering.

Mijn eerste aanneming van ongeveer 100 lidmaten en het avondmaal met 7 of 8 tafels was mij zeer vreemd en toch bemoedigend. En het was mij bemoedigend dat ik niet alleen stond gelijk mijn voorganger Ds. Van der Hoff [2]).

Ds. Du Toit was 'n beminnelike persoon. Hy was fyn besnaard en het 'n spranklende humorsin gehad. In sy gesprekke was hy onderhoudend en hy kon aangenaam gesels. Sy preke was kort maar ryk aan gedagtes, want hy het altyd iets te sê gehad. Hy was van mistieke aanleg en in de omgang met sy gemeente het daar waardigheid en wyding van hom uitgegaan. Sy kerkbeskouing het egter as gevolg van sy jare lange dienswerk in twee vrye gemeentes na die indepententiese kant geneig, en hy het hom aangetrokke gevoel na die kerkregtelik onjuiste standpunt van die outonomie van die plaaslike gemeente. Dit het al dadelik uitgekom toe hy die beroep na Potchefstroom slegs vir 'n jaar aangeneem het, waardeur daar enige moeilikhede was in verband met sy legitimasie as predikant van die Hervormde Kerk en sy sitting in die Algemene Kerkvergadering in Mei 1884 [3]).

---

[2]) De Hervormer, 8 Augustus 1928, bls. 44.

[3]) Notule van die Kommissie van die Alg. Kerkvergadering 16 Julie 1883 ; Notule Algemene Kerkvergadering 12 Mei 1884.

Na 'n jaar is hy weer na Kruisvallei terug, maar Potchefstroom het hom onmiddellik weer beroep. Hy het die beroep aangeneem en is op Saterdag 8 November 1884 vir die tweede keer bevestig deur ds. Van Warmelo wat gepreek het na aanleiding van Filemon verse 8 en 9. Sy intreepreek was oor 1 Samuel 3 vers 6 „Zie hier ben ik want gij hebt mij geroepen." Daar het tussen ds. Du Toit en ds. Van Warmelo nie alleen 'n gevoel van wedersydse hoogagting ontstaan nie, maar ook van vriendskap.

Toe ds. Du Toit op Potchefstroom gekom het, was die kerkvereniging aan die orde. Mens kry die indruk dat hy nie verbysterd veel daarvoor gevoel het nie, en aan die diskussies daaroor in die Algemene Kerkvergadering het hy haas nie deel geneem nie. Een keer selfs, in 1884 het hy saam met ouderling C. J. Joubert van Witfontein gemaan om versigtig te wees. Hyself was baie versigtig en toe hy hom in 1885 in die vereniging begeef het, was sy standpunt dat dit slegs voorlopig was. Hy het dit nie as finaal beskou nie. Hy het egter sy uiterste bes gedoen om dit deur te druk en te laat slaag, maar het tog steeds rekening met die moontlikheid gehou dat dit kon misluk. Die vereniging was vir hom nie 'n voldonge feit met die besluite van die Algemene Kerkvergaderings nie. Vir hom sou dit eers finaal afgehandel wees as al die punte van verskil wat daar was, opgelos sou wees. En hiervan was die naam wat die nuwe verenigde kerk sou dra. Met die aanvang van die vereniging was bepaal dat die naam eers later na drie, vyf of tien jaar vasgestel sou word.

In Potchefstroom het die voorlopige samesmelting in 1885 plaasgevind. Die Hervormde Gemeente het in daardie jaar 1999 lidmate getel en die getal dopelinge het 312 bedra, terwyl die Ned. Gereformeerde gemeente waarvan ds. H. J. L. du Toit die predikant was, slegs 440 lede en 67 dopelinge gehad het. Die Hervormde Gemeente was dus ruim vier keer so groot as die Ned. Gereformeerde Gemeente. Mens kry die indruk dat dit na hierdie voorlopige samesmelting nie al te goed geharmonieer het tussen ds. C. W. du Toit met die

Hervormde Gemeente aan die een kant en ds. H. J. L. du Toit en die Ned. Gereformeerdes aan die ander kant nie. Laasgenoemde het dit dan ook beter geag om in 1887 'n beroep na Lichtenburg aan te neem, waar hy in April bevestig is. Toe daar in 1889 tydens die afwesigheid van ds. C. W. du Toit agteraf toutrekkery plaasgevind het om 'n tweede predikant te beroep, het hy op 8 Augustus die kerkraad in 'n brief daarteen gewaarsku en o.a. geskryf: „Met de ondervinding, die de Kerkraad te voren opgedaan heeft, zal het zeer onvoorzichtig zijn eene tweede leeraar te beroepen en ik voor mij zal mijne stem er niet voor geven." En verder: „Ik zal niet gaarne weer met iemand willen zamen werken, van wien ik niet weet of ik hem moet vragen om te prediken of hij mij."

In die voorlopige verenigde gemeente het dit dan ook glad nie goed gegaan nie, en ds. C. W. du Toit was selfs verplig om in die plaaslike koerant, „De Potchefstroomer" van 12 Maart 1887, 'n woord tot sy gemeentelede te rig na aanleiding van „beroering" wat daar was en hulle tot kalmte te maan. Na die kant van Vaalrivier het 'n groep lidmate wat glad nie wou verenig nie, hulle selfs as 'n afsonderlike gemeente, die Ned. Hervormde Gemeente van Venterstroon gekonstitueer. Trouens dit was nie-net-alleen in Potchefstroom wat daar verset teen die kerkvereniging was nie, maar in die hele land. Die Hervormde lidmate kon hulle nie in die gees wat daar in die Verenigde Kerk was, tuis voel nie. Hierdie kerkvereniging het dan ook meer verdeel as verenig en twis in plaas van vrede gebring. Daar het 'n eienaardige toestand op kerklike gebied in Transvaal ontstaan: terwyl 'n groot deel van die Hervormde Kerk in die land glad nie verenig het nie, het die ontevredenheid by die deel wat voorlopig met die vereniging saam gegaan het, hoe langer hoe groter geword.

Die ontevredenheid het 'n gekristalliseerde uiting aangeneem in die stryd oor die naam van die kerk. Agter hierdie stryd was 'n diepgaande beginselsverskil verborge.

Die ou Hervormdes het aan die naam Nederduitsch Hervormd vasgehou, omdat daar 'n geskiedenis aan verbonde was, 'n geskiedenis van lye en stryd. Dit het die Transvaalse standpunt bevat, die ou Hervormde gees, die Hollandse nugterheid op godsdienstig gebied. Die benaming Ned. Gereformeerd het vir hulle die Kaapse standpunt uitgedruk, en die metodistiese koers aangedui. Die Hervormde Kerk het hom beskou as die Nederlandse Kerk op Transvaalse bodem oorgeplant, terwyl die Ned. Gereformeerde Kerk meer en meer aansluiting by Skotland en Amerika gesoek het. Ned. Hervormd versus Ned. Gereformeerd was in daardie dae Transvaal versus die Kaapkolonie. Op staatkundig gebied het daar dieselfde teenstelling bestaan. So kon Mev. Leyds, die eggenote van dr. W. J. Leyds, op 28 September 1886 uit Pretoria aan 'n vriendin in Indië skryf:

> Toen het land nog niets beteekende, de boeren nog een hard leven te lijden hadden, toen waren het Hollanders die hen hielpen, maar nu de zaken zoo veranderd zijn en alles zoo vooruit gaat, nu komen de Kapenaars met hun Engelschen invloed en vertellen de boeren: die Hollanders zijn maar vreemdelingen, maar wij zijn jelui broers, we zijn immers allemaal Afrikaners. In den oorlog met den Engelschen zijn de Hollanders altijd trouw gebleven aan de boeren, terwijl de meeste Kapenaars met de Engelschen heulden, maar toen de boeren wonnen, weer met een zoetsappig lachje naar hen toe kwamen. [4])

Op 24 Mei 1887 het dr. Leyds aan sy broer in Groningen as volg geskryf:

> De Kapenaars beschouwen zich als de gerechtigden tot dit land, dit land als hun prooi mag ik wel zeggen. De Hollanders zijn volgens hen indringers. En toch is eerder het omgekeerde waar.

[4]) Dr. W. J. Leyds: Onze Eerste jaren in Zuid-Afrika 1884—1889; (als manuscript gedrukt 1938) bls. 79.

Neem den vrijheids-oorlog. Volgens getuigenis van boeren zelf hebben de Hollanders over het algemeen den boeren-kant gehouden en de Kapenaars den Engelschen. Neem de predikanten. Toen dit land nog woest was, wie waren de predikanten? Hollanders. Zij waren het, die de gevaren en het leed der oude boeren gedeeld hebben. Doch toen alles in orde was, toen kwamen de Kaapsche predikantjes en drongen de Hollanders op zijde [5]).

En niemand minder dan die latere generaal J. C. Smuts het in die Kaapstadse koerant Ons Land van 17 Oktober 1897 o.a. geskryf:

> Het moet ook niet vergeten worden, dat er een tijd was toen de Transvaal in armoede gedompeld, in stof en asch zat, en dat onze geleerde kolonisten toen natuurlijk niet zoo danig gretig waren het Transvaalsche aschpoetstertje te komen vrijen. In dien tijd kon men slechts beambten uit Holland krijgen, en het is natuurlijk en billijk dat zij, die bij de Transvaal stonden in tijden van armoede en kommer, nu ook wat zullen genieten van de vettigheid des lands. Onze Neder. Geref. Kerk behandelde de Transvaal ook maar zeer stiefmoederlijk in harde dagen van het verledene en heeft zoodoende zich moeielijkheden op den hals gehaald waaronder zij nu nog gebukt gaat in dit land. Dat er Hollandsche beambten en predikanten in de republiek zijn is een natuurlijk gevolg van de geschiedenis van het verledene.

Dit was selfs so dat professor N. J. Hofmeyr van Stellenbosch in 1897 na 'n besoek wat hy in Transvaal afgelê het, dit nodig gevind het om die predikante van die Verenigde Kerk in 'n „openbrief" te waarsku: „wordt één met het Transvaalsche Volk," waaronder hy verstaan het „de grondleggers van den Transvaalsche Staat, die in eigenaardigen zin zich één gevoelen met den Transvaalschen bodem en die middellijk of onmid-

[5]) Dr. W. J. Leyds: Onze Eerste jaren in Zuid-Afrika, bls. 100.

dellijk de hoogste burgerlijke en politieke macht uitoefenen."

Soos reeds gesê, het die naam Hervormd vir die Hervormde mense die Transvaalse standpunt weergegee, en in hulle stryd vir die behoud daarvan het hulle vir die behoud van die Transvaalse standpunt geveg.

Die kommissie-rapport van 1882 wat oor die kerkvereniging gehandel het, het die definitiewe vasstelling van die naam vir drie, vyf of tien jaar uitgestel. Intussen kon die „twee vorme van benaming", namelik die naam Ned. Hervormd en die naam Ned. Gereformeerd, na goedvinde gebruik word. Van Hervormde kant was beslis gemeen dat daar later dan ook net tussen hierdie twee name gekies mag word, en ds. N. J. van Warmelo het op die Algemene Vergadering van die Verenigde Kerk in 1888 die lede van die Verenigingskommissie wat die rapport opgestel het, by name genoem, en verklaar dat hulle „met het oog op den alwetende God" moes erken dat dit wel deeglik die bedoeling van die rapport was, en dat 'n afwyking daarvan deur tussen meer name te laat kies, 'n afwyking van die grondsloe van die vereniging sou wees. Hierdie vergadering was beslis vyandig gesind teen die Hervormde Kerk, en ds. Van Warmelo het selfs openlik in die vergadering gesê en later aan die heer A. D. W. Wolmarans geskryf dat hy hom nie daar tuis gevoel nie. Ds. J. N. Martins wat nog maar net 'n paar maande in Transvaal was en die Transvaalse gees glad nie geken het nie, het in die vergadering beweer dat dit nie nodig was om aan die grondslae van die vereniging vas te hou nie, want dit was nie 'n wet van Mede en Perse nie! Die vergadering het dan ook inderdaad van die grondslae afgewyk deur toe te laat dat daar tussen tal van name gekies kon word [6]) Baie Hervormdes in die land het hierdeur nie aan die stemming deelgeneem nie. Die vyandige gees wat daar teen die Hervormdes geheers het, het ook

[6]) Sien vir verdere besonderhede oor die kerkvereniging Dr. S. P. Engelbrecht: Geskiedenis van die Nederduitsch Hervormde Kerk, 2e druk (1936), bls. 313—403.

openbaar geword by die verkiesing van die Kerklike Kommissie (Synodale Kommissie). Toe dit aan die orde was het een van die predikante 'n briefie laat rond gaan van die volgende inhoud: „Wij moeten trachten Gereformeerden in de Kerkelijke Comm. te krijgen met het oog op de te stichten gemeenten."

Ds. C. W. du Toit het deur al hierdie dinge begin twyfel aan die welslae van die vereniging en begin Augustus 1888 het hy aan ds. Van Warmelo geskryf dat daar in Potchefstroom 'n groot skeuring gaan kom. [7]) Die Hervormdes en die Ned. Gereformeerdes sou weer uitmekaar gaan.

Die Algemene Kerkvergadering van die Verenigde Kerk het in Mei 1889 weer bymekaar gekom om die uitslag van die stemming wat oor die hele land plaas gevind het, na te gaan en te oorweeg. Daar is in die geheel 7606 stemme uitgebring, en tussen nie minder as veertien name is gestem nie! Die Hervormd gesindes het hierin kwaaie trou gesien, want hulle was oortuig dat wanneer alleen tussen die naam Ned. Hervormd en die naam Ned. Gereformeerd gestem was, die naam Ned. Hervormd die oorgroot meerderheid sou behaal het. Nou was die stemme verdeeld. Van die 7606 uitgebragte stemme was daar 1903 op die naam Nederduitsch Hervormd uitgebring, en slegs 142 op Nederduitsch Gereformeerd. Op die naam Ned. Hervormd of Gereformeerd was 2882 stemme uitgebring, nog nie eers agt-en-dertig persent van al die uitgebragte stemme nie en dus glad nie die volstrekte meerderheid nie. Hier het nog bygekom dat al die stemlyste van Potchefstroom, die grootste gemeente in die land en oorwegend Hervormd, nog nie eers in was nie! [8]) En tog het die vergadering die naam Ned. Hervormd of Gereformeerd as die offisiele naam van die Verenigde Kerk vasgestel! Dit moes die laaste stap wees wat die vereniging finaal

[7]) Dr. S. P. Engelbrecht: Geskiedenis van die Ned. Herv. Kerk, bls. 384.

[8]) Notule Alg. Kerkverg. Ned. Herv. of Geref. Kerk 1889, bls. 90; Notule Alg. Kerkverg. Ned. Herv. of Geref. Kerk 1890, bls. 17.

moes beklink, maar dit sou ook die laaste stap wees om Potchefstroom uit die vereniging te laat tree. Ds. du Toit het die gevoelens van sy Gemeente geken. Hy het in die minderheid gestem en sy teenstem in die notule laat aanteken en vir hierdie teenstem die volgende gronde opgegee:

1. Omdat die naam Ned. Herv. of Geref. een afwijking is van de oorspronkelijke overeenkomst welke als basis is neergelegd door de Vereenigings Commissie van 1882, waarbij bedoeld werd dat de keuze van den naam later te worden gedaan, zal zijn tusschen den naam Ned. Herv. of Ned. Gereformeerd.
2. Omdat hij vreest dat door dien naam groote scheuring zal ontstaan in de Kerk.
3. Omdat hij vreest dat de vaststelling van dezen naam de Kerkelijke effecten in gevaar zal brengen [9]).

Ds. du Toit het die toestand goed verstaan; hy het sy gemeente geken. Wat hy voorsien het, het gebeur. Die ontevredenheid het baie groot geword, en Potchefstroom wou nie verder met die voorlopige kerkvereniging saamgaan nie. Op 8 Augustus 1889 het ds. du Toit geskryf:

> dat de Transvaalsche Vereenigde Kerk nog eerst een winter moet doorstaan om te toonen of het met haar goed gesteld is en of men op haar rekenen kan.

Die Potchefstroomse gemeente het na die vasstelling van die naam in 1889 nie dadelik uit die vereniging getree nie. Eers is nog kontak gesoek met Hervormde lidmate van ander Gemeentes wat ook voorlopig saamgegaan het, om te sien hoe gehandel moes word.

Intussen het in Potchefstroom iets gebeur wat groot invloed op die loop van sake gehad het en die uittrede

---

[9]) Notule Alg. Kerkverg. Ned. Herv. of Geref. Kerk 1889, bls. 71.

van die Hervormde Gemeente verhaas het. Die gesondheid van ds. du Toit was veral in 1889 baie swak. Hy was verplig om vir 'n mediese behandeling na Europa te gaan en die kerkraad het met die oog hierop besluit om vir ses maande lank 'n hulpprediker te kry om intussen die dienste waar te neem en op 8 April 1889 is sodanige beroep op proponent M. L. Fick uitgebring. Hy het dit aangeneem en is op 28 April georden. Maar hy is nie as tweede predikant georden nie, maar slegs as hulpprediker „uit nood" soos ds. du Toit later verklaar het, „evenals men uit nood van de toonbrooden kan eten." [10]) Die kerkraad het toe aan ds. du Toit verlof gegee om vir agt maande na Europa te gaan. Aan die hulpprediker is die reg gegee om tydens die afwesigheid van ds. du Toit op die kerkraadsvergaderings te presideer en ook die reg om te stem. Dit was beslis onreelmatig, want alleen 'n vaste predikant of 'n konsulent kon as voorsitter optree en nie iemand wat slegs tydelik, vir ses maande, as hulpprediker gedien het nie. Hierdie onreelmatigheid sou dan ook baie onaangenaamhede veroorsaak. Ds. du Toit het hierteen bedenkings ingebring, maar omdat hy nie al te wel was nie het hy nie verder daarop ingegaan nie [11]) en die saak wat in stryd was met die kerkreg, het deurgegaan. Die kerkraad het egter self gevoel dat dit nie in orde was nie, want tydens die afwesigheid van ds. du Toit het ds. Fick sommige kere en dan weer die konsulent in ander gevalle gepresideer. Op dieselfde kerkraads vergadering is ook besluit om in Oktober maand die goedkeuring van die gemeente te vra om 'n tweede predikant te beroep. Ds. du Toit het niks gesê nie, want hy wou sy gevoelens op die gemeentevergadering te berde bring. Dit sou hom en die Hervormde lidmate egter eers later duidelik word, dat die hele opset was om hom op sy te skuif en die invloed van die Hervormde

[10]) Notule Alg. Kerkverg. Ned. Herv. of Geref. Kerk, Mei 1890, bls. 47.

[11]) Notule Alg. Kerkverg. Ned. Herv. of Geref. Kerk, Mei 1890, bls. 44, 64.

lidmate wat die oorgroot meerderheid uitgemaak het, soveel moontlik te beperk of desnoods uit te skakel.

Ds. du Toit het op 8 Augustus in 'n brief aan die gemeente sy gevoelens uiteen gesit met die bedoeling dat die brief op die gemeentevergadering voorgelees moes word. Hierin het hy o.a. die volgende geskryf:

> Wat betreft het beroepen van nog een Leeraar voor Potchefstroom wil ik hopen dat dit niet gebeuren zal vóór ik terug ben, daar misschien iemand beroepen kon worden met wie ik niet overeen kon komen en dit voor de gemeente nadelige gevolgen zal hebben. Daarenboven geloof ik dat het veel beter zal zijn om voor een tijd een andere hulpprediker te krijgen ingeval ds. Fick mocht weggaan. . . . . Maar om iemand permanent te beroepen en £800 in het jaar uit de Gemeente te halen zal geen kleinigheid zijn. Ik weet dat de Broeders de gemeente in Oktober wil raadplegen, maar hoeveel te rekenen is op eene Gemeentevergadering, is gebleken na de vereeniging, toen men eenparig scheen om twee leeraren te hebben, en toch toonde een groot deel der gemeente onwillig te zijn om genoegzaam bij te dragen voor twee leeraren.
>
> Op de Gemeentevergadering zullen waarschijnlik alleen diegenen spreken, die er vóór zijn en die er tegen zijn zullen zwijgen, maar zij zullen hun gewicht in de schaal laten gevoelen, wanneer er gekollekteerd wordt.
>
> Met de ondervinding die de Kerkraad te voren opgedaan heeft zal het zeer onvoorzichtig zijn een tweede leeraar te beroepen en ik voor mij zal mijne stem er niet voor geven.
>
> Hierbij komt nog dat aan ons kerkgebouw groote kosten gemaakt moeten worden, alsook dat de Transvaalsche Vereenigde kerk nog eerst een winter moet doorstaan om te toonen of het met haar goed gesteld is en of men op haar rekenen kan.

Eindelijk, er zullen zekere bepalingen van werkzaamheden moeten gemaakt worden vóôr er een tweede leeraar kan beroepen worden. Ik zal niet gaarne weer met iemand willen werken, van wien ik niet weet of ik hem moet vragen om te prediken of hij mij. Alle dingen moeten met orde geschieden. Doch ik reken op uw eigen gezond oordeel en vertrouw dat de Alwijze Schepper U ook in deze leiden zal.

Hierdie brief van ds. du Toit is egter nooit in die gemeentevergadering voorgelees nie. Die besluit van Saterdag 5 Oktober 1889 onder voorsitterskap van die konsulent (let wel!) om die kerkraad verlof te gee om 'n tweede predikant te beroep, is dus geneem sonder dat die gevoelens van ds. du Toit gehoor was! Nog op dieselfde aand is na afloop van die gemeentevergadering deur die kerkraad besluit om die tweede predikant teen 'n salaris van £350 per jaar te beroep. Die kerkraad het op Maandag 7 Oktober weer vergader en **toe eers** is die brief van ds. du Toit voorgelees, waarop besluit is om die hulppredikerskap van ds. Fick, wie se tyd as sodanig om was, met nog drie maande te verleng, en dan met die Desember-nagmaal die tweede predikant te beroep, al sou ds. Du Toit ook nie terug wees nie, want sy verlof het tot Februarie 1890 gestrek. Die drywers van die saak wou in geen geval nog twee maande wag nie. Alles wys daarop dat die Ned. Gereformeerde deel van die gemeente ds. Du Toit wou uitskuif, en hom met die hulpprediker wou vervang, en dat die beroep daarom in sy afwesigheid deurgedryf moes word. Hy moes met sy terugkoms voor 'n voldonge feit staan: sy hulpprediker moes hy as tweede predikant vind. Vriende het hom tydens sy afwesigheid teen hierdie loop van sake per brief gewaarsku.

Die gekombineerde kerkraad het op Donderdag 26 Desember onder die voorsitterskap van ds. Fick vergader en hom beroep, en reeds die volgende dag, 27 Desember, het hy die beroep aangeneem.

Op 3 Januarie het niemand minder as die konsulent bedenkings teen die wettigheid van die beroep ingebring nie, omdat ds. Fick, die hulpprediker wie se tyd toe verstryk het, op die gekombineerde kerkraadsvergadering gepresideer het, terwyl hy op die vorige gekombineerde vergadering van Oktober nie kon presideer nie, en die konsulent daarvoor moes oorkom. Die Kerklike Kommissie het deur sy Skriba op 10 April die Kerklike goedkeuring aan die beroep gegee, want daar was geen klagte oor die onreelmatige handelwyse ingedien nie. Op 17 April het ds. Du Toit egter teen die bevestiging geprotesteer. Die hele saak is toe na die Algemene Kerkvergadering verwys wat in die volgende maand sou saamkom.

Die Algemene Kerkvergadering het 'n kommissie van drie predikante en drie ouderlinge benoem, alger ou Ned. Gereformeerdes, wat hierop moes ingaan. Die kommissie het 'n lang rapport uitgebring waarin aanbeveel is:

> Dat de handelingen der kerkvergaderingen, onder voorzitterschap van ds. M. L. Fick wettig worden verklaard, en dat den consulent worde opgedragen Ds. Fick zonder verwijl te bevestigen.

Hierdie aanbeveling is op 21 Mei deur die Algemene Kerkvergadering aangeneem, en die bevestiging van ds. Fick het dan ook spoedig daarna plaas gevind [12]).

Potchefstroom het nou twee predikante gehad, ds. C. W. du Toit wat deur die Hervormde mense as hulle predikant beskou is, en ds. M. L. Fick wie se volgelinge weer uit die Ned. Gereformeerdes bestaan

[12]) Notule Alg. Kerkverg. Mei 1890, bls. 109.—Ds. M. L. Fick het op 1 Augustus 1919 'n voorlesing gehou oor sy „30-jarige diensttijd" wat in druk uitgegee is. Hy is baie kort oor hierdie hele geskiedenis, en ook nie altyd juis nie. So sê hy op bls. 8 dat hy op 26 Desember 1889 beroep is, dit aangeneem het en op 1 Februarie 1890 bevestig is. Hy plaas sy bevestiging nie alleen vier maande te vroeg nie, maar verswyg ook die protes van ds. Du Toit daarteen, en die behandeling van die hele saak deur die Algemene Kerkvergadering.

het. Dit het die kloof wat daar reeds was, nog groter gemaak en die uittrede van die Hervormdes uit die vereniging verhaas.

Die toestand was in die hele land baie verward en gespanne. Een deel van die Hervormde Kerk het glad nie verenig nie, terwyl onder die ander deel wat wel verenig het, baie mense was wat hoe langer hoe meer ontevrede met die loop van sake geword het. Hulle het by die Algemene Kerkvergadering van Mei 1890 geprotesteer, maar hulle proteste is van die hand gewys. Die Algemene Kerkvergadering het inteendeel besluit om die kerklike eiendomme van die Hervormde Kerk op naam van die Ned. Herv. of Geref. Kerk te laat oortransporteer. 'n Paar persone, lidmate van die gemeentes Pretoria en Potchefstroom, het toe namens die ontevredenes by die Hooggeregshof applikasie gemaak om die Verenigde Kerk te belet om dit te doen. Die Hoofregter het beslis dat die kerklike eiendomme alleen dan op naam van die Verenigde Kerk oorgetransporteer kon word as die Hervormde gemeentes daartoe opdrag en volmag verleen. Toe is 'n kommissie benoem wat die volgende prokurasie opgestel het en ter tekening rond gestuur het:

> Wij ondergeteekenden, respectievelijk kerkeraden en leden der Nederduitsch Hervormde Kerk in de Zuid-Afrikaansche Republiek, benoemen en stellen hiermede aan de Wel Edele Heeren: N. M. S. Prinsloo, ouderling; M. J. Wolmarans, ouderling; H. C. Visser; A. D. W. Wolmarans; J. J. Breytenbach; J. J. H. Wolmarans; G. J. Engelbrecht; H. J. H. Glas; Gert van Deventer; J. T. Maartens; P. L. Bezuidenhout en M. C. Rykaard; om namens ons al onze belangen hoe ook genaamd te behartigen aangaande onze rechten en tot de eigendommen der Ned. Hervormde Kerk in de Zuid-Afrikaansche Republiek en verder onze rechten en belangen te behartigen in en aangaande de Vereeniging der Ned. Hervormde Kerk en de Ned. Gereformeerde Kerk in de Zuid-Afrikaansche Republiek,

en alle zoodanige stappen te nemen zoowel in als buiten de Hoven dezer Republiek, indien vereischt gezegde vereeniging te ontbinden of ter zijde te zetten, met macht aan bovengenoemde Heeren een of meer personen aan hen toe te voegen, om voornoemde last ten uitvoer te brengen, ten voorschreven einde in rechten te verschijnen, zoowel eischende als verwerende in hooger beroep te komen, rechterlijke machtigingen te vragen, Agenten en Procureurs te benoemen, benoodigde Acten en stukken te doen maken, te beteekenen en te doen teekenen en in het algemeen datgene te doen wat vereischt wordt, alles met de macht en plaatsbekleeding, belofte van looning in verband als naar rechten.

In Potchefstroom het nie minder nie as 914 lidmate hierdie prokurasie geteken [13]). Hiermee het hulle feitelik reeds met die vereniging gebreek. Baie van hulle het gewoonweg nie meer kerktoe gegaan nie. Ds. Du Toit het dan ook gemeen dat hy hom met hierdie Kommissie wat nou die gevolgmagtigde van die Hervormdes was, in verbinding moet stel.

Die Kommissie het op Vrydag 29 Augustus op Potchefstroom saamgekom en hom as 'n Prokurasiekommissie gekonstitueer met N. M. S. Prinsloo, ouderling van Potchefstroom, as voorsitter en A. D. W. Wolmarans van Pretoria as sekretaris. Die meerderheid van die lede lede het aan die gemeente Potchefstroom behoort.

Die Prokurasiekommissie het as gevolmagtigde van die Hervormde gemeente van Potchefstroom begin om die kerklike toestande aldaar in behandeling te neem, en 'n brief opgestel vir die Verenigde Kerkraad wat die volgende dag sou vergader, en daarin voorgestel dat die Ned. Hervormdes en die Ned. Gereformeerdes in vrede uitmekaar sou gaan en ieder sy eiendomme sou behou, en dat daar 'n kommissie van vyf persone uit die kerkraad

---

[13]) Al hierdie prokurasies van Potchefstroom is nog voorhande, en berus in die Algemene Kerkargief.

en vyf uit die Prokurasiekommissie sou gekies word om alles te reël.

Die kerkraad het die volgende dag die brief in behandeling geneem. Ds. Du Toit was voorsitter en ds. Fick skriba. Dit het skerp toe gegaan en harde woorde is gespreek. Ouderling N. M. S. Prinsloo wat ook voorsitter van die Prokurasiekommissie was, en ouderling H. J. Visser het met krag vir die belange van die Hervormde Gemeente opgekom en ds. Du Toit het hom ook nie onbetuig gelaat nie. Hy het saam met ouderling Prinsloo en M. J. Wolmarans voorgestel om die gemeente met die Oktobernagmaal *en masse* vir 'n monstervergadering op te roep ten einde duidelik te wete te kom hoe die sake staan, en dan na bevind daarvan te handel. Hierdie voorstel is egter nie aangeneem nie, want die vrees het bestaan dat so 'n monstervergadering aanleiding tot onheil sou kon gee. Die kerkraad het daarop besluit om die Prokurasiekommissie te antwoord dat hy nie bevoeg is om die voorgestelde verdeling te maak nie, maar om die saak in die hande van die Synodale Kommissie te lê. Ds. Du Toit het laat aanteken dat hy in die minderheid gestem het.

Die Prokurasiekommissie het na ontvangs van hierdie beslissing van die kerkraad weer vergader en „namens de Hervormde Gemeente van Potchefstroom" besluit:

> 1e Te verklaren, dat al de hier geteekende 914 lidmaten, zijnde personen, krachtens Art. 3 van de wetten en bepalingen voor de Ned. Hervormde Kerk in de Z. A. Republiek vastgesteld op de Algemeene Vergadering te Heidelberg, op den 29sten November 1869, zijn en blijven lidmaten van de oude Ned. Hervormde Kerk voornoemd.
>
> 2e Aan de Commissie der Algemeene Vergadering van de Ned. Hervormde of Gereformeerde Kerk kennis te geven namens de Hervormde Gemeente van Potchefstroom dat zij zich met genoemde Gemeente niet gebonden acht, aan het nieuwe kerkgenootschap, zich noemende Ned. Hervormde of

> Gereformeerde Kerk in de Z. A. Republiek, door de kerkbesturen in het leven geroepen, en evenmin aan besluiten, genomen door hoogere besturen van bovengenoemde nieuwe Kerk.
>
> 3e De tegenwoordige leden van den kerkeraad, zoowel als den Predikant C. W. du Toit in hunne respectieve ambten te zullen blijven erkennen, indien deze door schriftelijk antwoord te kennen geven dat zij bereid zijn zich aan dit besluit te onderwerpen, en als zoodanig met de Hervormde Gemeente samen te zullen werken, en daarmede te kennen gevende dat zij zich bereid verklaren de wetten en bepalingen der Ned. Hervormde Kerk, vastgesteld den 29sten November 1869 en volgende dagen voortaan stipt te zullen handhaven.
>
> Om namens die Hervormde Gemeente van Potchefstroom aanspraak te maken op alle eigendommen, behoorende aan en tot genoemde Hervormde Gemeente, en trachten zullen dezelve in bezit te krijgen.

Die Prokurasiekommissie het van hierdie besluit aan die kerkraad kennis gegee, en tegeliyk aan ds. Du Toit skriftelik berig gestuur dat hulle hom

> namens de Hervormde Gemeente van hier zullen erkennen als predikant, zooals U Eerw. vroeger beroepen was, en ook uw Eerw. Kerkraad, die by ons wenscht te blijven staan.

Ds. Du Toit het vyf dae later, op 4 September, die volgende skriftelike antwoord aan die Prokurasiekommissie gestuur:

> Ik dank u zeer voor de eer die uwe commissie mij heeft bewezen, door mij uit te noodigen om mij bij uw getal te voegen, en door mij te erkennen als Leeraar onder de Hervormden.
>
> Ik heb steeds gemeend dat ik aan de zijde van uwe party moet staan, en nu gij mij roept ben ik des te meer er toe geneigd.

Toen de naam der Kerk vastgesteld werd, heb ik reeds verwacht dat er weer eene groote Hervormde Kerk zal worden hersteld en daarom heb ik geprotesteerd op dat ik met meer gemak aan de vereeniging vaarwel kan zeggen. Door de Hervormden ben ik in die land beroepen ;—met de Hervormden ging ik in de vereeniging, en met hen ga ik er uit. Moge de Heere onze zaak zegenen, en ons het licht geven, dat wij noodig hebben.

Ik leef in de overtuiging dat er veel meer vrede alhier zal gevonden worden, wanneer de twee partijen weer gescheiden zullen zijn.

Met groete en heilbede, blijf ik,

Uw vriend en Broeder in den Heere,

C. W. du Toit, V.D.M.

Ds. Du Toit het hierop in die volgende opebrief van sy besluit kennis gegee:

Geliefde Gemeente!—Het bericht dat ik beroepen ben door de Procuratie Commissie der Hervormden is gegrond op een misverstand. De brief werd genoemd een beroepsbrief, maar bij nauwkeurige lezing bleek hij te zijn eene officieele uitnoodiging, dat ik mij als leeraar aan hunne zijde zal voegen gelijk vóór de vereeniging.

Ik heb besloten aan die uitnoodiging gehoor te geven, en heb mijn antwoord reeds afgezonden. Tot dit besluit ben ik gekomen omdat het mij van het begin af duidelijk was dat ik bij de Hervormden behoorde, wanneer zij aan de vereeniging vaarwel zeggen. Door hen ben ik geroepen, toen ik naar deze Republiek kwam, en door hen word ik geroepen nu zij zich losmaken van de banden der vereeniging. Dat ik mij door dezen stap aan veel haat en hoon blootstel, weet ik, en dat ik vele dierbare vrienden der vereeniging tegen mij krijg, gevoel ik ; maar ik kan nu niet anders. Tot troost is het mij te weten dat ik met de vereeniging mede ging zoover het mij mogelijk was en niettegenstaande ik ontevreden was

met den naam der Kerk, heb ik mij stil gedragen en heb anderen aangemaand om onderworpen te zijn; maar nu zulk een groot getal uwer weder gaat staan op de oude Hervormde grondslagen, wil ik als vroeger met u deelen in vreugde en smart.

Ik koester de hoop, dat velen zich nog bij ons voegen zullen, ja dat wij in ons volle getal op de grondslagen van de oude Hervormde Kerk zullen staan. Ik noodig allen uit die vroeger bij ons waren en allen die zich bij ons wenschen aan te sluiten. Broeders en Zusters, wij waren elkander getrouw en gingen als eene volle gemeente in de vereeniging —laat ons ook nu elkander getrouw zijn en de oude Hervormde Kerk oprichten. Er zijn te vele van onze Broeders en Zusters ontevreden met de vereeniging en gij kunt hen niet van u laten weggaan. Gij behoort bij hen en moet bij hen blijven.

Moge onze goede God het ons doen gelukken om in vrede te scheiden van onze Broeders en Zusters, die in de vereeniging willen blijven. Zooals de zaken nu zijn kunnen zij niet blijven, en er is een tijd waarop het noodzakelijk wordt dat Abraham en Loth uiteen gaan.

Met heilbede blijf ik,

Uw vriend en leeraar,

C. W. du Toit.

In later jare is geïnsinueer dat ds. Du Toit hierdie stap nie heelhartig gedoen het nie, maar enigsins onder druk gehandel het. Hy het hierdie insinuasie toe deur die volgende verklaring weerspreek.

Stellenbosch, 6 Aug. 1924.

Ik ondergetekende verklaar mits dezen, dat ik tijdens de scheiding van de Hervormde genootschap op 1 October 1890 door de Procuratie Commissie te Potchefstroom schriftelijk gevraagd werd: Of ik genegen was om bij de Hervormde Gemeente van Potchefstroom te blijven staan als haar prediker?

En ik verklaar verder dat ik dadelijk, schriftelijk, zonder enige dwang of pressie en geheel spontaan, antwoordde:

Ik ben door de Hervormde Gemeente van Potchefstroom beroepen als haar predikant; ik ben met haar in de voorlopige vereniging gegaan; en toen ik zag dat de Algemene Vergadering van de Verenigde Kerk van de grondslagen van 1882 afweek, heb ik schriftelijk geprotesteerd en met mijne gemeente ga ik uit die voorlopige verenigde Kerk.

C. W. du Toit.

Die kerksake was veral in September 1890 baie verward. Ds. Du Toit en die oorgroot meerderheid van die Hervormde gemeente het die voorlopige vereniging vaarwel gesê, maar die boedelscheiding met die verenigde groep het nog nie plaasgevind nie. Die Hervormers wou met ds. Fick niks te doen gehad het nie. Hy was vir hulle 'n indringer, wat hulle predikant, ds. Du Toit, opsy wou skuif. Dit het soms pynlike voorvalle veroorsaak. So het ds. Fick op Sondag 7 September van die preekstoel van die Hervormde Kerk aan die einde van sy preek teen die Hervormdes uitgepak. Hy het hulle „scheurders" genoem wat „met hun kinders gestraft zouden worden." Hy het nog verder gegaan en hulle „bandeloos" genoem, en gesê dat hulle „oproer" gemaak het. Ouderling H. J. Visser was so verontwaardig dat hy die kerk uitgestap het. Na afloop van die diens het 'n paar ouderlinge ds. Fick in die konsistorie aangeval, en hom verwyt dat hy wel op die preekstoel waar niemand hom kon teenspreek nie, hom manhaftig wou hou. Hulle wou hom toe belet om weer op die preekstoel van die Hervormde Kerk te kom, maar het vereers tog nog gewag.

Met die nagmaalsgeleentheid op Saterdag 4 Oktober was die Prokurasiekommissie weer op Potchefstroom. Die naamtekeninge onder die prokurasie het gestyg en het nou 1011 bedra. Die Prokurasiekommissie het reeds vroeg in die more, om agt uur, sy vergadering begin. Ingrypende besluite is geneem, o.a. dat die Hervormde

gemeente van Potchefstroom alleen volgens die kerkwet van die Ned. Hervormde Kerk bestuur sal word; dat ds. Fick nie in die Hervormde Kerk erken word nie en ook nie die kerkraadslede wat nie voor twee uur die middag verklaar het dat hulle by die Hervormde gemeente bly nie. Verder is 'n kommissie benoem wat bestaan het uit ds. C. W. du Toit, ouderlinge N. M. S. Prinsloo, M. J. Wolmarans en H. J. Visser, en veldkornet J. T. Martins wat namens die Prokurasiekommissie alles in verband met die kerklike eiendomme moes reel en sorg moes dra dat alles in veiligheid sou kom.

Die kerkraad het ook vergader, en altwee die partye, Hervormd sowel as Verenigd, was in die vergadering verteenwoordig. Die vergadering het ongeveer ses uur lank geduur en daar is harde uitdrukkings oor en weer gebruik. Die Pokurasiekommissie het die kerkraad in kennis gestel van sy besluite. Die ouderlinge N. M. S. Prinsloo, H. J. Visser, M. J. Wolmarans, J. P. Prinsloo en G. C. Lindeque en die diakens T. F. J. Steyn, P. J. Botha en J. J Steyn het aan die Prokurasiekommissie kennis gegee dat hulle by die Hervormde Kerk bly staan. Die Prokurasiekommissie het tewens bepaal dat ds. Du Toit alleen die dienste sou waarneem. Ds. Fick is as 'n indringer beskou, vir wie daar geen plek in die Hervormde Gemeente kan wees nie. Die Prokurasiekommissie het verder besit van die kerkgebou geneem, nadat hy die sleutel deur middel van die heer F. A. Smit in hande gekry het [15]). Toe die deur oopgesluit was het die Prokurasiekommissie die dubbel deur van die

[15]) Ds. M. L. Fick vertel op bls. 12 van sy reeds gemelde lesing dat de Hervormdes „hebben de kerkdeuren met geweld geopend, en hun intrek in de kerk genomen; want de koster, Bill Murray, zat met de sleutel en weigerde beslist dien af te geven." Hierdie bewering is heeltemal onwaar. De heer Smit, later ouderling van Pretoria, het my nog persoonlik meegedeel hoe hy in besit van die sleutel gekom het. Verskillende ander persone het dit bevestig. De Potchefstroomer, 'n plaaslike koerant van daardie dae, sê ook dat die koster die sleutel had, maar „de Hervormden hadden echter andere sleutels en konden ingaan zonder in te breken." Sien ook A. D. W. Wolmarans: Kerkhistoriese Feiten (1919), bls. 25.

konsistorie van binne oopgemaak en 'n nuwe slot laat aansit. Met die oog op die gespanne toestand is besluit die volgende dag geen nagmaal te vier nie. Al die kerkdienste is egter deur ds. Du Toit gehou, ook die van Saterdagmiddag. In die aand was daar gemeentevergadering en ook 'n gekombineerde kerkraadsvergadering van die kerkraadslede en oud-kerkraadslede wat by die Hervorrmde Kerk gebly het.

Op Maandag 6 Oktober het die Prokurasiekommissie o.a. besluit:

> 1e de voorgestelde vereeniging der Nederd. Hervormde met die Nederd. Geref. Kerk voor mislukt en vervallen te verklaren, gelijk zij bij dezen doet; 2e de kerkbesturen der Ned. Herv. of Geref. Kerk niet te erkennen als wettige besturen der Ned. Herv. Kerk, evenmin besluiten door genoemde besturen.

Die Prokurasiekommissie en die kerkraad het saam hiervan aan die Regering skriftelik kennis gegee en o.a. gesê:

> Dat wij verklaren in naam van de Ned. Herv. Kerk, dat onze voorlopige en voorwaardelijke vereeniging met de Ned. Geref. Kerk vervallen is, en dat wij blijven staan op de grondslagen der Ned. Herv. Kerk, die de oudste en erkende Kerk der Z. A. Republiek is zooals blijkt uit de Grondwet.

Die oorgroot meerderheid van die Potchefstroomse Hervormde lidmate het dus uit die vereniging getree. Die deel wat agter gebly het, het saam met die Nederduits Gereformeerdes nog 'n minderheid uitgemaak.

Dit was veel bewoë tye, en veral teen ds. Du Toit het die vyandskap hoog opgevlam. Eers is van die kant van ds. Fick gedreig om die Hervormde Kerk deur 'n interdik te sluit, en op 29 Desember 1890 het 'n kommissie uit die kerkraad van die Ned. Herv. of Geref. gemeente deur middel van 'n agent ds. Du Toit gelas om die pastorie binne twee dae te ontruim omdat dit die eiendom van laasgenoemde gemeente sou wees! Hierdie

aanslae het egter nie geluk nie, want die kerkplein en pastorie was respektiewelik van 1842 en 1859 eiendom van die Hervormde Gemeente en op sy naam getransporteer. Prokureur A. R. Fleischach, skriba van die gemeente, het hierin belangrike dienste bewys.

Die kerklike twiste wat deur die sogenoemde kerkvereniging veroorsaak is, het in die hele land so 'n omvang aangeneem dat President Kruger gemeen het dat iets gedoen moes word en daarom het hy 'n vergadering van die verskillende partye belê, nl. ses persone van die deel van die Hervormde Kerk wat nooit verenig het nie, ses van die deel wat voorlopig wel saam gegaan het maar met behulp van die Prokurasiekommissie die vereniging weer laat vaar het, en ses van die Verenigde Kerk wat die ou Ned. Geref. Kerk en die Hervormers wat by die vereniging gebly het, verteenwoordig het. Die ses afgevaardigdes van die Hervormde Kerk was ds. M. J. Goddefroy, ds. Jac. van Belkum, ouderlinge C. J. Joubert, F. G. Joubert, D. J. Weilbach en A. B. Wolmarans; die van die gemeentes onder die Prokurasiekommissie was ds. C. W. du Toit, N. M. S. Prinsloo, D. J. Bodenstein en H. J. Visser, ouderlinge van Potchefstroom, A. D. W. Wolmarans van Pretoria en G. J. Engelbrecht van Standerton. Die Verenigde Kerk was deur ds. H. J. L. du Toit, ds. H. S. Bosman, ds. H. L. Neethling, ds. N. J. van Warmelo en ouderlinge B. J. Vermaas en C. L. Neethling verteenwoordig.

Die vergadering het op 24 Augustus 1891 in Pretoria 'n aanvang geneem. President Kruger was die voorsitter [15]). Dit is die pynlikste vergadering wat ooit in Transvaal in verband met kerklike sake gehou is. Die doel van President Kruger was om vrede te maak en die moeilikhede uit die weg te ruim. Dit het egter heeltemal misluk, en aan hierdie mislukking het veral ds. H. L. Neethling groot skuld gehad. Hy was bitsig en wou die Hervormde afgevaardigdes nie erken nie. Herhaaldelik het hy gevra „wie zijt gij?" Hij was beledigend, on-

[15]) Die notule is deur 'n snelskrywer gemaak, en daarna in druk uitgegee.

hebbelijk, hatelijk en sy toesprake was vol insinuasies. Ds. Van Belkum is deur hom as 'n vreemdeling uitgemaak wat sy goed wou kom vat. President Kruger moes dan ook voortdurend sus. Een van die afgevaardigdes, die heer A. D. W. Wolmarans, het eenkeer selfs openlik verklaar dat dit beter was om ds. Neethling nie te antwoord nie, „want door het beantwoorden werden er maar weer kruitkorrels op het vuur gegooid." Veral teen ds. Du Toit was hy bitsig en skerp. Ds. Van Belkum het die volgende aantekening in sy dagboek gemaak :

> Akelige twisting. De predikanten kunnen soms handige advocaten zijn. Ik heb mij geschaamd over de vergadering, waarin de geest van Christus gemist werd.

Veral vir ds. Van Warmelo was dit baie pynlik. Hy was teen sy sin in die vereniging gesleep, en sy hart was by die Hervormde Kerk. Hy was deur verdriet heeltemal gebreek. In Januarie 1892 het hy op sy bed gaan lê, doodsiek, maar die dokters kon nie sê wat hy makeer nie. Eindelik het een van hulle dit 'n verval van kragte genoem, maar hy was slegs ses-en-vyftig jaar oud ! Op 21 April is hy oorlede, en 'n paar dae later het ds. C. W. du Toit in 'n brief van deelneming aan sy weduwee o.a. geskryf :

> Nooit zullen wij vergeten van hoeveel waarde zijn leven is geweest voor onze Hervormde Kerk, en nog altoos was ons oog op hem gericht als de man die weer de Hervormde Kerk zal opbouwen ; maar Gods gedachten zijn niet gelijk onze gedachten.

Dit was tydens hierdie vergadering dat ds. Du Toit en ds. Van Belkum mekaar vir die eerste keer ontmoet het. Hulle het later groot vriende geword, hoewel hulle twee heeltemal verskillende nature gehad het. Ds. Du Toit was 'n Franse type. Liggamelik was hy tenger. Geestelik was hy fyn besnaard. Ds. Van Belkum weer was 'n egte Fries. Hy was liggamelik sterk en geestelik

baie kragtig. Ook was hy baie fyngevoelig. Altwee, ds. Du Toit en ds. Van Belkum, was eerlik en opreg, vrome en godvrugtige christene wat nie hulself gesoek het nie. Dit het egter in die begin moeilik vir hulle gegaan om mekaar te vind. Die Prokurasie-groep wat voor die vergadering van President Kruger reeds die vereniging vaarwel gesê het, was egter nog nie weer terug by die deel van die Hervormde Kerk, wat nie verenig het nie. Die terugkeer onder die Hervormde kerkverband moes takvol bewerkstellig word. Ds. Goddefroy het selfs terughoudend teenoor ds. Du Toit gestaan. Met ds. Van Belkum was dit anders. Hy het altyd na punte van ooreenkoms gesoek. Hoewel hy nog maar twee maande in Transvaal was, was dit vir hom duidelik dat alle gevoelens van aarseling tussen die Hervormde Kerk en die Hervormers van die Prokurasie-groep opsy gesit moes word, en dat die feit dat hulle voorlopig wel met die kerkvereniging saamgegaan het, nie in aanmerking geneem moes word nie.

Tydens die vergadering op Pretoria het ds. Van Belkum en die heer N. M. S. Prinsloo, ouderling van ds. Du Toit en voorsitter van die Prokurasiekommissie, daaroor gepraat om alle mure van skugterheid te probeer verwyder. Hulle het dan ook afgespreek dat ds. Van Belkum in Oktober 1891 wanneer hy vir 'n kerkviering na Venterskroon moes gaan, 'n paar dae op Potchefstroom sou oorbly en 'n diens in die kerk sou hou, al was dit op 'n weekdag. Dit sou die weg help effen om mekaar te vind.

Ds. Van Belkum het op 23 Oktober van Rustenburg op Potchefstroom aangekom en het reguit na die pastorie van ds. Du Toit gegaan. Maar tot sy teleurstelling vind hy dat die diens nie alleen nie gereel was nie, dog dat ds. Du Toit hom ook nie in die pastorie kon herberg nie. Die ontvangs was selfs nie al te hartelik nie. Ds. Van Belkum moes toe byna twee dae in 'n hotel tuis gaan voor hy na Venterskroon kon afreis. Op sy terugreis het hy toe op Potchefstroom nie weer by ds. Du Toit aangegaan nie, maar het wel 'n besoek gebring by die

weduwee van wyle ds. Van der Hoff wat hom baie vriendelik ontvang het. Dit is goed te verstaan dat hy baie teleurgesteld was, want hy wou graag nader met ds. Du Toit kennis maak en die kans waarneem om openhartig oor die kerklike toestande te praat. Later het dit geblyk dat daar persone in die omgewing van ds. Du Toit was vir wie hy bevreesd was om ds. Van Belkum anders dan onder vier oë te ontmoet.

Op 16 Desember van dieselfde jaar was ds. Du Toit en ds. Van Belkum altwee op die vyfjaarlikse fees te Paardekraal, maar ook daar kon hulle nie met mekaar van gedachte wissel nie: ds. Du Toit blykbaar uit vrees, en ds. Van Belkum blykbaar uit teleurstelling oor sy ondervinding in Potchefstroom.

Ds. Du Toit het egter gevoel dat dit nie in orde was nie, en toe hy van ds. Van Belkum se teleurstelling hoor het hy hom op 25 Januarie 1892 openhartig geskryf:

> Waarde Broeder,
>
> Het doet mij zeer leed te vernemen, en wel eerst onlangs, dat gij zeer ontevreden zijt over uw wedervaren alhier. Had ik het eerder geweten dan had ik u vroeger er over geschreven, hoewel ik vrees dat het vruchteloos is te schrijven wanneer men niet alles kan schrijven dat noodig is. Het spijt mij dat ik niet gevraagd had om u alleen te zien, opdat ik openhartig met u spreken kon toen gij hier waart; . .
>
> Nu Broeder, verschoon ons toch in dezen en laat toch geen kwaad zijn tusschen ons.—Wegens bestaande toestande is de verhouding tusschen ons pijnlijk en ik gevoel het te meer omdat ik geïsoleerd sta en de vereenigde predikanten mij den rug hebben toegekeerd, maar ik moet er naar schikken, hoewel mijn gedrag niet door iedereen zal gebillijkt worden.
>
> Kon ik u toch maar privaat ontmoeten, maar dit is mij zelfs te Paardekraal niet tebeurt gevallen.
>
> Laat ons God bidden dat Hij ons wijsheid geve om tusschen de rotsen door te zeilen zijn naam tot eer en onze gemeenten tot zegen.

De Heere zegene u en gezin en geve u een gelukkig jaar in huis en werk.

Met heilbede,

Uw br.,

C. W. du Toit.

Ds. Van Belkum het op 4 Februarie ds. Du Toit als volg geantwoord:

Waarde Broeder in Chr.,

Uw brief van den 25en Jan. dien ik verleden week heb ontvangen, heeft mij goed gedaan. Niet, omdat u daarin nog eens duidelik mij uiteenzet waarom u mij niet hebt kunnen ontvangen, want ik verlangde u in dit opzicht geen verklaring, maar omdat ik gelegenheid heb misverstand uit den weg te ruimen en zekere verhoudingen recht te maken.

Laat mij u eerst zeggen, dat ik bij mijn komst in Potchefstroom teleurgesteld was, omdat u mij niet hebt kunnen ontvangen. Ik had mij voorgesteld met u kalm en open te spreken over enkele raadselachtige dingen in de kerkelijke politiek . . .

Zeker gaarne zag ik u ook eens privaat, of ik daartoe gelegenheid zal hebben weet ik niet, doch ik zal zien.

Laat ons elkanders handen sterken. Dat de Vereenigde predikanten u de rug toekeeren begrijp ik. Hun regel is: *si non cum nobis (Jesuïtisch) non cum Jesu itis.*

Troost u daarover, dat gij niet van menschen geoordeeld wordt, maar van de Heer der Gemeente.

Waarde Broeder! de Heer der Gemeente zij uwe kracht en uwe sterkte en in den strijd voor het recht der Hervormden kunt gij op mij rekenen, wanneer deze is met geestelijke wapenen.

Ontvangt met uwe echtgenoote mijn groetenissen en geloof mij, in den Heer met zijne genade bevelend,

Uw broeder in Chr.,

Jac. van Belkum.

Van toe af was die ys tussen ds. Du Toit en ds. Van Belkum gebreek. Hulle het nie alleen hartlik saam gewerk nie, maar ook vriende geword. In Rustenburg, waar ds. Van Belkum predikant was, het die Ned. Herv. of Gereformeerde gemeente inderdaad beslag gelê op die besittings van die Hervormde gemeente, sodat laasgenoemde na die Hooggeregshof moes gaan. Ds. Du Toit kon vanweë alles wat hy en sy gemeente op Potchefstroom deurgemaak het, saam met Rustenburg voel. Toe die uitspraak in Junie 1895 ten gunste van die Hervormde gemeente was en die Hervormdes daar weer in besit van hulle kerk en pastorie en ander eiendomme gestel is, het ds. Du Toit hom saam met Rustenburg verheug en aan ds. Van Belkum 'n hartlike gelukwens gestuur.

Die rus en kalmte het langsamerhand oor die hele land terug gekeer, ook in Potchefstroom, waar die gemeente in volle besit van al sy eiendomme gebly het, soos die kerkplein en pastorie wat onderskeidelik reeds van 1842 en 1859 sy wettige besit was, en al die kerkboeke vanaf die jaar 1842.

Die gemeente het bly groei en die band met ds. Du Toit, met wie soveel saam deur gemaak is, was baie sterk. Die storms het hulle saamgebind. In 1892 is allerhande verbeterings aan die kerkgebou gemaak wat £2,000 gekos het, sodat dit 'n sierlik geheel geword het. Ook is 'n mooi kerkorrel aangeskaf wat oor die elf duisend pond geweeg het en wat deur twee ossewaens op die spoorwegstasie van Vryburg afgehaal is. Dit is deur Mitchell en Perold in die kerk opgesit en is in November 1892 in gebruik geneem. In daardie dae was dit die mooiste orrel in die hele Transvaal, en nou nog is dit een van ons mooiste kerkorrels. Die heer J. S. Perold, een van die bouers van hierdie nuwe orrel, was ook eerste orrelis hiervan, en het dit gebly tot 1914. Na die afstigting van verskillende nuwe gemeentes soos Makwassie, Wolmaransstad, Ventersdorp en Krugersdorp het die getal belydende lidmate nog 1500 bedra.

Ds. Du Toit het in die Kerk as geheel 'n leidende plek ingeneem. In 1894 toe die gemeentes wat onder

leiding van die Prokurasiekommissie was, weer onder die gewone kerkverband van die Hervormde Kerk opgeneem is, is hy as skriba van die Algemene Kerkvergadering gekies, en het tot 1897 skriba van die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering gebly. Van 1903 tot 1907 en van 1909 tot 1916 was hy voorsitter van die Algemene Kerkvergadering en dus ook van die Algemene Kommissie. Dit was in hierdie jare dat hy in hartelike samewerking was met ds. Van Belkum, die Skriba. Op 20 Desember 1908 het hy sy silwer fees as predikant van Potchefstroom gevier. Die belangstelling was verbasend groot. Daar was ook nog ses ander Hervormde predikante aanwesig, en wel ds. Jac. van Belkum van Heidelberg, ds. L. E. Brandt van Johannesburg, prof. dr. P. J. Muller van Pretoria, ds. M. J. Goddefroy van Middelburg, ds F. S du Toit van Ventersdorp en ds. P. W. Ennis van Klerksdorp Die feesrede is Sondagaand deur prof. dr. P. J. Muller namens die hele Kerk uitgespreek.

Dit was vir ds. Du Toit 'n harde slag toe sy eggenote in 1917 oorlede is, en menigeen het sorgvol aan hierdie gryse dienskneg van die Heer gedink. Op 15 Desember 1918 het hy weens sy hoë ouderdom—hy was byna sewe-en-sewentig jaar—sy emeritaat geneem en sy amp neergelê. Sy hele lewe deur was hy swak van gestel, maar tot die laaste toe het hy vol kerke gehad en is hy deur die gemeente hoog gewaardeer. Sy preke was kort, maar pittig en vol frisse gedagtes. In sy eksegese en in sy dogmatiek was hy ruim en vry. Soms het hy in sy preke gedagtes uitgespreek wat by ander kwalik geneem sou gewees het as hulle dit gesê het. Maar nooit het iemand daaraan gedink om hom van kettery te beskuldig nie. Sy afskeidspreek was oor Openbaring 8 vers 1—5. Na sy aftrede het hy Potchefstroom as woonplek verlaat, maar het dit nog meermale besoek en dan vir die gemeente opgetree. Op 1 Oktober 1927 het hy die feesrede gehou toe die gemeente se vyf-en-tagtig jarige bestaan herdenk is.

Op 2 November 1931 toe hy reeds ver oor die negen-en-tagtig jaar oud was, het hy ds. Van Belkum met sy tagtigste verjaardag geluk gewens, en tegelykertyd van hom afskeid geneem. Die brief het as volg gelui :

Jeppestown, 30 Oktober 1931.
74 Corriestraat.


Eerwaarde en Hooggeachte Heer Van Belkum,

Van harte wens ik U geluk met uw tagtigste verjaardag. Ik dank den Heere, dat Hij uw nuttig en voorbeeldig leven zo lang gespaard heeft. Hij geve U nog vele jaren van gezondheid. Hij geve U naar uw hart en vervulle al uwen raad. Hij zende uwe hulp uit het heiligdom en ondersteune U uit Zion.. Hij geve U een nuttige en gelukkige levensavond, make de rivier droog en geve U 'n ruime toegang in de heerlijkheid.

En nu neem ik de gelegenheid waar, eer ik de aarde verlaat, om U te danken voor al uw liefdearbeid aan onze Hervormde Kerk en vooral de hulp die U mij heeft bewezen in het beantwoorden van vele moeilijke vragen die tot mij kwamen in onze Algemene Kerkvergaderingen. Aan U hebben wij het vooral te danken dat onze Hervormde Kerk nu is wat zij is. Gode dank dat Hij U aan ons gegeven heeft. Na minzame groete voor U en Mev. Van Belkum,

Uw Broeder in Christus,
C. W. du Toit.


Drie en 'n halwe maand later, op 12 Februarie 1932, nege dae voor sy negentigste verjaardag, is ds. Du Toit oorlede. Sy stoflike oorskot is na Potchefstroom vervoer waar dit onder groot belangstelling ter aarde bestel is.



Ds. S. VERMOOTEN.



Ds. W. P. J. POËN.




Ds. J. G. M. DREYER.

# SLOT.

Ds. Du Toit is in 1919 as predikant van Potchefstroom deur ds. S. Vermooten opgevolg. Laasgenoemde was van 1915—1919 predikant van Zeerust. In 1926 het hy 'n beroep na Pretoria aangeneem, en is in Potchefstroom deur ds. W. P. J. Poën opgevolg, wat van 1922—1927 predikant van Pietersburg was. Hy is in 1937 oorlede. In 1938 is ds. J. G. M. Dreyer, in 1924—1928 predikant van Dullstroom en 1928—1938 van Ermelo, beroep. Hy het die beroep aangeneem en is nou nog in die gemeente werksaam. Oor die dienstyd van hierdie predikante wat na ds. Du Toit op Potchefstroom gekom het, word hier niks meegedeel nie. Dit is nog baie resent. Alleen word gememoreer dat in die laaste dertig jaar nog meer dele van Potchefstroom tot selfstandige gemeentes gevorm is, nl. Vereeniging, Losberg en Parys, ieder tans met 'n eie predikant, en tog tel die moedergemeente nog 1,628 belydende lidmate.

Potcheftroom is die Moedergemeenet van die Hervormde Kerk in Transvaal. Honderd jaar gelede is dit deur die Voortrekkers gestig, en dit was passend om 'n blik na agter te werp. Veel het gebeur in daardie tyd. Die toekoms lê egter voor en niemand kan sê wat dit sal bring nie. Een ding is egter seker : die toekoms sal veilig wees en Potchefstroom sal 'n ware Moeder in die Hervormde Kerk wees, as nooit uit die oog verloor word nie dat dit 'n onsigbare koninkryk moet verteenwoordig, 'n koninkryk wat nie van hierdie wêreld is nie. Die gemeente moet verkeer in die dinge van die Vader. Dan is daar geen gevaar te vrees nie !



Kerk op Potchefstroom.

# BYLAGE.

## FEESREDE

Uitgesproken met het Jubileum van de
Ned. Hervormde Gemeente Potchefstroom,

op 1 Oktober 1927,

door Ds. C. W. DU TOIT.

Gebed: Hoog en heerlik opperwezen, Schepper van hemel en aarde, van zon, maan en sterren, en van werelden ons onbekend.

Gij ziet ons hier bijeen in deze tempel der aanbidding om met elkander 'n jubelfeest te vieren van deze moedergemeente van Transvaal.

Wij verheffen hart en stem in dank tot U, dat Gij ons leven hebt gespaard en ons instaat stelt om dit feest te vieren. En wij bidden U, stel ons instaat om het te vieren tot Uw eer en tot ons heil.

Dank dat Gij zelf tegenwoordig zijt en ons vereert met Uwe tegenwoordigheid. Wij loven en danken U dat Gij deze moedergemeente alhier hebt gesticht en dat Gij haar hebt instand gehouden zovele jaren lang.

Gij hebt haar voorzien van leraren, kerkeraadsleden en vele belangstellenden en Gij hebt door haar velen gezegend met het dierbaar Evangelie der verlossing.

Moge dit feest tot Uwer eer gevierd worden en tot heil voor ons allen. Amen.

Geliefde Christenschare!

Een buitengewoon feest brengt ons thans tezamen in deze tempel der aanbidding en ik heet u allen welkom. Welkom gemeente van Potchefstroom; welkom vreemden en belangstellende vrienden; welkom vooral gij leraren van heinde en verre gekomen om dit feest met ons te vieren.

In naam van Kerkraad en gemeente verzeker ik u van onze dankbaarheid voor uwe belangstelling.

Met dankbaarheid tot de Allerhoogste aanvaarden wij dit feest en wij verheugen ons dat de Here ons leven gespaard heeft en dat wij tegenwoordig mogen zijn bij dit vijfentachtig-jarige jubelfeest.

Ik acht het een voorrecht dat ik in 1842 in de Kaapkolonie gedoopt ben, want toen was de kerk daar ook nog 'n Hervormde Kerk.

Hoe jammer, dat wij de stichters van onze gemeente niet meer bij ons hebben! Vooral de eerste leraar Ds. Dirk van der Hoff, die ons zeer veel zou kunnen vertellen van zijn avontuurlik leven, en van de ongemakken en moeilikheden van die dagen. Beschaving en humaniteit moest hij verlaten, om in deze toenmaalse wildernissen te arbeiden.

Het zij mij vergund om heden de namen te noemen van de eerste kerkeraadsleden. Hun stof rust in vrede.

F. G. Wolmarans,
David Jacobs,
P. van Staden,
P. F. Strijdom,
Ouderlingen.

F. du Preez,
G. Maree,
S. Viljoen,
Diakenen.

De g e m e e n t e van Potchefstroom is ontstaan in 1842 en is dus zo oud als ik zelf. Zij is betrekkelik klein begonnen; maar is een van de grootste gemeenten geworden in Transvaal.

Haar eerste v e r g a d e r p l a a t s ter aanbidding was slechts een gering gebouw op de hoek van het kerkplein, totdat later een groter gebouw werd opgericht dat na enige jaren aanzienlik verbeterd werd met plafonds, banken, galerijen, orgel en lampen.

Ik herinner mij nog goed de tijd, toen wij onze stoelen naar de kerk moesten brengen en ook nog kaarsen moesten aansteken bij het zingen in de avond.

Maar de zegen des Heeren rustte kennelijk op de gemeente en zij nam toe. In de donkere dagen van herderloosheid kreeg zij 'n l e r a a r uit het verre Nederland, die met zijn echtgenote bloedverwanten en vrienden heeft vaarwel gezegd om hen nooit weer te zien op aarde; die de lange en gevaarlike reis ondernam van duizenden mijlen op zee om hier het evangelie te verkondigen en als herder te arbeiden in een land van woeste barbaren en gevaarlike wilde dieren. En hij diende de gemeente tot zijn dood toe, in allerlei ongemakken van die dagen.

En sedert die tijd is de gemeente nooit lang herderloos geweest en na zovele jaren wordt zij nu eerst bediend door een vierde leraar.

Ik zelf had het voorrecht om de gemeente 35 jaren te dienen en zij was mij 'n Bethesda; want hier werd ik gezond, terwijl ik in een vorige gemeente zeer ziekelik was. Toen ik het beroep naar deze gemeente ontving was mijn bezwaar dadelik dat ik te oud was om naar Transvaal te verhuizen en te ziekelik om zulk 'n groot werk te aanvaarden. Maar het werd mij duidelik, als ik daar bleef, dan waren mijn dagen geteld en ik moest komen. En toen ik na 35 jaren de herderstaf moest neerleggen wegens hardhorigheid, ging ik van hier en gevoelde mij sterker, gezonder en jonger dan toen ik hier kwam.

Het getal K e r k e r a a d s l e d e n was in het begin klein en het dorp had slechts één diaken; maar het getal klom tot boven 40, waardoor de gemeente veel beter bezocht kon worden en in aanzien is toegenomen.

En in de tijd van 35 jaren mijner bediening zijn 35 Kerkeraadsleden gestorven. Vergun mij hunne namen te noemen. Ik heb behoefte er aan. Zij waren getrouwe kerkmannen, die veel tijd hebben besteed en zonder loon de belangen der gemeente hebben behartigd, en getrouw aan mijn zijde stonden. Hunne namen zijn **als volgt:**

Frederik Wolmarans.
Marthinus Prinsloo.
Achem Prinsloo, van Hogeveld.
Theunis Steyn.
Marthinus de Beer.
Gert Lindeque.
Hendrik Hattingh.
Hilgard Muller.
Thomas Louw.
Willie Klerk.
Erdzard Grimbeek.
Jacobus Retief.
Pieter Pretorius.
Wynand Opperman.
Gabriel Wolmarans.
Marthinus Wolmarans.
Hans Basson.
Hermanus Bosman.
Michiel Bosman.
Jurrie Dreyer.
Jan Malherbe.
Jan Prinsloo.
Barand Lindeque.
Piet Botha.
Abraham Espach.
Hans Visser.
Jan van Vuren.
Koen v. d. Berg, van Hogeveld.
Piet Pienaar.

Er waren er meer maar ik kan ze mij niet allen herinneren.

De gemeente was in het begin niet groot, maar werd van lieverlede tot bijna 2.000 lidmaten en zij werd de moeder van vele dochters en kleindochters.

En hierbij komt nog dit, dat wegens gebrek aan leraren, de gemeente van Potchefstroom als het ware de melkkoe werd van andere gemeenten.

Ds. v. d. Hoff stond acht jaren voor geheel Transvaal en moest meestal met ossewagens reizen van oord

tot oord, zodat hij lang niet het werk van de gemeente voldoende kon behartigen.

En ik zelf moest als leraar de volgende gemeenten bezoeken: Venterskroon, Wakkerstroom, Volksrust, Pretoria, Rustenburg, Zeerust, Lichtenburg, Ventersdorp, Klerksdorp, Makwassi, Bloemhof, Christiana en Stellaland, dertien gemeenten.

Natuurlik had ik niet nodig om al die gemeenten in dezelfde periode te bezoeken, maar toch verscheidene ervan in hetzelfde tijdperk, en sommigen vele jaren lang.

En aangezien er toen nog geen treinen of motorkarren waren, zo vereiste het twee weken om Nachtmaal te gaan houden in sommige van de verste gemeenten. Gevolgelik was het onmogelik om behoorlik huisbesoek te doen in deze gemeente en de Eerwaarde Kerkeraad nam een besluit om maar in de afdeling van ieder ouderling op één of meer plaatsen te laten kerkhouden.

De gemeente werd dus jaren lang maar kwalik bearbeid. En toch heeft zij mij in liefde verdragen en nadat ik de herderstaf moest neerleggen, zend zij mij nog maandelijks een geldelijke bijdrage van £5. En hoewel ik reeds jaren schriftelik kennis heb gegeven, dat ik die bijdragen niet meer verwacht, worden zij toch nog gezonden 9 jaren lang; hetwelk door mij zeer wordt geadmireerd, en een voorbeeld is voor vele andere gemeenten.

Doch deze gemeente heeft ook haar donkere dagen gehad. De tijd laat mij niet toe om uitvoerig er over te spreken; daarom herinner ik u slechts aan de droevige vrijheidsoorlogen van 1880 en '81 en die van 1899 tot 1902, alsook aan de pestilentie van 1918 waardoor de gemeente vele lidmaten heeft verloren; en aan de donkere tijd van kerkvereniging toen de gemeente op 1 na hare leraren en zeer vele leden heeft verloren en toen de strijd zo ver ging dat er bij het gerechtshof een interdikt werd gevraagd om deze kerk te sluiten, hetgeen een grote beroering veroorzaakte, omdat een interdikt gewoonlik wordt toegestaan totdat het bewezen kan worden aan wie het eigendom behoort. Doch gelukkig werd in dit geval het interdikt niet toegestaan.

Doch wij hadden in die tijd een grote zondagschool met vele onderwijzers en onderwijzeressen; maar de dag brak aan toen ik en mijn echtgenote in de kerk kwamen en er was niet meer één onderwijzer of onderwijzeres in de Zondagschool.

En dit zeg ik niet om te smalen of met minachting te spreken over hen, maar om te wijzen op het groot verlies van deze gemeente tijdens de vereniging.

Doch die donkere tijden gingen voorbij en vandaag geniet de gemeente het voorrecht om na 85 jaren met David (Ps. 143 : 5) te zeggen: Ik gedenk aan de dagen van ouds en stel deze dag als een gedenksteen met de inskriptie: Tot hiertoe heeft de Here geholpen. Zijn naam zij geloofd.

En als wij nu terugzien op die 85 jaren en denken aan al onze gebreken en daarbij aan de verdraagzaamheid en de trouwe zorg des Heren, hoezeer past het ons dan om stil te staan bij onze Ebenhaezer en God te loven!

Maar misschien vraagt iemand: Waar is uw gedenksteen. En dan wijzen wij op dit gebouw als onze gedenksteen. Het fondament werd gelegd in de naam des Heren en aan Hem werd het gebouw toegewijd en tot hiertoe gebruikt als een heiligdom der aanbidding.

En dit gebouw heeft voor ons meer waarde dan de gedenksteen van Samuel, al is die ook geboren in de worstelstrijd van water en vuur in ongekende en lang vervlogene eeuwen. En de eeuwigheid zal openbaren hoe velen hier als in Zion geboren zijn.

Van David lezen wij dat hij gezegd heeft: Ik zal Gods lof zelfs in den nacht zingen, daar ik hem verwacht; en hij heeft meer dan 80 psalmen geschreven om God te loven. En hoeveel meer voorrechten genieten wij onder het Nieuwe Verbond dan hij! En hoeveel meer behoren wij God te loven.

Ja, hij wilde dat al wat adem heeft God zal loven, maar 'n groot deel van de schepping is stom en de mens, als hogepriester, moet de behoefte gevoelen om God te loven. Aanmerkt de vogelen des hemels hoe zij op

hunne wijze de Here loven. Zij zijn de gelukkigste van alle dieren ; maar zij loven God ook boven allen. Velen van hen kunnen 2 of 3 noten fluiten of zingen ; maar zij loven de Heer en dat doen zij vooral wanneer zij in de vroege morgen de bomen en wouden veranderen in konsertzalen.

De kraai kan slechts krassen ; de duif kan slechts kirren ; de korhaan kan slechts trommelen ; de uil kan slechts weeklagen ; de tinkinki kan slechts schetteren ; de taukan kan slechts roepen piapoco en de kleinere vogelen kunnen slechts kwelen ; giggelen of tierelieren ; maar op hunne wijze loven zij de Here.

En ieder mens behoort te zijn een levend muziekinstrument om God te loven ; want wij hebben onze stemmen van God gekregen en wij genieten zeer veel van Hem ; en niet slechts door te bidden, maar ook te loven moeten wij in aanraking met God komen en voorbereid worden voor het lied der eeuwige dankbaarheid.

Vergun mij toch slechts een voorbeeld te noemen in het loven van God. Het is Jenny Lind. De Here heeft haar zulk een melodieuze en hemelse stem gegeven dat zij de betovering werd van tienduizenden ; van vorsten en prinsen ; van professoren en studenten ; van kunstenaars en kritici, en dat zij de naam kreeg van de Nachtegaal van Zweden.

Als zij in de schouwburg zou zingen dan was het gebouw van te voren reeds vol en het entoesiasme was zô geweldig dat zij meer dan 10 maal terug geroepen werd in één avond en dat zij bijna bedekt werd met bloemen die men haar toewierp.

En toch, vóór haar dertigste jaar nam zij afscheid van haar dramatiese loopbaan om in de kerken de lof des Heeren te zingen.

Vorsten en kunstenaars trachtten haar van haar voornemen af te krijgen. Men wees haar op grote rijkdom en roem die zij kon verkrijgen ; maar het was te vergeefs. Zij hield vol, dat zij haar stem van de Heer heeft gekregen en Zijn lof wilde zij zingen in de kerken.

En het is gebeurd dat zij in een vreemde kerk kwam, maar zodra er gezongen werd hoorde men dat zij er was en de mensen bleven stil om die hemelse stem te hooren.

T.H. wat zal het toch zijn om haar en andere prima donna's in de hemel te horen zingen in harmonie met de hemelse orkesten van kunstenaren. En wie weet hoe hoog wij allen daar zullen staan op de toonladder van muziek in het land der volmaaktheid.

Gez. 107 : 3. Laat ons saam met blijde klanken God danken.

Christenschaar, die ook van Hem
't Heil dat Hij mij deed erlangen
Hebt ontvangen ;
Looft den Heer met hart en stem,
Laat de dankbre vreugde galmen ;
Liederen en Psalmen
Stijgen naar den hoogsten troon,
Zingt ter ere u Gods Zoon.

T.H. als muziek hier reeds zulk een betovering kan hebben, hoe hoog zal zij ons niet opvoeren in de hemel !

Hier spreken wij van melodie, harmonie en symfonie, maar daar zullen wij eerst weten wat die woorden betekenen. Leer met David uw God te loven en bereid te worden vóór het te laat is.

Het gebeurde eens in Europa, dat iemand de kanker had in de tong en het werd zo erg dat de tong moest uitgesneden worden om zijn leven te redden. Maar toen de dokter gereed stond om het te doen, zeide hij : als u nog iets wil zeggen, doe het nu, want u zal nooit weer kunnen spreken. En de man riep slechts uit : Geloofd zij God.

O welk een voorbeeld voor ons om God te loven voor het te laat is. Iedere dag heeft zijn 12 uren en zo ook de dag van ons leven en wij moeten God loven voor de klok van ons leven zijn laatste klokslag slaat.

AMEN.

## REGISTER.

Archbell, J. 15.
Albertyn, Ds. P. K. 26, 28.

Badenhorst, L. 48.
Badenhorst, W. J. 29, 33, 46, 47, 48, 98.
Beetge, J. A. 33.
Begemann, Ds. A. J. 84, 91, 97.
Belkum, Ds. Jac. van 135—142.
Bezuidenhout, P. L. 126.
Bird, J. 19.
Bodenstein, D. J. 135.
Booysen, C., 33.
Boshof, N. J. 54.
Bosman, Ds. H. S. 135.
Bosman, H. S. L. 112.
Botha, D. 81.
Botha, E. H. 18.
Botha, P. J. 133.
Bothma, C. A. 29, 32.
Bothma, L. S. 33.
Brakel, W. A. 62.
Brand, C. J. 46.
Brandt, Ds. L. E. 141.
Breytenbach, J. H. 33.
Broekhuizen, Ds. H. van, 98, 99.
Bührmann, H. T. 23, 26, 51, 78.
Bührmann, J. R. 26.
Burger, J. J. 21—24.

Cachet, Ds. F. Lion 48, 99, 100.
Cilliers, Ch. 12.
Cloete, H. 19.
Coetzee, Ds. J. V. 67, 76, 85.

Deventer, Gert van 126.
Dingaan, 13.
Dreyer, Ass. gen. 79.
Dreyer, Eerw. A. 27, 29, 35.
Dreyer, Ds. J. G. M. 145.
D'Urban, Sir Benjamin 9.

Eloff, F. C. 17.
Engelbrecht, G. J. 126, 135.
Engelbrecht, Dr. S. P. 21, 22, 35, 50, 100, 119, 120.
Ennis, Ds. P. W. 141.
Evans, James 94.

Faure, Ds. A. 28, 35, 40—46, 48.
Faure, Ds. P. E. 28—30, 37.
Fick, Ds. M. L. 122—125, 128, 132—134.
Fleischack, A. R. 153.
Fourie, L. 33.
Furstenberg, J. P. 87.

Gerdener, Dr. G. B. A. 33, 54.
Glas, H. J. H. 126.
Glenelg, Lord 9.
Goddefroy, Ds. M. J. 135, 137, 141.
Goetz, M. 79, 81.
Greyling, P. J. 33.
Grimbeek, E. 84, 85.
Grimm, J. A. 86.
Grobler, H. M. 33.
Grobler, J. H. 14.
Grobler, N. 33.

Heyningen, Ds. P. A. C. van 91.
Heyns, Dr. S. P. 40—42, 48.
Hoff, Ds. D. van der 39—111, 113, 114.
Hoff, mevr. van der 138.
Hoffman, Pres. 49, 50.
Hofmeyr, Ds. A. J. L. 111.
Hofmeyr, Prof. N. J. 118.

Jacobs, D. F. 15, 17, 18, 29, 32, 34, 37.
Jacobs, M. C. 17.
Jacobs, P. D. 18.
Jooste, Ds. J. P. 40, 100, 101.
Joubert, C. J. 115, 135.
Joubert, F. G. 135.

Kalvyn, Joh. 7.
Koch, Jan, 69, 70.
Krige, Ds. W. A., 35.
Kruger, C. J. H. 14, 15, 29, 32.
Kruger, D. 22.
Kruger, G. J. 17, 36.

Kruger, L. J. 34.
Kruger, Steph. 72.
Kruger, S. J. P. 14, 55, 62, 66, 67, 135, 136, 137.

Lauts, Prof. U. G. 27, 39, 40, 77.
Leyds, Mevr. 117.
Leyds, Dr. W. J. 117, 118.
Liebenberg, B. 60, 87.
Linden, H. v. d. 78, 84, 86.
Lindeque, C. M. 19.
Lindeque, G. C. 133.
Lindley, Daniel, 77, 17—19.
Lombard Sr., H. S. 31, 33, 79, 81.
Lombard Jr., H. S. 87, 89.
Louw, Ds. A. A. 79.
Louw, P. J. 17.
Luther, Martin 7.

Makwana, 12.
Malan, Ds. F. S. 112.
Malan, J. H. 50.
Maree, G. S. 17, 19, 29.
Maritz, Gert 11, 13.
Martins, Ds. J. N. 119.
Martins, J. T. 126, 133.
Merwe, M. S. v. d. 18.
Mist, J. A. de 35.
Morkel, M. W. D. 94, 95, 96.
Moorrees, Ds. A. 11.
Mostert, Mej. A. 111.
Muller, Prof. Dr. P. J. 141.
Murray Sr., Ds. A. 26, 28, 32.
Murray Jr. Ds. A. 33, 36, 37, 42, 47, 49, 51, 53, 65, 98.
Murray, B. 133.
Murray, Ds. J. 33, 36.

Napier, Sir George, 10.
Neethling, C. L. 135.
Neethling, Ds. H. L. 135.
Neethling, Ds. J. H. 36, 37, 42, 79.

Pelster, A. 18.
Perold, J. S. 140.
Pienaar, B. 27.
Pienaar, P. 87.
Plessis, C. N. J. du 85.

Plessis, W. A. 17.
Poën, Ds. W. P. J. 145.
Postma, Ds. D. 65, 68—75, 77.
Potgieter, Dorothea 18.
Potgieter, Gertruida, 18.
Potgieter, Hendrik 9, 13, 15, 17, 18, 19, 21—26, 31, 54.
Potgieter, M. G. 108.
Preez, P. du 17, 19, 29.
Pretorius, A. W. J. 9, 14, 15, 18, 21, 24, 27, 37, 41, 43, 44, 46, 50, 51, 54, 55, 81.
Pretorius, Bart 36, 37.
Pretorius, M. W. 14, 24, 53—63, 78, 79, 81—85, 88, 95.
Prinsloo, J. P. 108, 133.
Prinsloo, N. P. 33.
Prinsloo, N. M. S. 126, 127, 128, 133, 135, 137.

Reid, Ds. 10.
Rensburg, J. S. J. v. 17.
Retief, P. 9, 12, 13, 17.
Robertson, Ds. W. 10, 28, 29, 30, 50.
Rosa, G. H. L. 54, 64.
Roux, C. M. 18.
Rykaard, M. C. 126.

Scheurkogel, A. 85, 86.
Schoeman, J. H. 17.
Schoeman, Steph. 79, 81.
Scholtz, G. 33.
Schreiber, H. C. 26.
Schubart, A. F. 84.
Schutte, J. F. 29.
Schutte, Ph. J. W. 73.
Secheel, 46.
Silkaats, 12, 13, 23.
Smellekamp, J. A. 21, 22—26, 51.
Smit, A. A. 95, 96.
Smit, Erasmus 11, 17.
Smit, F. A. 133.
Smit, Ds. P. J. 17, 21.
Smith, Sir Harry, 27, 28, 29, 32, 35, 46.
Smits, Ds. G. W. 91, 97, 108.
Smuts, J. C. 118.
Smuts, J. J. H. 40, 41, 42.
Snyman, Ph. 44, 46, 67, 68.
Spies, B. J. 33.
Spruyt, J. W. 78.

Spyker, Ds. J. 40, 41, 42, 48.
Staden, A. J. van 19.
Staden, H. M. van 19.
Staden, J. J. van 108.
Staden, P. J. van 17, 18, 29, 32.
Steyn, J. C. 76, 77.
Steyn, J. J. 133.
Steyn, T. F. J. 133.
Strydom, P. F. 14, 17, 19, 32.
Stuart, J. 25, 37.

Taylor, Ds. 11.
Toit, Ds. A. F. du 111.
Toit, Ds. C. W. du 96, 111—145.
Toit, Ds. F. S. du 141.
Toit, Ds. H. J. L. du 115, 135.
Toit, Dr. J. D. du 76.
Toit, R. P. du 17.
Trichardt, L. 12.

Uys, B. 87.
Uys, P. L. 13.

Velden, Ds. D. van 47—51, 65, 98.
Venter, J. J. 65.
Venter, P. A. 68.
Vermaas, B. J. 135.
Vermooten. Ds. S. 145.
Viljoen, C. J. 33.
Viljoen, Jan 76.
Viljoen, S. P. 17, 19, 29, 32, 33, 34, 91.
Viljoen, Ds. S. P. 19.
Visage, J. H. 81, 85.
Visser, H. C. 126.
Visser, H. J. 110, 128, 132, 133, 135.

Warmelo, Ds. N. J. van 91, 97, 100, 104, 108, 110, 113, 115, 119, 120, 135, 136.
Weilbach, D. J. 135.
Willem I, Koning 25.
Wolmarans, A. B. 135.
Wolmarans, A. D. W. 18, 119, 126, 127, 133, 135, 136.
Wolmarans, F. G. 17, 18, 29, 32, 33, 41, 45, 60, 62, 75, 91.
Wolmarans Jr., F. G. 87.
Wolmarans, Dr. H. P. 18.

Wolmarans, J. J. H. 126.
Wolmarans, M. J. 126, 128, 133.
Wolmarans, Ds. W. 18.
Wypkema, Dr. A. 77.

---

W.-P.—32250